Die Universiteit van die Witwatersrand is die enigste Universiteit in Suid-Afrika wat Graadkursse aanbied in:—

MYNWESE (Goud en Steenkool)
METALLURGIE (Metaalkunde)
MYN-GEOLOGIE
TANDHEELKUNDE

Graadkursusse word ook aangebied in die volgende Fakulteite:—

LETTERE
NATUURWETENSKAPPE
MEDISYNE
INGENIEURSWESE
HANDEL
REGSGELEERDHEID
BOUKUNDE

asook verskeie Diplomakursusse.

Voorlopige aansoek om toelating tot die Universiteit moet gedoen word voor 15 Desember. Die nodige aansoekvorm is verkrygbaar van die Registrateur.

VIR INLIGTING SKRYF AAN:
DIE REGISTRATEUR,
MILNER PARK, JOHANNESBURG

ALMANAK

VAN DIE

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika

1950

REDAKSIE:
Prof. Dr. S. P. ENGELBRECHT,
Hoof-Redakteur.
Ds. J. J. PRINSLOO, G.sn.
Prof. Dr. A. VAN SELMS
en
Mnr. J. H. H. JANSON,
Redakteur van Statistieke.

44ste JAARGANG

„Ou Vriende bly maar die beste"

As u dus 'n motor of 'n onderdeel nodig het, skryf of gaan dan na —

HAAK SE GARAGES BPK.

(Opgerig in 1901)

H/v. BOSMAN- en PRETORIUSSTRAAT
Foon: 2-4817
PRETORIA

24 SAUER- en 19 SIMMONDSSTRAAT
Foon: 33-2334
JOHANNESBURG



Ons spesialiseer in die regmaak van enige soort kar of trok, insluitende die verwyder van deuke uit modderskerms, spuitverf, maak van tente, kussings, ens.

Alleen verteenwoordigers vir die welbekende

NASH

en

SKODA

KARRE, VRAGMOTORS EN ONDERDELE

Probeer ons Motorkerkhof vir Gebruikte Asse, Wiele, Donkiemobiele, Sleepwaens, ens.

Die tye van sonop- en ondergang wat in die Almanak aangegee word is op die Standaard-Meridiaan (30 grade) en breedtegraad -26 grade. Dit is bereken vir 26 grade Suid, wat ooreenkom met 'n lyn wat *deur* Lourenco Marques en halfpad tussen Pretoria en Johannesburg loop. Die standaard-meridiaan (30 grade) loop naasteby deur Ermelo. Vier minute moet toegevoeg word vir elke graad wat 'n plek ten weste van 30 grade geleë is, en 4 minute afgetrek word vir elke graad wat dit ten ooste van 30 grade lê.

KERKLIKE EN ANDER GEDENKDAE IN 1950.

Nuwejaarsdag	Sondag, 1 Januarie
Eerste Lydensweek	Sondag, 19 Februarie
Tweede Lydensweek	Sondag, 26 Februarie
Derde Lydensweek	Sondag, 5 Maart
Vierde Lydensweek	Sondag, 12 Maart
Vyfde Lydensweek	Sondag, 19 Maart
Sesde Lydensweek	Sondag, 26 Maart
Sewende Lydensweek	Sondag 2 April
Goeie Vrydag	Vrydag, 7 April
Paasdag (tewens biddag vir die oes)	Sondag, 9 April
Tweede Paasdag	Maandag, 10 April
Hemelvaartsdag	Donderdag, 18 Mei
Ryksdag	Woensdag, 24 Mei
Pinksterdag	Sondag, 28 Mei
Uniedag	Woensdag, 31 Mei
Drieëenheidssondag	Sondag, 4 Junie
Koningsverjaardag	Dinsdag, 1 Augustus
Boomplantdag	Maandag, 2 Oktober
Dankdag vir die oes	Sondag, 8 Oktober
Krugerdag	Dinsdag, 10 Oktober
Hervormingsdag	Dinsdag, 31 Oktober
Eerste Adventsweek	Sondag, 3 Desember
Tweede Adventsweek	Sondag, 10 Desember
Voortrekkerdag	Saterdag 16 Desember
Derde Adventsweek	Sondag, 17 Desember
Vierde Adventsweek	Sondag, 24 Desember
Eerste Kersdag	Maandag, 25 Desember
Tweede Kersdag	Dinsdag, 26 Desember
Oujaarsdag	Sondag, 31 Desember

VERDUISTERINGS — 1950

1. Ringvormige Sonsverduistering, 18 Maart. Van die Unie sigbaar soos 'n klein gedeeltelike verduistering, kort voor sononder.
2. Totale Maansverduistering, 2-3 April. Begin 8.09 nm., eindig 1.19 vm.
3. Totale Sonsverduistering, 12 September. Nie in die Unie waarneembaar nie.
4. Totale Maansverduistering, 26 September. Begin 3.20 vm. Maan gaan onder: Johannesburg, 5.55 vm. en Kaapstad, 6.33 vm.

JAARGETYE

Najaar 21 Maart.
Winter 22 Junie.
Lente 23 September.
Somer 22 Desember.

DIE MARIE MARAIS SPESIALE SKOOL

sorg vir verstandelik-vertraagde kinders. Dis die enigste Christelik-Protestantse inrigting vir dié minder-bevoorregte kinders in ons land.

BID VIR DIE WERK, ONDERSTEUN DIE WERK!

Stuur bydraes, geld en goedere, aan die Bestuurder, Marie Marais Spesiale Skool, Hoofweg, Wynberg (Kaap).

NEUSKATAR EN SINUSKWAAL

. . . Snuif Hulle Weg . . .

DIE sinusse is holtes in die gesig en kop. Verskeie van hierdie holtes is regstreeks met die neus in verbinding. Neuskatar is al swaar genoeg maar wanneer 'n sinus verstop en besmet met kieme raak, word dinge ernstig.

Frontale sinusaandoening veroorsaak hewige hoofpyn. Die sinus (holte) kan geledig word deur 'n kop-operasie bokant die oog en agter die winkbroue, maar dit is 'n ernstige saak.

Dis altyd die beste om Sinusaandoening te verhoed en Neuskatar te genees deur Vry-asem-Snuif te gebruik. Hierdie snuif hou die neuspypies oop. Dis belangrik om nooit olierige neusdruppels te gebruik nie.



VRY-ASEM-SNUIF is verkrygbaar in 3 groottes teen 2/-, 2/9, en 3/6 by alle aptekers of posvry van Norwood Coaker, Posbus 89, Ladybrand.

SINUSSE VAN DIE HOOF.

(1) Mastoidalis — agter die oor.
(2) Frontalis—agter die winkbroue.
(3) Ethnoidalis — hoek van oog en neus.
(4) Antrum — tussen neus en kiesbeen.

INHOUD.

	Bls.
Fees- en Vakansiedae	3
Voorberig	7
Historiese Kalender	9
Rede met „Burgemeester-Sondag" — Ds. Joh. Dreyer	32
Die Eeufeeskerk van Rustenburg — Prof. Dr. S. P. Engelbrecht	41
Die Vernuwing van die Hervormde Kerk in Nederland — Ds. H. C. Touw	45
Hervormde Kerke van Hendrik Vermooten — Prof. Dr. S. P. Engelbrecht	59
Toeligting by die Kerklike Jaarkring en ander Gedenkdae — Prof. Dr. A. van Selms	65
Ring van Suidwes-Afrika	70
Hervormde Kerk van Johannes Neethling — Prof. Dr. S. P. Engelbrecht	71
Jacobus Abraham Marais en Eggenote	78
Die Geloftekerk — Prof. Dr. S. P. Engelbrecht	79
Professore en Teologiese Studente, 1949	103
Die Gebruik van die Eed — Ds. S. E. Young	104
Die Graf van Ds. P. van Drimmelen	108
Pinksterdienste of Bidure — Ds. J. J. Prinsloo G.sn.	109
De Zuid-Afrikaanse Kerken en de Nederl. Hervormde Kerk te Londen — Ds. R. H. van Apeldoorn	115
Lewend en tog Dood — Ds. F. van Oosten	120
Vollenhove se Kruistriomf — Prof. Dr. A. van Selms	123
Die Ned. Herv. Kerk van Afrika	133
Kaapse Predikante voor 1814	135
Vroeër Predikante sedert 1853	137
Diensdoende Predikante op 31 Oktober 1946	138
Teologiese Fakulteit, Pretoria, Afdeling A	141
Ringe en Gemeentes	141
Ned. Herv. Sustersvereniging	201
Inhoudsopgawe — Gemeentelike Statistiek	205

NEDERLANDSCHE BANK VOOR ZUID-AFRIKA

(Geregistreerde Handelsbank)

Hoofkantoor in Suid-Afrika:

PRETORIA

Takke in alle belangrike sentra van die Unie

Kantore in Europa:

AMSTERDAM **LONDEN** **HAMBURG**

Gevestig in Suid-Afrika as Internasionale en Handelsbank vir meer as 60 jare.

VOORBERIG.

Soos alle jare bring die Redaksie van die Almanak langs hierdie weg aan die hele Nederduitsch Hervormde Kerk 'n groet! Die Almanak het 'n plek in onse huise gekry, en dit doen die Redaksie genoeë dat die gemeentelede ieder jaar so met ongeduld die verskyning afwag. Die Almanak het ook sy deel bygedra tot die bloei van die Kerk, en ieder jaar as ons die voorberig skryf, dink ons met dankbaarheid aan wyle ds. van Belkum wat in 1907 daarmee begin het, en jare lank die Redakteur was.

Daar is verskillende tekens van vooruitgang in die Kerk, ook op geestelik gebied. Die Kerk begin meer en meer verstaan dat dit 'n roeping het ook teenoor die wêreld. Baie ongewenste spanninge is gebreek, waar ons God voor dank.

Sy vrede op ons alger en in ons alger!

S. P. ENGELBRECHT.

15 *Desember* 1949.

Dis ons Taak- -

om u van 'n aangename reis te verseker!

Hoe u ook al wens te reis staan die S.A.S. tot u diens om u reis genotvol te maak.
Dis tog maar aangenaam om op reis te gaan — vir sake of vir plesier, in Suid-Afrika of na oorsee — met die gerusstelling dat alles vir u gerief op elke stadium van die reis bespreek en gereël is.
Laat maar gerus al die besonderhede aan die Suid-Afrikaanse Spoorweë se Toeristeburo oor. Ons besorg end-uit alles vir u en u kan maar behaaglik en in volslae gemoedsrus u toertjie sit en geniet.

GESELS MAAR MET U NAASTE TOERISTEBURO OF STASIEMEESTER.

S·A·S TOERISTEBURO

Slaaploosheid

(Sonder pyn)

DAAR is twee hoof-oorsake vir Slaaploosheid (1) Pyn (2) Gewoonte Slaaploosheid veroorsaak deur die Senuwees. Daar bestaan geen beter middel vir laasgenoemde dan Somnex wat sterk aangeraai word vir Kroniese Slaaploosheid. Somnex is skadeloos en bring vaste, normale, droomlose slaap aan — dit kos 2/9 by alle aptekers.

PYN tree binne

Waar pyn die oorsaak van slaaploosheid is moet 'n middel gebruik word om die pyn stop te sit en slaap aan te bring. Mag-Aspirin is die ideale middel. Daar is natuurlik grade of trappe van pyn en Mag-Aspirin word aanbeveel in die volgende: Na - operasiepyne, senuweeagtige hoofpyn, vroulike ongesteldhede, seerkeel, rugpyn, drukkende pyn in die agterkop, liggaamspyne van griep, ens.

Mag-Aspirin kos 1/11 by alle aptekers en medisyneverkopers, of posvry van Norwood Coaker, Posbus 89, Ladybrand.

JANUARIE, 31 DAE.

Dag van die Week.	Dag van die Maand.	MAANSVERANDERINGS. Volle Maan, 4de, 9.48 vm. Laaste Kwartier, 11de, 12.31 nm. Nuwe Maan, 18de, 9.59 vm. Eerste Kwartier, 26ste, 6.39 vm.	Sons opg. vm.	Sons ond. nm.
S	1	Verskyning van die Almanak, 1907.	5 18	7 03
M	2	Oorgawe van Jameson, 1896.	5 19	7 03
D	3	Ds. P. J. L. Bierman op Gwelo geordend, 1937.	5 19	7 03
W	4	Kommando teen Dingaan, 1840.	5 20	7 03
D	5		5 21	7 04
V	6	Inswering van Pres. M. W. Pretorius, 1857. Die Vierkleur te Potchefstroom gehys, 1857.	5 22	7 04
S	7	Ds. L. E. Brandt te Niezijl geordend, 1901. Ds. H. W. Grey te Newlands geordend, 1939.	5 23	7 04
S	8	Dr. J. J. Strydom op Zwartruggens geordend, 1932. Ds. J. G. M. Dreyer te Potchefstroom bevestig, 1938.	5 23	7 04
M	9	Ds. D. P. Ackerman te Wakkerstroom bevestig, 1875. Ds. P. v. Drimmelen te Pietersburg bevestig, 1915. Ds. S. Vermooten te Pretoria bevestig, 1926.	5 24	7 04
D	10	Stigting van die Gereformeerde Kerk, 1859.	5 25	7 04
W	11	Ds. A. J. Barger te Bovensmilde geordend, 1914.	5 26	7 04
D	12	Ds. J. J. Kuhn te Zwartruggens bevestig, 1916.	5 26	7 04
V	13		5 19	6 58
S	14	Die Kerk van Wolmaransstad ingewy, 1911.	5 28	7 04
S	15		5 28	7 04
M	16		5 29	7 04
D	17	Sandrivier Konvensie, 1852. Ds. P. J. J. Venter te Klerksdorp bevestig, 1930.	5 30	7 04
W	18	Ds. J. J. Engelbrecht te Zwartruggens bevestig, 1941. Eerste Gekomb, Kerkverg. aan die Kaap gehou, 1746.	5 30	7 04
D	19	Die Kaap 'n Engelse Kolonie, 1815.	5 31	7 03
V	20	Generaal P. J. Joubert gebore, 1831.	5 25	6 57
S	21	Die Gemeente Rustenburg gestig, 1850. Dr. H. C. M. Fourie te Erasmus geordend, 1911.	5 33	7 03
S	22	Dr. C. H. Rautenbach te Erasmus geordend, 1927. Ds. A. Brandt te Rensburgrust bevestig, 1938.	5 33	7 03
M	23	Slag by Spioenkop, 1900.	5 34	7 03
D	24	Ds. J. J. Prinsloo te Krugersdorp bevestig, 1920.	5 35	7 03
W	25		5 35	7 03
D	26		5 36	7 02
V	27	Ds. A. J. Begemann te Pretoria bevestig, 1861.	5 37	7 02
S	28	Slag van Laingsnek, 1881.	5 38	7 02
S	29	Ds. A. J. Barger te Oos-Londen bevestig, 1938.	5 38	7 02
M	30	Die Holl. taal in die Kaapse Geregshowe belet, 1824.	5 39	7 01
D	31		5 40	7 01

Nuwe Pyp Orrels

VIR

Kerk en Skool

Meer dan 260 nuwe orrels is gelewer dwarsdeur die Unie

Onlangse installerings of bestellings in hande vir:

RUSTENBURG	N. H. KERK
DURBAN	N. H. KERK
KLERKSDORP	N. H. KERK
PIETERSBURG	N. H. KERK
WITBANK	N. H. KERK
KWAGGAPOORT	N. G. KERK
DELMAS	N. G. KERK
BRIXTON	N. G. KERK
MALVERN	N. G. KERK
PETRUSSTEYN	N. G. KERK
VILJOENSKROON	N. G. KERK

HERBOUINGS HERSTELLINGS ONDERHOUD

Nuwe orrelparte word nou vervaardig in ons eie fabrieke in JOHANNESBURG en KAAPSTAD

KERK „ACOUSTICON"
vir die Dowes

„Nou kan ek elke woord hoor"

KERKKLOKKE
In alle groottes
Van suiwer koper en tin

COOPER, GILL & TOMKINS
(Edms.), Bpk.

JOHANNESBURG: Stalbstraat 33.
KAAPSTAD: Langmarkstraat 162.
OOK TE DURBAN EN PORT ELIZABETH

FEBRUARIE, 28 DAE.

MAANSVERANDERINGS.

Volle Maan, 3de, 12.16 vm.
Laaste Kwartier, 9de, 8.32 nm.
Nuwe Maan, 17de, 12.53 vm.
Eerste Kwartier, 25ste, 3.52 vm.

Dag van die Week.	Dag van die Maand.		Sons opg. vm.	Sons ond. nm.
W	1	Die Kerk van Eendracht ingewy, 1919.	5 41	7 00
D	2	Ds. D. J. v. Staden op Newlands geoorden, 1936.	5 42	7 00
V	3	Generaal C. de Wet oorlede, 1922. Ds. D. J. v. Staden te Randpoort bevestig, 1940. Ds. A. Lagerwey op Heidelberg bevestig, 1895.	5 43	6 59
S	4	Retief-Dingaan-traktaat onderteken, 1838.	5 44	6 58
S	5	Dr. H. P. Wolmarans te Pietersburg bevestig, 1927. Die Kerk van Heilbron ingewy, 1916.	5 44	6 58
M	6	Ds. J. J. Kuhn oorlede, 1937.	5 45	6 57
D	7		5 46	6 57
W	8	Ds. C. H. v. H. Steenekamp te Zeerust bevestig, 1936.	5 47	6 56
D	9	Ds. F. J. Z. Booysen op Wolmaransstad bevestig, 1935.	5 47	6 55
V	10	Generaal de Wet trek Kaapkolonie binne, 1901.	5 48	6 55
S	11	Ds. M. J. Goddefroy te Lage-Zwaluwe geoorden, 1877.	5 49	6 54
S	12	Ds. C. W. du Toit oorlede, 1932.	5 49	6 53
M	13	Grondwet van die S.A. Republiek aangeneem, 1858.	5 50	6 52
D	14	Stigting van die Republiek Natal, 1840. Ds. G. J. Roos te Pietersburg geoorden, 1942; bevestig te Duiwelskloof, 1943.	5 51	6 52
W	15		5 52	6 51
D	16	Ds. L. E. Brandt te Johannesburg bevestig, 1908.	5 52	6 50
V	17	Voortrekkerslaer by Moordspruit uitgemoor, 1838.	5 53	6 49
S	18	Martin Luther oorlede, 1546.	5 54	6 48
S	19		5 54	6 48
M	20	Die Gemeente Ventersdorp gestig, 1892.	5 55	6 47
D	21	Holland herneem besit van die Kaap, 1803.	5 56	6 46
W	22	Die eerste Kerk van Pretoria ingewy, 1857. Ds. P. Smit te Losberg geoorden, 1930.	5 56	6 45
D	23	Die Vierkleur te Pretoria gehys, 1857. Eerste Kerkraad Herv. Gem. Potchefstroom benoem, 1842.	5 57	6 45
V	24	Die Kerk van Potchefstroom ingewy, 1866.	5 58	6 44
S	25	Ds. Jac. v. Belkum te Varik geoorden, 1877. Die Kerk van Pretoria ingewy, 1905.	5 59	6 43
S	26		5 59	6 42
M	27	Amajuba 1881. Die Gem. Johannesburg gestig, 1895. Ds. W. J. Kemp op Louis Trichardt geoorden, 1932.	5 52	6 33
D	28	Ds. P. W. v. Drimmelen in Humpata oorlede, 1919.	6 00	6 41

SENUWEE-INSTORTING

VREES VIR KRANKSINNIGHEID
VERLORE SELFVERTROUE
SLAAPLOOSHEID

Senuwee-instorting is gewoonlik die gevolg van maandelange kommer, slaaploosheid en prikkelbaarheid. Senugifstowwe vergaar op die senuwees en word weer weggevoer deur die bloedstroom sodra die gesondheid beter word. Die Dr. Heinz Senuweeversterker is ongeewenaard in die behandeling van senuwee-instorting, aangesien dit die senugestel kalmeer, versterk en die senugifstowwe verwyder.

VREES VIR KRANKSINNIGHEID.

„Vir die afgelope 4 jaar was ek 'n slagoffer van Senuwees en het 'n vreeslike tyd moes deurmaak. Dikwels was ek oortuig daarvan dat ek van my verstand af raak. Ek het toe besluit om Dr. Heinz Senuwee Versterker te probeer, en het al baie beter gevoel nadat ek vir slegs 'n paar dae gebruik het. Ek het nou my derde bottel uitgebruik en voel heeltemal 'n nuwe mens. Ek eet en slaap goed waar ek eers geen eetlus gehad het en byna nooit kon slaap nie."—Mej. S. Diamond, Bloemfontein (Geval 865) Die Dr. Heinz Senuwee Versterker is verkrygbaar by alle aptekers in vloeibare sowel as tabletvorm teen 6/- per bottel.

DR. HEINZ SENUWEE VERSTERKER

VRUGTEBOME

Alle soorte in volmaakte toestand. Elke boom deur deskundiges verpak. Appels, Pere, Pruime, Kaalperskes, Appelkose, Perskes, Suurlemoene, Lemoene, Olywe, Okkerneute, Wingerdstokke, Vye, Kwepers, ens. Meer as 50 jaar ondervinding agter elke boom.

Stuur vandag u naam en adres om gratis katalogus en pryslys.

PICKSTONE

SIMONDIUM KAAP

MAART, 31 DAE.

Dag van die Week.	Dag van die Maand.	MAANSVERANDERINGS. Volle Maan, 4de, 12.34 nm. Laaste Kwartier, 11de, 4.38 vm. Nuwe Maan, 18de, 5.20 nm. Eerste Kwartier, 26ste, 10.09 nm.	Sons opg. vm.	Sons ond. nm.
W	1	Ds. J. J. Prinsloo, Gz., te Johannesburg geordeen, 1930.	6 01	6 39
D	2		6 02	6 39
V	3		6 03	6 37
S	4	Inswering van President Steyn, 1896.	6 03	6 36
S	5	Hoeksteen van die Kerk van Ermelo gelê, 1910.	6 04	6 35
M	6	Die Gemeente Oos-Londen gestig, 1937.	6 05	6 34
D	7	Ds. P. W. van Drimmelen te Zeerust geordeen, 1907.	6 05	6 33
W	8		6 06	6 32
D	9	Slagtersnek, 1816.	6 06	6 31
V	10	Ds. P. W. Venter op Durban bevestig, 1935.	6 07	6 30
S	11	Lydenburg skei af, 1857.	6 07	6 29
S	12	Oudl. A. H. Klazinga van Lichtenburg oorlede, 1920.	6 08	6 29
M	13	Ds. J. J. Engelbrecht op Louis Trichardt geordeen, 1937.	6 08	6 28
D	14		6 09	6 27
W	15		6 09	6 26
D	16		6 09	6 25
V	17		6 10	6 24
S	18	Sandrivier Konvensie op Rustenburg bekragtig, 1852.	6 10	6 23
S	19		6 11	6 22
M	20	Ouderl. A. Rocher van Ventersdorp oorlede, 1912. Die Gemeente Bloemfontein-Noord gestig, 1937.	6 11	6 20
D	21	Ds. A. J. G. Oosthuizen te Germiston geordeen, 1924.	6 12	6 19
W	22	Ds. H. J. Geyser te Roodepoort geordeen, 1940.	6 12	6 18
D	23	Afkondiging van die vrede op Pretoria, 1881.	6 13	6 17
V	24		6 13	6 16
S	25	Ds. A. Brandt op Johannesburg geordeen, 1936. Die Kerk te Potgietersrust ingewy, 1924.	6 14	6 15
S	26	Ds. M. J. Goddefroy te Middelburg bevestig, 1905. Eerste Kerkviering Herv. Gem. Potchefstroom, 1942.	6 14	6 14
M	27	Generaal P. J. Joubert oorlede, 1900. Ds. W. M. Wolmarans op Dullstroom geordeen, 1937.	6 14	6 12
D	28	Die Kerk van Ventersdorp ingewy, 1913.	6 15	6 10
W	29	Ds. Jac. P. van den Berg te Nylstroom bevestig, 1930.	6 15	6 10
D	30	Hoeksteen van Kerk te Johannesburg gelê, 1935.	6 16	6 09
V	31	Ds. J. D. Storm op Zwartruggens geordeen, 1934.	6 16	5 08



'n Tjek is veiliger!

Dit is nie net ongerieflik om geldelike vereffenings of oorbetalings in kontant te doen nie—dit kan ook verliese meebring.

Vermy sulke ongerief, beslommernis en verliese deur by oorbetalings liewer van die veilige en gerieflike TJEK gebruik te maak. Spreek die naaste takbestuurder van Volkskas.

ARBEIDSAAMHEID

VOLKSKAS

BEPERK (Geregistreerde Handelsbank)
HOOFKANTOOR: PRETORIA
New York Agente: Chemical Bank & Trust Co.
Londen Agente: Lloyds Bank Limited

APRIL, 30 DAE.

Dag van die Week.	Dag van die Maand.	MAANSVERANDERINGS. Volle Maan, 2de, 10.49 nm. Laaste Kwartier, 9de, 1.42 nm. Nuwe Maan, 17de, 10.25 vm. Eerste Kwartier, 25ste, 12.40 nm.	Sons opg. vm.	Sons ond. nm.
S	1	Stigting Teologiese Fakulteit te Pretoria, 1917. Dr. J. H. Greyvenstein Hoogl. te Pretoria, 1917. Dr. S. P. Engelbrecht Hoogl. te Pretoria, 1921.	6 17	6 07
S	2	Ds. W. P. J. Poën te Potchefstroom, bevestig, 1926. Ds. D. J. van Staden te Delarey bevestig, 1938. Ds. W. van Bergen te Volksrust georden, 1939.	6 17	5 06
M	3		6 18	6 05
D	4		6 18	6 04
W	5		6 18	6 03
D	6	Aank. van Riebeeck in Tafelbaai 1652; Gemeente Chrissiesmeer gest., 1892.	6 19	6 02
V	7	Die Kerk van Nylstroom ingewy, 1922.	6 19	6 01
S	8	Ds. L. E. Brandt te Pietersburg bevestig, 1904.	6 20	6 00
S	9	Ds. P. W. A. Bierman te Makwassie georden, 1938. Ds. C. H. Muller te Pietersburg georden, 1938. Ds. P. J. Booysen te Zwartruggens georden, 1938.	6 20	5 59
M	10	Ds. J. J. Prinsloo te Standerton bevestig, 1919.	6 21	5 58
D	11	Die Kerk van Bronkhorstspruit ingewy, 1913.	6 21	5 57
W	12	Die eerste Anneksasie van Transvaal, 1877.	6 22	5 56
D	13	Oud. M. J. Prinsloo van Witfontein oorlede, 1892.	6 22	5 55
V	14	Ds. P. W. Venter te Volksrust georden, 1929.	6 23	5 54
S	15	Hoeksteen van die ou Kerk van Ventersdorp gelê, 1893.	6 23	5 53
S	16	Ds. A. J. Nolte te Middelburg georden, 1938. Ds. J. D. Storm te Wolmaransstad bevestig, 1938.	6 24	5 53
M	17	Ds. M. J. Goddefroy emeritus, 1917.	6 24	5 52
D	18	Die eerste Kerk van Potchefstroom ingewy, 1851.	6 25	5 51
W	19	Ds. T. F. J. Dreyer te Standerton georden, 1924. Ds. J. P. Labuschagne te Witpoort georden 1940.	6 25	5 50
D	20	Hoekst. van die Kerk op Chrissiesmeer gelê, 1892. Ds. G. W. Smits te Rustenburg bevestig, 1861.	6 26	5 49
V	21	Ds. N. J. van Warmelo oorlede, 1892. Ds. W. J. Kemp bevestig te Nylstroom, 1936. Eerste Kerk van Middelburg ingewy, 1876. Ds. S. J. Strydom te Makwassie bevestig, 1919.	6 26	5 48
S	22	Ds. J. J. Prinsloo te Rustenburg bevestig, 1922. Ds. F. J. Z. Booysen te Trichardsfntn. georden, '32	6 27	5 47
S	23	Die Kerkraad Witfontein wil nie verenig nie, 1886. Ds. J. C. du Plessis op Germiston georden, 1937.	6 27	5 47
M	24	Oud F. G. Wolmarans van Potchefstroom oorlede, 1872.	6 28	5 46
D	25	Protes van die Hervormers te Spiers, 1529—vandaar Protestante.	6 28	5 45
W	26	Eerste Kerk van Rustenburg ingewy, 1851. Gemeente Wolmaransstad gestig, 1892.	6 29	5 44
D	27		6 29	5 43
V	28	Ds. J. P. v. d. Berg te Makwassie bevestig, 1934.	6 30	5 42
S	29	Tweede Dorsland-trek, 1875.	6 30	5 41
S	30	Koningin Juliana van Nederland gebore, 1909.	6 31	5 40

ROOS?

gebruik

„MERVANDER ROOS SALF"

Vir Alle HUID en VEL KWALE 3/6 en 6/6 Posvry

SENUWEES?

„SENUMERWE"

Die Beroemde Senuwee Versterker 5/6 en 10/6 Posvry

VERGEET OOK NIE

BABA SUUR POEIERS	**1/6 en 2/6**
RUMATIMERWE	**8/6 en 15/6**
HOOFPYN POEIERS	**1/6 en 2/6**
en AMBEIE MIDDELS	**3/6 en 5/–**

Almal opgemaak volgens die Reseppe van wyle
DR. W. J. VAN DER MERWE

Al die Medisyne is verkrybaar van

E. J. ADCOCK, BPK.

APTEKERS

Posbus 198 **KRUGERSDORP**

Skryf aan ons vir al u benodighede

BLINDEDERMONTSTEKING

DIE DR. MULLERS-BLINDEDERMMIDDEL.



TYDENS die afgelope kwarteeu het die Dr. Mullers-Blindedermmiddel vrywel honderde lewens gered. Dit het duisende lyers in staat gestel om die doktersmes vry te spring. Hierdie middel het dit moontlik gemaak dat blindedermlyers deesdae 'n deskundige behandeling kan ondergaan teen geringe koste.

KENTEKENS.

(1) Pyn in die regtersy.
(2) Aangepakte Tong.
(3) 'n Temperatuur (koors) tussen 100 en 102 grade.
(4) Hardwording van die Maagwande.

Die DR. MULLERS-BLINDEDERMMIDDEL is verkrygbaar by aptekers teen 5/6 per bottel of posvry van Norwood Coaker, Posbus 89, Ladybrand.

MEI, 31 DAE.

Dag van die Week.	Dag van die Maand.	MAANSVERANDERINGS. Volle Maan, 2de, 7.19 vm. Laaste Kwartier, 9de, 12.32 vm. Nuwe Maan, 17de, 2.54 vm. Eerste Kwartier, 25ste, 11.28 nm. Volle Maan, 31ste, 2.43 nm.	Sons opg. vm.	Sons ond. nm.
M	1	Die Gemeente van Ermelo gestig, 1909.	6 31	5 40
D	2	Hollands in Kaapse Parlement toegelaat, 1882. Ds. G. P. J. Grobler op Potgietersrust bevestig, 1936.	6 32	5 39
W	3	Dr. J. H. Greyvenstein te Pretoria bevestig, 1914. Ds. J. G. M. Dreyer te Dullstroom bevestig, 1924.	6 32	5 38
D	4	Ds. A. R. Smit Hulpprediker te Pretoria, 1929.	6 33	5 37
V	5	Ds. A. J. Barger te Johannesburg bevestig, 1918. Ds. A. J. Barger oorlede, 1940.	6 33	5 36
S	6	Dr. H. P. Wolmarans op Boksburg bevestig, 1937.	6 34	5 36
S	7	Ds. G. W. Smits in Den Haag georden, 1860. Ds. J. J. Kuhn te Krugersdorp bevestig, 1909.	6 34	5 35
M	8	Prof. Dr. P. J. Muller te Pretoria bevestig, 1904. Die Gemeente Memel gestig, 1915. Ds. L. M. le Roux te Turffontein bevestig, 1943.	6 35	5 34
D	9	Stigting van die Gemeente Zoekmekaar, 1931. Ds. P. W. Venter bevestig te Krugersdorp, 1943. Paul Kruger ingesweer as Staatspresident, 1883.	6 35	5 33
W	10	Duitsland val Holland in, 1940.	6 36	5 33
D	11	Die Kerk van Witbank ingewy, 1929.	6 36	5 32
V	12	Eerste Avondmaalsviering aan die Kaap, 1652.	6 37	5 32
S	13		6 38	5 31
S	14		6 38	5 31
M	15	„Die Hervormer" verskyn, 1909. Die Gemeente Schweizer-Reneke gestig, 1925.	6 39	5 30
D	16	Gemeente Losberg gestig, 1925.	6 39	5 30
W	17		6 40	5 29
D	18		6 40	5 29
V	19		6 41	5 28
S	20	Inwyding van die Kerk van Delmas, 1933.	6 41	5 27
S	21	Ds. G. E. Alers te Germiston bevestig, 1921.	6 42	5 27
M	22		6 42	5 26
D	23	Stigting Gemeente Bothaville, 1936.	6 43	5 26
W	24		6 43	5 25
D	25	Dr. C. H. Rautenbach te Pretoria bevestig, 1930.	6 44	5 25
V	26		6 44	5 24
S	27	Aankoms van Ds. v. d. Hoff te Potchefstroom, 1853. Ds. M. M. Grobler te Brakpan bevestig, 1928.	6 45	5 24
S	28	Ds. P. S. Grobler te Krugersdorp georden, 1922. Ds. F. J. van Zyl te Johannesburg georden, 1939. Ds. G. W. Smits oorlede, 1894.	6 45	5 24
M	29	Dr. S. P. Engelbrecht georden, 1921. Eerste Uniale Ministerie gevorm, 1910.	6 46	5 24
D	30	Ds. E. S. Mulder te Zwartruggens georden, 1930.	6 46	5 23
W	31		6 47	5 23

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

★

Die Grootste Afrikaanse Universiteit bied Studie-geleenthede in die wydste verskeidenheid kursusse van alle Suid-Afrikaanse Universiteite!

★

NAVRAE:

Die Registrateur,
Universiteit van Pretoria.
Pretoria.

JUNIE, 30 DAE.

Dag van die Week.	Dag van die Maand.	MAANSVERANDERINGS. Laaste Kwartier, 7de, 1.35 nm. Nuwe Maan, 15de, 5.53 nm. Eerste Kwartier, 23ste, 7.12 vm. Volle Maan, 29ste, 9.58 nm.	Sons opg. vm.	Sons ond. nm.
D	1	Dr. B. Gemser Hoogleraar te Pretoria, 1926.	6 47	5 23
V	2	Die Gemeente Gwelo gestig, 1923.	6 48	5 23
S	3	Oud. G. J. Engelbrecht van Standerton oorlede, 1910.	6 48	5 23
S	4		6 49	5 23
M	5	Ds. Jac. v. Belkum te Rustenburg bevestig, 1891. Uitspraak Hoog Ger. Hof in sake Trichardtsfontein, tussen Ned. Herv. en Ned. Herv. of Geref., 1893.	6 49	5 23
D	6	Gemeente Humpata gestig, 1910. Dr. H. C. M. Fourie te Johannesburg bevestig, 1924.	6 49	5 23
W	7	F. W. Reitz as Staatssekretaris ingesweer S.A. Rep., 1898.	6 50	5 23
D	8		6 50	5 23
V	9		6 51	5 23
S	10	Ds. J. Beyer te Standerton bevestig, 1899.	6 52	5 23
S	11	Ds. C. S. v. H. Steenekamp te Windhoek bevestig, 1938.	6 52	5 23
M	12	Verantwoordelike Bestuur aan Kaapkolonie toegestaan, 1872.	6 52	5 23
D	13	Die Kerk van Ermelo ingewy, 1910. Gemeente Ladysmith gestig, 1943.	6 53	5 23
W	14		6 53	5 23
D	15	Ds. N. J. v. Warmelo te Potchefstroom georden, 1864.	6 53	5 23
V	16		6 53	5 23
S	17		6 53	5 23
S	18	Ds. F. S. du Toit van Ventersdorp oorlede, 1914. Ds. P. J. J. Venter te Lichtenburg georden, 1921.	6 53	5 23
M	19		6 54	5 23
D	20	Komdt. Salomon Prinsloo oorlede, 1892.	6 54	5 23
W	21		6 54	5 23
D	22		6 54	5 23
V	23	Tweede Volksraad ingestel, 1890. Ds. L. E. Brandt oorlede, 1939.	6 55	5 24
S	24	Oudl J. C. Coetzee van Zeerust oorlede, 1933.	6 55	5 24
S	25	Potgieter en Trichardt in Zoutpansberg, 1836.	6 55	5 25
M	26	Gemeente Ebenhaeser gestig, 1937.	6 55	5 25
D	27	Die Gemeente van Vliegepoort gestig, 1931.	6 56	5 26
W	28	Ds. A. J. Begemann emeritus, 1872.	6 56	5 26
D	29	Eerste Kaapse Parlement geopen, 1854.	6 56	5 27
V	30		6 56	5 27

Die Potchefstroomse Universiteitskollege

VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS.

STREEF NA :

Aankweking van 'n Kerngesonde Christelik-Nasionale Lewensbeskouing

— EN —

Handhawing van 'n Hoë Akademiese peil.

'n Groot verskeidenheid grade word in die ondergenoemde Fakulteite aangebied :

LETTERE	**NATUURWETENSKAPPE**	**OPVOEDKUNDE**
TEOLOGIE	**HANDEL**	**SOSIALE WETENSKAP**

Pas Ingestel: Die Konservatorium vir Musiek bied verskillende diplomakursusse vir opleiding as onderwysers in musiek en vir professionele musici aan, sowel as opleiding in al die praktiese vertakkinge van Musiek vir die verskillende eksamens.

Nagraadse studie word vir diensdoende onderwysers op Saterdae ongeveer enkeer per maand gereël.

Losies- en Kollegegelde redelik.

Prospektus en besonderhede aangaande **Studiekursusse, Studiegelde, Beurse en Lenings, Losies, Konservatorium vir Musiek,** ens., sal verskaf word deur

DIE REGISTRATEUR P.U.K. vir C.H.O., POTCHEFSTROOM.

LEDIG DIE GALBLAAS

VERWYDER VERSTOPTE GAL



DIE Dr. Heinz-Lewersout ledig die Galblaas deur middel van Osmotiese Syging, help die Lewer en Niere, verwyder voedseloorskiet uit die maag en ingewande, hou die Bloedstroom skoon. Die Dr. Heinz-lewersout is 'n **medisyne** — nie 'n koeldrank nie. 'n Dosis word opgelos in 'n klein bietjie warm water en op die nugtermaag gedrink.

Die gereelde gebruik van die Dr. Heinz-Lewersout bring groot verligting in kwale soos: Hoë Bloeddruk, Swaarlywigheid, Galblaasontsteking, Rumatiek, Kroniese Verkoues, Huidsiektes, Aambeie, klein Galsteentjies, Hartaandoening, Rugpyn, Nierkwaal, Galagtigheid, Hardlywigheid, Môresiekte by swanger vrouens, Sinkpyne en Slegte Spysvertering ens.

Die DR. HEINZ-LEWERSOUT word verpak in steenkruike en is verkrygbaar by alle aptekers en medisyneverkopers teen 2/9 per kruik.

JULIE, 31 DAE.

Dag van die Week.	Dag van die Maand.	MAANSVERANDERINGS. Laaste Kwartier, 7de, 4.53 vm. Nuwe Maan, 15de, 7.05 vm. Eerste Kwartier, 22ste, 12.50 nm. Volle Maan, 29ste, 6.17 vm.	Sons opg. vm.	Sons ond. nm.
S	1	President T. F. Burgers ingesweer Z.A. Rep., 1872.	6 56	5 27
S	2		6 56	5 27
M	3	Ds. S. P. J. J. van Rensburg te Randpoort bevestig, 1942. Hoeksteen te Boksburg gelê, 1943.	6 56	5 28
D	4	Oud-Ouderl. H. C. J. v. Rensburg, Zoutpansberg, oorlede, 1909.	6 55	5 28
W	5		6 55	5 28
D	6	Joh. Huss gebore, 1373.	6 55	5 29
V	7	Die Kerk van De la Rey ingewy, 1928.	6 55	5 29
S	8	Die Gemeente Bloemhof gestig, 1916. Ds. H. P. Wolmarans te Zeerust geordeen, 1922.	6 55	5 30
S	9	Oud. S. E. Grobler van Zoutpansberg oorlede, 1903.	6 55	5 30
M	10	Calvyn gebore, 1509. Inwyding van Kerk te Zwartruggens, 1942.	6 55	5 31
D	11		6 55	5 31
W	12	Senator Ouderl. A. D. W. Wolmarans oorlede, 1928.	6 54	5 32
D	13		6 54	5 32
V	14	President Brandt, O.V.S., oorlede, 1888.	6 54	5 33
S	15	Verlating van Schoemansdal, 1867.	6 54	5 33
S	16		6 54	5 34
M	17	Oud. J. v. Graan van Ventersdorp oorlede, 1917.	6 53	5 34
D	18	Ds. N. J. v. Warmelo te Heidelberg bevestig, 1868	6 53	5 34
W	19	Ds. L. G. F. Biccard oorlede, 1900. Ds. E. S. Mulder bevestig op Bronkhorstspruit, 1931.	6 53	5 34
D	20	Ds. L. E. Brandt te Turffontein bevestig, 1930.	6 53	5 35
V	21		6 52	5 36
S	22		6 52	5 36
S	23	Generaal Andries Pretorius oorlede, 1853.	6 52	5 37
M	24	Ds. L. G. F. Biccard te Zoutpansberg bevestig, 1875.	6 51	5 37
D	25	Afskeid van Prof. Dr. P. J. Muller van Pretoria, 1909.	6 51	5 38
W	26	Kerkorde van de Mist ingevoer, 1804.	6 51	5 38
D	27	Die Prokurasie-Kommissie gestig, 1890.	6 50	5 39
V	28		6 50	5 39
S	29	Die Gemeente Van der Hoff gestig, 1933.	6 49	5 40
S	30	Ds. N. J. v. Warmelo te Schoemansdal bevestig, 1864.	6 49	5 40
M	31		6 48	5 41



Nuwe Kerkorrels

HERBOUING, HERSTELWERK, STEMMING, ELEKTRIESE WINDMOTORS.

Ons spesialiseer ook in die lewering van

1. **TORINGHORLOSIES.**
2. **LUIKLOKKE.**
3. **GEHOORTOESTELLE VIR DOWES.**
4. **Kragversterker vir akoestiek-verbetering.**
5. **Elektroniese Musiekklokke.**

Prysopgawes, raad en verdere inligting gratis.

Century Orrelbouers

(EDMS.), BEPERK

Algemene Kantoor en Werkplase: Strubenstraat 395/7, PRETORIA.
h/v Du Toit- en Strubenstraat.

Telegramme „ALLWAVE" Telefoon 2-3636.

AUGUSTUS, 31 DAE.

Dag van die Week.	Dag van die Maand.	MAANSVERANDERINGS. Laaste Kwartier, 5de, 9.56 nm. Nuwe Maan, 13de, 6.48 nm. Eerste Kwartier, 20ste, 5.35 nm. Volle Maan, 27ste, 4.51 nm.	Sons opg. vm.	Sons ond. nm.
D	1		6 47	5 41
W	2		6 46	5 42
D	3	Ds. Jac. v. Belkum te Heidelberg bevestig, 1903.	6 46	5 42
V	4	Oud. A. Alberts van Humpata oorlede, 1928. Ds. J. G. M. Dreyer te Ermelo bevestig, 1928. Ds. C. S. v. H. Steenekamp te Lichtenburg georden, 1934.	6 45	5 43
S	5	Ds. S. P. J. v. Rensburg op Eendracht georden, '33 Hoeksteen van Kerk te Randfontein gelê, 1939.	6 44	5 43
S	6		6 44	5 43
M	7	Hoeksteen te Benoni gelê, 1943.	6 43	5 44
D	8	Die eerste Alg. Kerkverg. van die Ned. Herv. Kerk te Rustenburg geopen, 1853. Gemeente van Vaalharts gestig, 1940.	6 42	5 44
W	9	Ds. M. J. Goddefroy oorlede, 1920.	6 42	5 45
D	10	Louis Trichardt gebore, 1783. Ds. W. P. J. Poën oorlede, 1937.	6 41	5 45
V	11		6 40	5 46
S	12		6 39	5 46
S	13	Aanval op Veglaer, 1838.	6 38	5 47
M	14	Oud. F. P. H. Alberts van Humptata oorlede, 1930.	6 37	5 47
D	15	Slag van Thaba Bosigo, 1865.	6 37	5 48
W	16	Die Gemeente van Vereeniging gestig, 1913. Ds. A. S. Geyser te Heilbron georden, 1941.	6 36	5 48
D	17	Die Kerk van Venterskroon ingewy, 1889.	6 35	5 48
V	18	Ds. A. Lagerwey oorlede, 1898. Ds. D. v. d. Hoff in Den Haag georden, 1852.	6 34	5 49
S	19		6 33	5 49
S	20	Eerste Doopbediening aan die Kaap, 1653. Gemeente Rust der Winter gestig, 1938.	6 33	5 50
M	21		6 32	5 50
D	22	Ds. Abr. Ras op Volksrust bevestig, 1936.	6 31	5 51
W	23	Ds. J. v. Arckel eerste predikant aan die Kaap, 1665.	6 30	5 51
D	24	Bloedbad van St. Bartholomeus, 1572. Ds. L. M. le Roux op Trichardtsfontein bevestig, 1935.	6 29	5 51
V	25	Aankoms van die Eerste Hugenote, 1688.	6 28	5 52
S	26	Generaal Louis Botha oorlede, 1919.	6 27	5 52
S	27	In gebruik neem van Bybel in Afrikaans, 1933.	6 27	5 52
M	28	Slag van Boomplaas, 1848.	6 26	5 52
D	29		6 25	5 53
W	30	Ds. P. A. C. van Heyningen oorlede, 1904. Ds. T. Dreyer te Heidelberg bevestig, 1941.	6 24 6 23	5 53 5 54
D	31	Die Lydenburgse Gemeente skei van die Herv. Kerk af, 1854.	6 22	5 54

VOORBARIGE GRYS HARE

Spaanse Haarherstelmiddel

VOORBARIGE Grys Hare word veroorsaak deurdat die haarwortels te min natuurlike kleurstof giet. Om voorbarige grys hare hul oorspronklike kleur terug te gee moet die Spaanse Haarherstelmiddel aangewend word. Hierdie middel is nie 'n kleurstof nie maar 'n middel wat die wortels versterk en aanspoor om weer die natuurlike kleurstof te giet en dus die hare weer hul oorspronklike kleur terug te besorg.

GETUIENIS.

„Dit is verblywend om die uitwerking van die Spaanse Haarherstelmiddel te sien en vandag sal ek gewis nie aarsel om dit by enigeen aan te beveel nie." H. J. B. (Geval 978).

SPAANSE HAARHERSTELMIDDEL kos 3/10 by aptekers of posvry van Norwood Coaker, Posbus 89, Ladybrand.

As u seun na die

VOORTREKKER UNIVERSITEIT

PRETORIA

kom studeer, laat hom dan tuisgaan by die

Voortrekker Tehuis

(Onder beheer van die Ned. Hervormde Kerk)

SEPTEMBER, 30 DAE.

Dag van die Week.	Dag van die Maand.	MAANSVERANDERINGS. Laaste Kwartier, 4de, 3.53 nm. Nuwe Maan, 12de, 5.29 vm. Eerste Kwartier, 18de, 10.54 nm. Volle Maan, 26ste, 6.21 vm.	Sons opg. vm.	Sons ond. nm.
V	1	Transvaal geannekseer, 1900. Gemeente Randpoort gestig, 1939.	6 20	5 55
S	2	Ds. D. v. d. Hoff gebore, 1814. Inwyding van Kerk te Randpoort, 1939.	6 19	5 55
S	3		6 18	5 56
M	4		6 17	5 56
D	5		6 16	5 57
W	6	Koningin Wilhelmina ingehuldig, 1898. Koningin Juliana ingehuldig, 1948.	6 15	5 57
D	7		6 15	5 58
V	8	Ds. N. J. v. Warmelo gebore, 1835.	6 13	5 58
S	9		6 12	5 59
S	10		6 11	5 59
M	11		6 10	6 00
D	12	Die Kerk van Vrededorp ingewy, 1908.	6 09	6 00
W	13		6 08	6 01
D	14		6 07	6 01
V	15	Eerste Uniale Volksraad verkies, 1910.	6 06	6 02
S	16		6 05	6 02
S	17	President M. W. Pretorius gebore, 1819.	6 04	6 02
M	18		6 02	6 03
D	19		6 01	6 03
W	20	Die Huweliks Ordonnansie van de Mist ingevoer, 1804.	6 00	6 04
D	21	Ds. D. J. Strydom te Gwelo bevestig, 1940.	5 59	6 04
V	22		5 58	6 05
S	23	Ds. P. W. Ennis te Klerksdorp bevestig, 1905.	5 57	6 05
S	24	Ds. P. J. J. Venter te Zeerust bevestig, 1927.	5 56	6 05
M	25		5 55	6 06
D	26		5 54	6 06
W	27	Generaal Louis Botha gebore 1862.	5 53	6 07
D	28	Die Kerk op Witpoort ingewy, 1912.	5 52	6 07
V	29		5 51	6 08
S	30	Ds. M. J. Goddefroy te Witfontein bevestig, 1887.	5 50	6 08



LOS VOOR! . . .

Lewensassuransie het 'n aansienlike voorsprong op ander vorms van besparing.

Waar húlle onder *alle* omstandighede slegs u inbetaalde bydraes uitkeer (plus die bietjie rente), lewer Lewensassuransie, indien u vroeg al mog wegval, dadelik die *volle bedrag* op wat u nog *gehoop* het om te spaar!

★ **'n SANLAM-Polis sal vir u 'n waarborg wees dat u spaarplanne ten volle uitgevoer sal word, selfs as u nie meer daar is om dit te doen nie!**

SANLAM

Vir veiligheid

SUID-AFRIKAANSE NASIONALE LEWENSASSURANSIE-MPY. BPK.

— TAKKE DWARSDEUR DIE UNIE —

HOOFKANTOOR: WAALSTRAAT 28, KAAPSTAD

OKTOBER, 31 DAE.

Dag van die Week.	Dag van die Maand.	MAANSVERANDERINGS. Laaste Kwartier, 4de, 9.53 vm. Nuwe Maan, 11de, 3.33 nm. Eerste Kwartier, 18de, 6.18 vm. Volle Maan, 25ste, 10.46 nm.	Sons opg. vm.	Sons ond. nm.
S	1	Ds. A. Ras op Dullstroom bevestig, 1932.	5 49	6 08
M	2	Slag van Vegkop, 1836.	5 48	6 09
D	3		5 36	6 09
W	4	Ds. A. J. Barger te Middelburg bevestig, 1919.	5 45	6 10
D	5	Eervol ontslag ds. P. W. Ennis, 1928.	5 44	6 10
V	6	Stigting van die gemeente Barberton, 1934.	5 43	6 11
S	7	Oud. D. P. J. v. Schalkwyk van Trichardts oorl. 1911.	5 42	6 11
S	8		5 41	6 11
M	9	Ds. D. v. d. Hoff oorlede, 1881. Ds. P. W. Venter op Brits bevestig, 1936.	5 40	6 12
D	10	President Kruger gebore, 1825. Ds. S. J. Strydom te Krugersdorp bevestig, 1914.	5 39	6 12
W	11	Die Hervormer Ulrich Zwingli gesneuwel, 1531. Hoeksteenlegging Kerk Zwartruggens, 1941.	5 38	6 13
D	12		5 37	6 13
V	13	Eerste diamant in S.A. gevind, 1867.	5 36	6 14
S	14		5 35	6 14
S	15	Hoeksteenlegging van die Kerk van Pietersburg, 1892.	5 34	6 15
M	16	Afskeidspreek van Ds. Jac. van Belkum met sy emeritaat, 1927.	5 33	6 15
D	17	Dr. S. Vermooten te Zeerust georden, 1915.	5 32	6 16
W	18	Ds. J. D. Storm te Ottosdal bevestig, 1941.	5 31	6 17
D	19	Eerste Kerk op Stellenbosch ingewy, 1687.	5 30	6 17
V	20	Die Kerk van Louis Trichardt ingewy, 1906.	5 29	6 18
S	21	Oud. F. Boshoff van Waterberg oorlede, 1918.	5 28	6 19
S	22	Die Edik van Nantes herroep, 1685.	5 28	6 19
M	23	Ds. D. F. Erasmus te Ventersdorp bevestig, 1920.	5 27	6 20
D	24	Sinode in die Kaap besluit dat Engels ook gepreek moet word in Hollandse Kerke, 1859.	5 26	6 20
W	25		5 25	6 21
D	26		5 24	6 21
V	27	Ds. L. E. Brandt te Vereeniging bevestig, 1923. Ds. P. J. J. Venter te De le Ray bevestig, 1923.	5 23	6 22
S	28	Nuwe Kerk te Witbank ingewy 1944.	5 22	6 22
S	29		5 22	6 23
M	30	Ds. J. J. Prinsloo te Trichardts bevestig, 1909.	5 21	6 23
D	31	Hervormingsdag. Samekoms Komm. N. Herv. en N. Geref. om oor kerkvereniging te handel, 1882.		
		Ds. P. W. Ennis oorlede, 1932.	6 20	6 24



SLEGTE MANGELS EN KEELSEER

Die Behandeling Met Buccalene

DIE MANGELS is reinigers van die liggaam en dis begryplik dat as hulle self vergiftig is die hele gestel daaronder moet ly. Deesdae is mense te geneig om die Mangels te laat uithaal waar die Mangels erg aan sweer is maar dis altyd wenslik om Buccalene eers te gebruik.

BUCCALENE wat spesiaal ontwerp is en toeberei word vir Vergrote Mangels, skerp Mangelontsteking, Keelseer, Verslapte Keelspiere, Keelvergiftiging ens. is 'n ideale middel. Buccalene is saamtrekkend, antisepties en veranderend tot die bloedswerking en gestel. Dit laat die geswelde Mangels sak, dood die kieme en dring deur tot die wortel van die kwaad. Daar moet eers mee gegorrel word en dan word so 'n gegorrelde mondvol medisyne ingesluk. In die geval van babatjies en klein kindertjies moet die mangeltjies met Buccalene geverf word.

BUCCELENE kos 5/6 per bottel by aptekers of regstreeks posvry van Norwood Coaker, Posbus 89, Ladybrand.

Besoek **PETRA** *vir die*

„DROSDY-SLAAPKAMERSTEL"



BAIE MOOI EN DUURSAAM!

PETRA-MEUBELS BEPERK

Telefone:
2-0194
2-0195

PRETORIUSSTRAAT 267
PRETORIA

Posbus:
1356

NOVEMBER, 30 DAE.

Dag van die Week.	Dag van die Maand.	MAANSVERANDERINGS. Laaste Kwartier, 3de, 3.00 vm. Nuwe Maan, 10de, 1.25 vm. Eerste Kwartier, 16de, 5.06 nm. Volle Maan, 24ste, 5.14 nm.	Sons opg. vm.	Sons ond. nm.
W	1		5 19	6 24
D	2	Eerste Alg. Kerkverg. Ned. Herv. Kerk te Kaapstad, 1824.	5 19	6 25
V	3	Hoeksteenlegging eerste Herv. Kerk op Christiana, 1876.	5 18	6 25
S	4	Ds. Jac. van Belkum oorlede, 1933.	5 18	6 26
S	5	Naam Ned. Hervormd in die Kaap verander in Ned. Gereformeerd, 1842. Aankoms van Ds. D. v. d. Hoff in Suid-Afrika, 1852.	5 17	6 26
M	6		5 16	6 27
D	7	Vasco da Gama te St. Helenabaai, 1497.	5 15	6 27
W	8		5 15	6 28
D	9		5 15	6 28
V	10	Martin Luther gebore, 1483.	5 14	6 29
S	11		5 13	6 30
S	12	Piet Retief gebore, 1780.	5 13	6 30
M	13		5 12	6 31
D	14	Ds. W. F. H. Huyzers bevestig op Vereeniging, 1931.	5 12	6 32
W	15	Ds. A. J. Begemann oorlede, 1925.	5 11	6 33
D	16	Pretoria aangelê, 1855.	5 11	6 34
V	17		5 10	6 35
S	18	Vasco da Gama se eerste reis om die Kaap, 1497.	5 11	6 36
S	19	Hoeksteenlegging van die Kerk te Potgietersrust, 1921.	5 10	6 36
M	20	Die Kerk op Eldoret ingewy, 1921.	5 09	6 37
D	21	Ds. H. D. v. Broekhuizen Predikant van die Hervormde Kerk, 1917.	5 09	6 38
W	22	Die Gemeente Trichardts gestig, 1879.	5 09	6 39
D	23		5 09	6 40
V	24	Hoeksteenlegging van die Kerk van Laeveld, 1924.	5 08	6 41
S	25	Ds. W. P. J. Poën te Pietersburg bevestig, 1922.	5 08	6 41
S	26	Die Kerk van Memel ingewy, 1915.	5 08	6 42
M	27	Die Kerk van Bethal ingewy, 1926.	5 08	6 43
D	28	President Steyn oorlede, 1916.	5 08	6 44
W	29		5 08	6 44
D	30	Kerk te Johannesburg ingewy, 1935.	5 08	6 45



ORRELS

vir Kerk, Saal of Huis van al die verskillende tiepe van die wêreld se beste maaksels teen voordeligste pryse. Stem- en herstelwerk deur ervare vakmanne.

Spesifikasies en prysopgawes gratis.

Kerkbenodigdhede soos Gehoortoestelle vir Dowes, Klankversterkers, Klokke, Klokkespele, Horlosies ens.

Distribueerders van die wonderlike MINSHALL Orrels.

KLAVIERE

(Vleuels, Regop asook outomatiese Spelerklaviere.)

Grootste voorraad van alle Musiekinstrumente, ook Draadloos Toestelle en Musiekboeke.

Pryslyste gratis op aansoek.

R. MÜLLER (EIENS) BEPERK

Posbus 133 - - - Tel. Adr.: Rellum.
KAAPSTAD.

Agente in alle dele van die land.
Takbesigheid op Stellenbosch.

DESEMBER, 31 DAE.

Dag van die Week.	Dag van die Maand.	MAANSVERANDERINGS. Laaste Kwartier, 2de, 6.22 nm. Nuwe Maan, 9de, 11.28 vm. Eerste Kwartier, 16de, 7.56 vm. Volle Maan, 24ste, 12.23 nm.	Sons opg. vm.	Sons ond. nm.
V	1	Slawe vry verklaar in die Kaap, 1834.	5 08	6 46
S	2	Verkiesing eerste Voortrekker-Volksraad, 1836	5 08	6 46
S	3	Engelse besetting van Port Natal, 1838.	5 08	6 47
M	4	Die Ned. Geref. Kerk in die S.A.R. gestig, 1866.	5 07	6 48
D	5		5 07	6 49
W	6	Voortrekkersgelofte, 1838.	5 08	6 50
D	7	Die Ned. Herv. of Geref. Kerk gestig, 1885.	5 07	6 50
V	8		5 07	6 51
S	9	Pres. T. F. Burgers oorlede, 1881.	5 07	6 52
S	10	Oud. J. H. Vorster oorlede, 1942.	5 07	6 52
M	11	Slag van Magersfontein, 1899.	5 08	6 53
D	12	Ds. C. W. du Toit emeritus, 1918.	5 08	6 54
W	13	Republiek herstel op Paardekraal, 1880.	5 08	6 54
D	14		5 08	6 55
V	15	Slag van Colenso, 1899.	5 09	6 56
S	16	Slag van Bloedrivier, 1838. Hoeksteenlegging van die Kerk van Middelburg, 1896.	5 09	6 56
S	17	Eerste grondwet van die Z.A.R. op Potchefstroom geteken, 1856.	5 09	6 57
M	18	Die Kerk van Vereeniging ingewy, 1915.	5 10	6 58
D	19	Generaal A. H. Potgieter gebore, 1792.	5 10	6 58
W	20	Komdt. F. Joubert (Fransheld) behaal oorwinning by Bronkhorstspruit, 1880.	5 11	6 59
D	21	Oud-ouderling G. J. Z. Helberg van Zoutpansberg oorlede, 1926.	5 11	6 59
V	22		5 12	7 00
S	23		5 13	7 00
S	24		5 13	7 01
M	25	Kersfees.	5 15	7 01
D	26	Hoeksteenlegging van die Kerk van Potchefstroom, 1859.	5 14	7 02
W	27	Ds. G. C. Coetzee op Delarey geordeen, 1934. Ds. S. P. Viljoen op Durban geordeen, 1936.	5 15	7 02
D	28	Hoeksteen gelê van die Eerste Kerkgebou in die Kaap, 1700.	5 15	7 02
V	29	Die Kerk van Germiston ingewy, 1917.	5 16	7 03
S	30	Jameson-inval, 1895.	5 17	7 03
S	31	Die Gemeente Heidelberg gestig, 1865.	5 17	7 03

„SALAMANDER"

BRANDASSURANSIEMAATSKAPPY

In Suid-Afrika vanaf 1897 gevestig.

BRAND EN WEERLIG VERSEKERING.

Laagste tariewe. Prompte en gulle vereffening.
Agente oral.

Hoofkantoor vir Suid-Afrika—

22-23 Erasmusgebou — Kerkplein — Pretoria

Posbus 889. Telefoon 2-6919.

HARTKWAAL

DIE HART kan bes beskryf word as 'n groot spier met vier hol kamers. Sy werk is om bloed te pomp deur die hele liggaam.

Hartkwaal beteken in werklikheid dat die Hartklappe nie behoorlik oop en toe gaan nie — gewoonlik omdat hulle verwronge geraak het as gevolg van Sinkingskoors.

DIE HARTSPIER het van tyd tot tyd 'n versterkmiddel nodig en geen veiliger tonika bestaan in enige bekende vorm dan die Dr. Allens-Watersug-Pille.

WATERSUG kan veroorsaak word deur die een of ander Nier- of Leweraandoening. In albei die gevalle sal die Watersug-Pille uitstekende resultate lewer.

Gebruik die DR. ALLENS-WATERSUG-PILLE vir Hartkwaal, Swak Hart, Watersug, Algemene Verswakking, Vatbaarheid vir Verkoues, Lae en Hoë Bloeddruk.

DR. ALLENS-WATERSUG-PILLE kos 5/- per bottel posvry van Norwood Coaker, Posbus 89, Ladybrand. Ook voorradig by die meeste aptekers.

REDE MET „BURGERMEESTER-SONDAG".[1])

„Geen Mag nie, behalwe van Bo". — Joh. 19:10, 11.

Het dit u al opgeval, gemeente van die Here, dat in die Geloofsbelydenis wat die ganse christenheid elke Sondag bely, die woorde voorkom:

Gely onder Pontius Pilatus?

Waarom word juis sy naam genoem? Waarom nie die naam van Judas òf van Kajafas, òf van Herodes òf van die Romeinse soldate òf van die Jode nie? Jesus het tog onder hulle almal gely:

Gely deur die verraad van Judas,
deur die huigelary van Kajafas,
deur die spot van Herodes,
deur die doringkroon van die soldate
en deur die haat van die Jode!

Waarom dan juis vermeld dat Hy onder Pontius Pilatus gely het? Het Jesus onder hom dan die swaarste gely? Nee, nie daarom juis word sy naam genoem nie. Ook nie omdat die misdaad van Pilatus, uit sedelike oogpunt beskou, die grootste is nie. Uit hierdie gesigspunt is sy misdaad juis minder erg as dié van die vooraf beraamde verraad van Judas of die jarelange verbittering van die Joodse leiers. Verbitter was Pilatus juis heeltemal nie. Agter sy vonnis sit selfs minder kwaadwilligheid as agter die sluipmoord-praktyke van sy volksgenote. En vir Pilatus was daar selfs versagtende omstandighede: hy is immers die Romeinse landvoog wat moet sorg vir orde en rus. En dit dreig juis versteur te word deur Jesus, wat Homself die Koning van die Jode noem.

---

[1]) Op 'n vergadering van die Ring van Potchefstroom is gespreek oor die wenslikheid al dan nie van die hou van die s.g. „Burgermeestersondag". Een groot beswaar was dat dit menseverheerliking in die hand sou werk. Daarteenoor is gestel dat dit nie so behoort te wees nie en in die Herv. Kerk nie so is nie. Toe is versoek dat so 'n oordenking gepubliseer moet word. Hierdie een is Oktober 1948 gehou toe mevr. Aletta Nel as Burgermeester met die Raadslede en munisipale beamptes in offisiële hoedanigheid die diens in die Hervormde Kerk op Potchefstroom bygewoon het.

Die naam van Pilatus is dus nie genoem omdat Jesus meer deur hom gely het nie of omdat sy sonde erger sou wees nie. Pilatus se naam word genoem, omdat hy nie maar 'n willekeurige regter is nie, maar die verteenwoordiger van die wêreldreg en wêreldmag. Sy oordeel is die oordeel van die wêreld oor Jesus. Pilatus is die mond waarmee die wêreld oor Jesus oordeel. Met Pilatus sê die wêreld:

„Weet U nie dat ek mag het om U te kruisig en mag het om U los te laat nie?"

Daar staan Jesus dan voor Pilatus! Jesus in bande voor die gevolmagtigde van die keiser! Jesus, die Hoof van sy Kerk, voor Pilatus, die hoof van die Staat.

Dit bring die probleem van die verhouding van Kerk en Staat voor ons.

Die verhouding tussen Kerk en Staat.

Ook die feit dat u, Gemeente van die Here, die Burgermeester en Raadslede in u midde het, wat as die owerheid van ons dorp almal saam hierdie kerkdiens bywoon waarin die seën van die Here op hulle en hulle ampswerk gevra word in die gebed, bring ook die vraagstuk van die verhouding tussen kerklike en wêreldlike owerheid na vore.

Dis 'n ou vraagstuk. Wat moet die verhouding wees? Volgens die standpunt van Pilatus en van die Romeinse Ryk van sy tyd en van baie magtiges van die wêreld daarna, moet

die Staat oor die Kerk

regeer. Die Kerk moet ondergeskik wees aan die Staat. Die godsdiens moet 'n staatsgodsdiens wees d.w.s. 'n godsdiens wat in die diens van die staat is. Die hoof van die Staat word dan soms ook nog die hoof van die Kerk. Hierdie staatshoof — kerkhoof het dikwels goddelike eerbewyse ontvang soos bv. die Romeinse Keisers. Hulle is beskou as die inkarnasie van die godheid en die keiserverering as 'n godsdienstige seremonie.

Hierdie standpunt dat die Kerk in die diens van die Staat moet wees, vind ons reeds in Outestamentiese tyd. So wou koning Jerobeam die godsdiens vir politieke, vir staatsdoeleindes uitbuit. Daarom laat hy 'n goue kalf oprig in Bet-el. Hy sê aan die volk dat dit gedoen word om hulle die lang reise na die tempel in Jerusalem te spaar.

In werklikheid is dit vir politieke doeleindes nl. om te voorkom dat die volk deur die opgaan na Jerusalem, die hoofstad van die tweestammeryk, van hom afvallig sou word.

In ons tyd sien ons hierdie neiging om Kerk en godsdiens ondergeskik te maak aan die Staat en die politiek na vore kom veral in die diktatorlande.

Wanneer dit sover gekom het met 'n Kerk en die godsdiens vir 'n ander doel ingespan word, dan word gewoonlik die standpunt gehuldig: mag is reg. Wat in die belang van die Staat is, word dan as reg beskou en wee die Kerk wat sy stem hierteen verhef.

Hierdie verhouding tussen Kerk en Staat doen die Kerk geen eer aan nie. Kerk en godsdiens mag nooit 'n handlanger van die Staat wees nie. 'n Kerk wat hierdie verhouding vir hom laat welgeval is 'n ontroue, verwêreldlike Kerk, wat sy roeping om 'n strydende Kerk op aarde te wees en te getuig ook voor en ook teen die magtiges op aarde, nie meer verstaan nie. So 'n Kerk is eintlik nie meer 'n Christelike Kerk nie. Sy hoofdoel is nie meer godsdiens nie, maar staatsdiens. Hy het dan 'n dienskneg van mense geword. So 'n Kerk lê hom dan neer by die Woord van Pilatus: „Weet U nie dat ek mag het om U los te laat en mag het om U te kruisig" d.w.s. die Kerk stem dan in dat die wêreldlike owerheid mag het oor die Kerk van die Here.

Maar as hierdie verhouding tussen Kerk en Staat dan nie die goeie is nie, hoe moet dit dan wel wees? Die ware verhouding, so sê baie, moet net die omgekeerde wees, net presies die teenoorgestelde. Volgens hulle moet

die Kerk oor die Staat

heers. Die Kerk moet oppermagtig op aarde wees. Ook op staatkundige gebied moet die Kerk die lakens uitdeel. Waar die groot voorstanders van die eerste standpunt oor die verhouding tussen Kerk en Staat o.a. die Romeinse Ryk was en die diktators van ons tyd is, daar is die groot pleitbesorgers van die tweede standpunt die Roomse Kerk. Waar die Romeinse Ryk dus probeer het om die Kerk van die Here te kneg, daar verval die Roomse Kerk tot die ander uiterste en sê dat die Staat in die diens van die Kerk, ondergeskik aan die Kerk moet wees. Die Roomse Kerk leer dus die opperheerskappy van die

Kerk oor die Staat, dat die pous die verteenwoordiger van Christus op aarde is en as sodanig die hoogste gesag besit, ook oor die Staat. Die Staat moet dus eintlik 'n Kerkstaat wees en die mag op aarde moet 'n kerkmag wees.

In die Middeleeue, toe die Kerk van Rome oppermagtig in Europa was, het daar 'n heftige stryd ontbrand tussen Kerk en Staat, want die Kerk het gestreef na mag, het heersugtig geword.

Maar hierdie verhouding tussen Kerk en Staat doen die Staat geen eer aan nie. Die Staat is dan geen grootheid deur God daargestel nie, is nie 'n selfstandige grootheid naas die Kerk nie, maar beklee dan eintlik 'n ondergeskikte posisie. Die Staat of owerheid is dan nie aan God in die eerste plek verantwoording verskuldig nie, maar eintlik aan die Kerk, d.w.s. aan die pous.

Hierdie verhouding tussen Kerk en Staat mag, oppervlakkig geoordeel, in die belang van 'n oppermagtige Kerk wees, in werklikheid doen dit die Kerk geen eer aan nie. Dit lê nie op die weg van die Kerk nie en dit is nie sy roeping om te heers op aarde nie. 'n Magtige, heersende Kerk is vleiend vir baie kerklike leiers, wat die grootheid van die wêreld wil nadoen. Maar dis teenstrydig met die dienskneg gestalte van die Kerk. Soos die Hoof en Heer van die Kerk gekom het, nie om gedien te word nie, maar om te dien, so is die Kerk hier op aarde ook om te dien. En toe die Kerk van Rome geheers het, het hy sy ondergang voorberei. Sy roeping om te dien het hy verruil vir die begeerte om te heers. Sodoende is sy roeping versaak en sy fondamente ondergrawe.

As dit dan nie die gewenste verhouding tussen Kerk en Staat is nie,

Hoe Moet Dit Dan Wel Wees?

Die Skrif leer ons dat God albei, Kerk en Staat, daargestel het. Dit is twee magte langs mekaar. Elkeen het sy eie terrein, en daarom mag die een nie indring op die terrein van die ander nie.

Elkeen het sy eie wapen: dié van die Staat of wêreldlike owerheid is die swaard en dié van die Kerk of geestelike owerheid is die Woord van God. Die metodes van die eerste is dwang, geweld; van die tweede is dit oorreding, liefde.

Kerk en Staat mag nie oor mekaar heers nie. Hulle moet mekaar aanvul soos 'n vader en moeder mekaar in die huislike lewe aanvul.

Die Kerk is daar om God en die volk te dien, maar die Bybel leer dat die Staat en met name die owerheid, deur God ingestel is en sy dienaar is (Rom. 13). Die owerheid moet dus ook God en die volk dien.

Albei Kerk én Staat ontleen hulle gesag aan God. Sê die Woord dan nie: daar is geen mag dan van bo en die wat daar is, is deur God ingestel? Leer die Bybel dan nie: „Deur my regeer die konings?") Staan daar dan nie in die boek Daniël nie, dat God mag het oor die koningskap van die mens en daaroor kan aanstel wie Hy wil? Daarom sê Jesus dan ook aan Pilatus: „U sou geen mag oor My hê nie as dit u nie van bo gegee is nie."

Met hierdie antwoord erken Jesus die gesag van Pilatus en onderwerp Hom daaraan.

Kerk en Staat is albei aan God en nie aan mekaar verantwoording verskuldig nie.

Die owerheid is deur God daargestel terwille van die mens, dit is die mens gegee ten goede. Die mag wat God aan die owerheid verleen, word gegee om die kwaad te bedwing, om reg te laat geskied.

Of die owerheid dié van die hele land is of net 'n provinsie of net van 'n stad of dorp, maak geen verskil nie. Die mag wat 'n stadsraad het, is gegewe mag, van bo gegewe mag, toevertroude mag. Burgermeester en Raadslede, u mag as Stadsraad is

Gegewe Mag,

van bo ontvange mag. Dit is aan u toevertrou nie om uself daardeur te dien en te bevoordeel nie, maar terwille van die gemeenskap, nie om te heers oor andere nie, maar om die bevolking van die dorp te dien.

Te dien!

Nie in dié sin dat u knegte van mense, die knegte van die dorpsbewoners is nie, maar in dié sin dat u geroepe is om die belange van die dorp en die bevolking te behartig, geroepe om daaroor te waak die gemeenskap ten goede.

U as Stadsraad en as stadsraadslede is nie en mag nie dienaars van mense, geen knegte van die kiesers wees nie, maar u is dienaars van God.

Omdat u mag van bo gegewe mag is, daarom is u in die eerste plek nie aan die publiek verantwoording verskuldig nie, maar aan God, die Regeerder van alle regeerders. U, Burgemeester en Raadslede, sal eenmaal voor God rekenskap gee hoe u die gegewe mag gebruik of misbruik het; of dit ten goede was van die bevolking en tot eer van God, dan of dit ten kwade was.

Hierdie feit dat u nie in die eerste plek aan mense verantwoordelikheid verskuldig is nie maar aan God, stem tot erns, tot meerder getrouheid en eerlikheid. Dit gee meer waardigheid aan u amp.

Iemand wat in die eerste plek met die kiesers rekening hou, sal nie sterk staan nie. Hy sal opportunisties word en telkens heen en weer slinger tussen die menings van verskillende mense, partye of groepe. Hy sal geneig wees om beginsels uit die oog te verloor en kompromisse te aanvaar. Hy sal meer op sy setel as op sy plig let. Sy oog sal meer op sy kiesers as op sy God gerig wees.

En u, Gemeente van die Here, roep ek toe: bedink die woord, dat u stadsraad geen mag oor u sou hê nie, as dit hom nie van bo gegee is nie. Onderwerp u dan aan hierdie mag wat God oor u gestel het, soos Jesus gebuk het onder die gesag van Pilatus. En let op, Hy doen dit nie, omdat Pilatus en die Joodse Raad hulle mag reg gebruik nie, nee ondanks die feit dat hulle misbruik van hulle mag maak. Ook 'n slegte owerheid is van God, maar dan as 'n tugmiddel in sy hand. Jesus onderwerp Homself omdat Pilatus van bo ontvange mag het.

Hieride wetenskap maak die gelowige mens sterk in beproewing wanneer alles teen hom gaan.

As teenspoed op sy lewenspad kom, dan hef hy die hoof daaronder op en sê: o teenspoed, jy sou geen mag oor my hê nie, as dit jou nie van bo gegee was nie.

As verdrukking sy deel word, dan roem hy in sy beproewing: o verdrukking, jy sou geen mag oor my hê nie, as dit jou nie van bo gegee was nie.

Selfs in die aangesig van die dood, die laaste vyand wat oorwin moet word, dan weet die sterwende gelowige, dat die

dood geen mag oor hom sou hê nie, as dit hom nie van bo gegee was nie.

Die gelowige onderwerp hom aan die magte wat oor hom gestel is, omdat hy weet dat daardie magte gegee is deur Hom wat gesê het: My is gegee alle mag in hemel en op aarde.

Burgermeester en Raadslede, waak met u van God gegewe mag oor die belange van die dorp met 'n heilige jaloersheid en wees waaksaam, dat u eie belang nie hoofsaak en dié van die gemeenskap bysaak word nie. Waak teen omkoopgeld, waarteen die profeet Amos reeds in sy tyd gewaarsku het.

Ek bid u dan veel genade en wysheid toe van God. Mag u jaar 'n ryk geseënde jaar wees vir die dorp en sy bevolking. Ja meer nog, mag dit wees tot eer van God, dan alleen sal dit waarlik wees tot 'n ryk seën vir die gemeenskap. — Amen.

JOH. DREYER.

Verlig ons hart wat duister is;
leer ons, na u getuienis,
om al wat kwaad is te weerstaan
en yw'rig in u weg te gaan.

Skenk by u Woord ook krag en lig,
dat Satans ryk alom mag swig;
sterk leraars, sterk ons owerheid,
bewaar ons volk vir twis en stryd!

Ges. 83.



Eeufees-kerk Rustenburg

DIE EEUFEESKERK VAN RUSTENBURG.

In November 1950 sal dit honderd jaar wees dat die Nederduitsch Hervormde Gemeente van Rustenburg gestig is. Honderd jaar is in die geskiedenis van Transvaal 'n ekstra lang tydperk. Veel, verbasend veel het in daardie periode gebeur, en baie veranderinge het plaasgevind. Daar was ook bewoë, veel bewoë jare onder. Rustenburg is een van onse Hervormde Gemeentes wat 'n merkwaardige historie agter hom het. Generaal A. W. J. Pretorious, die held van Bloedrivier, het aan die stigting 'n daadwerklike aandeel gehad, en nie alleen aan die stigting van die Gemeente nie, maar ook aan die aanleg van die dorp wat kort daarop gevolg het, en dit is vrywel seker dat die naam Rustenburg mede deur sy toedoen aan die dorp gegee is. Hy het ook die plek aangewys waar die kerkplein uitgelê moes word. Daardie Rustenburgse kerkplein is dan ook 'n besit waarvan die stoflike waarde nie die hoogste is nie. Dit is ook 'n geestes besit, en dit strek die kerkraad tot eer dat dit besluit het om die plein as sulks te behou en te bewaar. Die ou kerkgebou moes wel afgebreek word, maar 'n nuwe en sierlike bedehuis word in die plek daarvan opgerig, 'n bedehuis wat 'n waardige monument is om as getuienis te dien van die dankbaarheid vir die bewaring van God en van sy trou, waarmee Hy in die honderd jaar die Gemeente gedra het. Ons gee 'n tekening van die kerk soos dit sal uitsien as dit klaar is. Die argitek is die heer Hendrik Vermooten. Die hoeksteenlegging het op 2 April 1949 plaasgevind. Daar is by die geleentheid twee stene gelê: die hoeksteen wat deur ds. C. S. v. H. Steenekamp gelê is, en die eeufees-gedenksteen wat deur prof. S. P. Engelbrecht gelê is. Van altwee van hierdie verrigtings word 'n portret afgedruk.

Met die viering van die Eeufees in 1950 sal daar D.V. 'n uitvoerige geskiedenis van die Gemeente verskyn, waarin ook talle van ou portrette afgedruk sal word. Waar die hele landdros-argief van Rustenburg tydens die Driejarige Oorlog verlore gegaan het, daar is die kerk-argief gelukkig bewaar gebly. Dit bevat die kerkraadsnotule vanaf 1850, asook die doopboeke, die lidmateregisters en die huweliksregisters, en ook

Legging van die hoeksteen deur ds. C. S. v. H. Steenekamp.

verskillende ander ou stukke. Na die sogenaamde kerkvereniging van 1885 is gepoog om die kerklike eiendomme, met die argief inkluis, van die Gemeente te ontvreem, sodat die kerkraad uiteindelik genoodsaak was om by die Hooggeregshof 'n saak te gaan maak. Die uitspraak was dat die Hervormde Gemeente as die ou historiese Gemeente die wettige eienaar is, en die Ned. Herv. of Geref. Gemeente wat eers in 1885 gestig is, is deur die Hof gelas om al die kerklike eiendomme waar dit wederregtelik aanspraak op gemaak het, aan die Hervormde Gemeente terug te gee. Daar is in 1850 maar een gemeente gestig, een gemeente wat in 1950 eeufees kan vier, en ieder ander kerklike eeufees van Rustenburg in 1950 is net so wederregtelik, en in stryd met die waarheid.

S.P.E.

Komt, laat ons samen nederknielen,
voor Hem, die ons geschapen heeft!
Hem zy d'aanbidding onzer zielen,
die 't leven is en 't leven geeft!
Hy strooit de jaren voor zich henen,
gelyk de landman 't koren strooit.
De tyden kwamen en verdwenen,
der tyden God verandert nooit.

Versterk ons hart by alle nooden,
verkwik de ziel, die angstig vreest,
bescherm uw Evangelieboden,
en zalf de vorsten met uw Geest.
Wees Gy der armen troost en vader,
der zwakken steun en hulp in nood,
der weêuwen man, der weezen vader,
ons allen 't leven uit den dood!

Gezang 295, Nederl. Herv. Kerk.



Legging van die Eeufees-gedenksteen deur Prof. S. P. Engelbrecht.

DIE VERNUWING VAN DIE HERVORMDE KERK IN NEDERLAND.

Dit is om verskillende redes vir my 'n aangename taak om in die Jaarboek van ons Susterkerk in Suid-Afrika iets te mag vertel oor die hedendaagse toestand van die Hervormde Kerk in Nederland, oor ons vreugdes en ons sorge, ons stryd en ons probleme. Van harte hoop ek dat daardeur ons Kerke mekaar nog beter gaan leer ken, met mekaar gaan meeleef en hulle met mekaar verbonde mag wees. Miskien is die probleme by u ten dele dieselfde as by ons, miskien is die toestande by u ook in baie opsigte weer anders of teenoorgesteld. Maar in elk geval kan dit goed wees deur na mekaar se toestand te informeer, saam te weet dat ons dieselfde roeping het: Kerk van Jesus Christus te wees temidde van ons volkslewe.

Die Hervormde Kerk in Nederland het in die laaste oorlogsjare 'n heeltemal nuwe weg ingeslaan, en sy het in hierdie na-oorlogse tyd voortgegaan op daardie weg. Iedereen praat of skryf in Nederland in hierdie jare oor „die nuwe koers".

Wat word met die „nuwe koers" bedoel?

Die Hervormde Kerk was sedert tientalle van jare 'n swygende, in plaas van 'n belydende, getuigende Kerk gewees. Hoewel die Kerk in die eerste eeue na die Reformasie so 'n leidende plek in ons volkslewe ingeneem het, is die Kerk sedert die vorige eeu besonder sterk beïnvloed deur die moderne denke. Die Kerk het inwendig verdeeld geraak en was innerlik onseker oor haar belydenis. Ook het sy volkome ongewoond geraak om met haar woord haar te rig tot die volk en owerheid. 'n Verouderde Kerkorde, wat nie by die wese van die Kerk gepas het nie, het dit vir die Kerk op die lange duur onmoontlik gemaak om duidelik, kragtig en gemeenskaplik die Evangelie te bely met die oog op die vrae van die tyd.

In die jare vóór 1940 het die besef, dat nuwe weë nodig was, wel lewend geword. Daar is met krag gestry vir 'n nuwe Kerkorde wat as 'n onmisbare voorwaarde vir 'n nuwe kerklike

lewe egag is. Tot 'n omvergooi van die ou Kerkorde kon dit egter in die jare nog nie kom nie.

Tydens die oorlog het die wonder eers gebeur. In die jare van geweldige verdrukking en diepe nood het dit nie alleen gekom tot 'n gemeenskaplike verset teen die heidense nasionaal-sosialisme nie, maar óók tot 'n innerlike ontwaking en geestelike vernuwing'. Onverwags het die Kerk gespreek omdat sy *moes* spreek. Onverwags het in haar midde 'n nuwe belyde gegroei, en is 'n nuwe kerklike lewe en optrede voorberei.

Die groot vraag was egter: Sou in die na-oorlogse jare die Kerk verder gaan op hierdie nuwe weg, of sou sy terugkeer tot die voor-oorlogse swygsaamheid en passieviteit? Dit is inderdaad nog altyd die beslissende vraag vir die Kerk in Nederland in hierdie jare: word die vernuwing van die Kerk oorwegend geneem, sodat sy tot stilstand kom — of sal die Kerk kan voortgaan en sal sy dieper en breëer as tevore die hele gemeentelike lewe kan vernuwe?

Die antwoord op hierdie vrae kan seker nou nog nie gegee word nie, nou dat ons ons nog temidde van die stryd om hierdie vernuwing bevind. Daarom word almal, wat die toestand van die Kerk ken, telkens vervul met hoop én met sorg. Hoop, dat die Kerk moediger, beslister, en eensgesinder as vroeër haar roeping sal verstaan en volg en 'n Christus-belydende Kerk sal wees tot seën vir die hele volkslewe. Maar tog óók sorg dat die Kerk weer sal terugval in die vroeëre dubbelsinnigheid, verdeeldheid en onbeslistheid. Vanuit hierdie hoop en sorg wil ons dan ook een en ander in verband met die toestand van die Hervormde Kerk bespreek. Dit is allereers 'n oorsaak van groot vreugde, dat sinds 1945, die *Generale Synode* van ons Kerk om die twee of drie maande 'n week lank vergader, beraadslaag en besluite neem. 'n Paar eeue lank kon daarvan geen sprake gewees het nie. Die sake is afgehandel deur 'n klein administratiewe kollege, wat seer ten onregte die naam van Synode gedra het, maar wat geen bevoegdheid gehad het om geestelike, bindende besluite te neem nie. Sinds 1945 is dit anders. Die Generale Synode, wat nou reëlmatig saamkom, is saamgestel uit 45 lede (waarvan 30 predikante en 15 ouderlinge is) wat almal afgevaardig word deur één van die 45 classes van die Kerk en daaraan weer verslag doen, sodat daar 'n lewende

verband is tussen Synode en gemeente. Bowendien is daar 'n twintigtal deskundiges op allerlei kerklike gebiede (bv. diakonie, kerkvoogdy, Oekumeniese Raad, kerklike Hoogleerare ens.) lid van die Synode. Om die drie jaar wissel die Praesidiaat (voorsitterskap) terwyl dr. E. Emmen die vaste Sekretaris is.

Elke keer, as die Synode 'n week lank vergader in een of ander konferensie-oord, sit al die lede eers saam aan die Heilige Avondmaal. Dit is tipies. Hier is nie slegs 'n vergadering nie, maar 'n gemeenskap van broeders wat saam beraadslaag en besluite neem, wat diep ingryp in die lewe van die Kerk. Ek noem enkele onderwerpe waar die laaste vergadering beslissinge oor geneem het: 'n kanselboodskap oor die kommunisme; 'n brief aan die Ministerraad oor die sg. prosessie-verbod; 'n brief en getuienis oor die beleid in Indonesië; 'n getuienis oor die volk Israel en die instelling van 'n Israel-Sondag; die aanvaarding van 'n nuwe belydenisgeskrif „Fundamenten en Perspectieven"; die voorbereiding van 'n nuwe Psalmberyming; die instelling van 'n nuwe seminarie vir teologiese kandidate; 'n nuwe predikantsplek in Frankryk; en baie, baie ander belangrike besluite.

Ek hoop om netnou op enkele van hierdie sake terug te kom. Maar ook so is dit al duidelik dat die Synode gelei word deur 'n diep verantwoordelikheidsbesef teenoor Kerk en volkslewe; dat die Synode erns maak met 'n nuwe belydenis van die waarheid, en met 'n duidelike getuienis teenoor volk en owerheid. Dit is verblydend, aangesien in die Synode saamwerk ampsdraers van taamlik verskillende teologiese en kerklike kleur en rigting. In ons, dikwels so verdeelde Kerk, word hier op 'n verblydende wyse 'n gemeenskaplike verantwoordelikheid jeens ons Kerk openbaar.

Maar nou het ek nog nie die onderwerp genoem wat in hierdie jare in die eerste plek die gespanne aandag van die Generale Synode geniet het nie: die Nuwe Kerkorde. Eintlik gaan die Kerk by die ordening van die hele kerklike lewe 'n nuwe weg inslaan.

Meer as 'n eeu lank was, en is nog, 'n „Algemene Reglement" van krag, wat die Kerk verhinder om op die regte wyse Kerk van Christus te wees, al is daar sinds 1945 vir die oorgangsjare 'n sg. „werkorde" van krag. Reeds gedurende die

oorlog is daar 'n nuwe ontwerp-Kerkorde voorberei, wat in November 1947 aan die Genrale Synode vir beoordeling voorgelê is. Dit is verdeel in 'n Kerkorde en 18 ordonnansies, wat uitvoerig die ingewikkelde stof orden van allei kerklike organe en afsonderlike sake (bv. Jeugwerk, Sakraments-bediening, Kategese, Opleiding van teologiese studente e.d.m.). In die loop van 1948 het die Synode al 'n uitspraak gegee oor die ontwerp-Kerkorde: Dit is met algemene stemme aangeneem. Vir verdere bespreking en advisering moet dit nou nog aan die ander kerklike vergaderinge (Kerkrade, Classes- en Provinsiale Vergaderinge) voorgelê word. In 1949 is die Synode nou besig met verdere bespreking, beraadslaging en beslissing oor die ingewikkelde ordonnansies. Baie dae en selfs ook nagte lank word die verskillende standpunte en insigte teenoor mekaar bestel en bespreek. Na meer of minder ingrypende wysiginge word die verskillende ordonnansies, wat dus die kerklike lewe en handele nader uitwerk, die een na die ander aangeneem. Die verwagting is daar dat binne enkele jare — vele hoop selfs in 1950 al, hierdie Kerkorde, in hoofsaak altans, definitief aanvaar en ingevoer sal word.

Natuurlik hang daarby baie af van die vraag hoe hierdie nuwe Kerkorde deur Kerkrade, Classicale en Provinsiale Vergaderinge beoordeel sal word. Voorspellings hieroor kan mens nie maak nie, maar as daar ag gegee word op wat tot nog toe gepubliseer is, kan mens wel sê dat daar oorwegend 'n groot dankbaarheid en duidelike bereidheid is om die nuwe Kerkorde in hoofsaak te aanvaar. Slegs van twee kante word oorwegend besware geuit. Ten eerste deur die sg. „Zwingli-groep", 'n klein groepie ultra-vrysinniges, wat die ontwikkeling na 'n belydende Kerk, waarin die Heilige Skrif gesag het, nie kan of wil ondersteun nie. Hierdie „Zwingliane" lewe nog heeltemal uit die 19e eeuse gedagtes van vrye vroomheid, godsdienstige verdraagsaamheid, afwysing van kerklike belyde en skriftuurlike gesag. Hierdie standpunt sal wel onversoenlik bly teenoor die Kerkorde, wat duidelik 'n belydende Kerk, gebonde aan die Heilige Skrif, voor oë het.

Minder duidelik is die standpunt van hulle wat georganiseer is in die „Gereformeerde Bond tot verbreiding en verdediging der waarheid". In hierdie Bond, waarvan vroeër prof. dr. H. Visscher voorsitter was, en nou prof. dr. J. Severijn, van Utrecht, leef nog sterk die neo-Calvinistiese gees van dr. A. Kuyper se teologie; maar die Bond is alles behalwe 'n eenheid. Daar is in hierdie Bond ook verskillende tendense en nuauces. Daar is die leerlinge van die begaafde, breed-reformatories denkende Ds. J. G. Woelderink, wat in eie kring moet stry teen sektarisme en wat die nuwe Kerkorde warm en beslis steun. Dan is daar aan die ander kant die vriende van ds. J. Kievit, wat suiwer sektariese kerkideale aanhang, wat die nuwe koers van die Kerk met hand en tand beveg. Daartussen is die breë groep waarvan prof. Severijn die leidsman is, en wie se kerklike houding vaak onduidelik en innerlik-teenstrydig is. Alles sal daar dus van afhang of in hierdie kringe kerklike of sektariese denke die leiding sal kry.

Vir die Zwingli-groep gaan die Kerkorde dus te ver in sy gebondenheid aan die Heilige Skrif, vir die Kievit-groep gaan dit nie ver genoeg nie, want lg. wil die uitbanning van almal wat nie in hulle gevoelens deel nie. Met uitsondering van hierdie uiterste groepe is daar egter groeiende eenstemmigheid oor die nuwe Kerkorde in die breë kringe van die Kerk. Natuurlik sluit dit nie uit nie dat oor allerlei onderdele nog baie verskillend gedink word nie. So het daar baie beswaar gekom teen die oplossing van die vraagstuk: bestuur en beheer. Die oplossing is daarin gesoek dat die kerkvoog ouderling word met spesiale opdragte. So is ook die reëling, waarby naas die ampte veel bedieninge ingevoeg word, 'n netelige terrein, waaroor nog baie teologiese en kerkregtelike diskussies gevoer sal word. So sal andere ook nog wel voorstelle maak om in die nuwe Kerkorde die vrou ook toe te laat tot die predik-amp. Tenslotte het vele — wat vrysinnig gesind is — wat die opsig en tug in die kerk wel noodsaaklik ag tog groot besware teen justisiële leer-tug, wat hulle wil onderskei van judisiële. (In die laaste geval word aan hulle, wat op bedenklike wyse afwyk van die belydenis van die Kerk alleen 'n judicium, 'n advies, gegee om hulle amp neer te lê; in die eerste geval is die kerklike uitspraak bindend.) Hoe die Kerk in al hierdie en nog ander onderdele haar sal uitspreek; is nog nie te sê nie.

Maar belangriker is die groeiende bereidheid om die weg, wat die Kerkorde aanwys, te begaan. Watter weg is dit?

Kenmerkend vir die nuwe Kerkorde is allereerst die groot plek wat daarin gegee is aan *die apostolaat*. Die lewe en handeling van die Kerk word heeltemal daardeur beheers, dat die Kerk in die apostoliese houding lewe, dat die Kerk gestuur is, dat die Kerk op weg is na andere, om ander te dien met haar Boodskap. Vandaar die nadruk op die getuienis tot volk en owerheid. Vandaar die verantwoordelikheid vir die volkslewe, vir die wat van die Kerk vervreem is, vir allerlei groepe van die bevolking (jeug, seevarendes, leër en vloot, studente ens.). Vandaar die gespanne verlange om al die kragte, wat 'n sendingstaak het in ons volkslewe, in te span (pers, skool, film, radio). Daarmee gaan die kerk 'n ander voorkoms vertoon as in die 16e of 17e Eeu. Die verwêreldliking het sulke ontstellende afmetings aangeneem, dat die Kerk in hierdie tyd alleen Kerk van Christus kan wees, deur in hierdie tyd te besef dat sy 'n gestuurde is, deur haar hele lewe vanuit die apostolaat te orden.

So wys en baan die nuwe Kerkorde die weg, wat die Kerk feitlik hierdie jare, rondtastend en soekend, maar tog met groot beslistheid, as die goeie weg leer sien het. Die vervreemding van Kerk en wêreld blyk so groot te wees, maar ook die verantwoordelikheid van die Kerk is opnuut weer só diep verstaan, dat nuwe weë in allerlei rigtings deur die Kerk ingeslaan word. Terwyl die Kerk sig vroeër te veel terug getrek het uit die openbare lewe, probeer die Kerk nou om deur middel van pers en radio, deur skool en jeugwerk in die middel van die volkslewe te staan. Nie uit „Hervormde imperialisme" nie, maar om ons volk te dien met die Evangelie. Daarvoor is ook die stigting „Kerk en Wêreld" te Driebergen, die sentrum van alle evangelisasie werk, waar die sg. Wika's (werkers in kerklike arbeid) opgelei word, en waar nuwe weë gesoek word o.a. deur konferensies met beroepsgroepe (joernaliste, kunstenaars, ekonome, ens.).

Al hierdie arbeid, wat in hierdie jare gegroei het, moet gelei word deur rade, werkgroepe, kommissies of spesiale afgevaardigdes. Maar ook daaruit blyk dit hoe nodig dit is dat dit alles onder die vleuels van die Kerk ingebring word en in die organisme van die Kerk ingeskakel word. So lei 'n vernude insig in die wese en roeping van die Kerk in die hede tot 'n gewysigde struktuur waarby die Kerk sig primêr ingestel weet op die apostolaat.

Tegelykertyd het die besef ontwaak dat die Kerk haar roeping alleen kan vervul in occumeniese verbondenheid met ander Kerke. 'n Lewendige kontak het in hierdie jare gegroei met vele Kerke in ander lande (ook in Duitsland), en 'n vernude gesprek met Susterkerke in ons eie land word begin of voorberei.

In die tweede plek wil die Kerkorde 'n middel wees, waardeur die Kerk weer sal kom tot 'n *vernude belydenis*, en dit „teen die afgode en versoekinge van hierdie eeu, rondom ons en in ons"). Die lede van ons Kerk vra telkens voorligting in vele vraagstukke m.b.t. die geloof, geestelike lewe, sedelike oordeel en lewenshouding, waarop die Kerk 'n duidelike antwoord moet gee, sodat mens kan weet wat die Heer van ons vra. Bowendien was die Kerk vir solank nie gewoond om duidelik te bely nie, dat sy vergeet het wat dit beteken om in hedendaagse toestande in ooreenstemming met die belydenis van die vadere te staan. Die lewe van die Kerk en die teologie het steeds meer gaan ontwikkel buite die belydenisskrift om. Daar het, soos gesê is, 'n belydenisvrees en 'n belydeniskramp ontstaan. Nog altyd is die Kerk verdeel deur rigtingstryd en nog telkens kom 'n bandelose indiwidualisme in prediking, liturgie en kategese na vore.

In die nuwe Kerkorde erken die Kerk weer duidelik dat die regte belydenis ook tot die Kerk behoort. Die Kerk word daarin opgeroep „om in dankbare gehoorsaamheid aan die Heilige Skrif, in gemeenskap met die belydenis van die vadere, en in haar besef van verantwoordelikheid vir die hede, belydenis af te lê van die openbaring van die Drieënige God". Met groot sorg is hierdie weldeurdagte formulering gevind en opgestel. Miskien sal dit nog nie vir elkeen bevredigend wees nie — die een vind daar te min waarborg in dat mens nie afwyk van die klassieke belydenis nie, die ander vind dit weer te veel gering na die verlede. Maar deur hierdie, of 'n soortgelyke formulering, moet tog uitgedruk word dat die Kerk ten volle erns wil maak met 'n vernude belydenis van die waarheid van God.

In hoeverre dit vir die Kerk erns is, het in hierdie jaar dan ook geblyk, deurdat reeds 'n belangrike poging in hierdie rigting gedoen is. Na twee jaar van grondige voorbereiding het daar 'n voorbereidende uiteensetting van 'n nuwe belydenis gereed gekom in 'n geskrif getitel: „Fundamenten en Perspec-

tieven van belijden". Teoloë van verskillende opvatting en rigting het saamgewerk in die samestelling van hierdie geskrif, sowel prof. Miskotte as prof. van Ruler, dr. H. Berkhof en dr. G. P. van Itterzon. „In die geheel van hierdie ontwerp", so verklaar hierdie kommissie, „sien ons die belofte van 'n groeiende geloofseenheid in ons verdeelde Kerk."

Natuurlik het hierdie geskrif nie die gesag van 'n kerklike belydenisgeskrif nie, maar wel is dit van hoë waarde as inleiding, uitgangspunt en leidraad by die uiteensetting wat ons Kerk gee as haar belydenis. Dit is met vreugde in ons Kerk ontvang en die geskrif bewys reeds orals diens. In ongeveer negentien artikels word o.a. gehandel oor Jesus Christus, Sy persoon en Sy werk, die Heilige Gees, Geloof en werke, die Kerk, die geskiedenis, die owerheid, Israël, die Voleinding, terwyl met 'n lofprysing afgesluit word.

So kan reeds noual hierdie nuwe belydenisgeskrif verduidelik en tegelyk ook bevorder, wat die nuwe Kerkorde eintlik bedoel. 'n Verdere stap is geneem op die weg na 'n nuwe belydenis.

* * *

Is dit wonderlik dat hierdie nuwe weg in die gemeentes baie vrae, baie aarseling en bedenkinge, ja, selfs baie weerstand opwek? Reeds 'n lang tyd al is die gemeente nie meer gewoond om erns te maak met haar apostoliese roeping, en om duidelik te spreek en te bely nie. Die mense vind dit vreemd. Waarom sulke nuwe weë? Is die ingeslane weg nie gewaag of gevaarlik nie? Waar loop dit alles op uit?

So ontstaan die spanninge en weerstande wat telkens in ons Kerk openbaar word. Ek noem vier dergelike spannings.

1. *Leiding en Gemeentes.*

Van die Generale Synode en haar organe gaan daar op allerlei gebied 'n sterk, sentrale leiding uit. Vanuit 'n breë visie werk dit op vinnige tempo. Sy neem die voortou en slaan nuwe weë in. Maar die gemeentes mis baiemaal die visie en die vaart, hulle voel hulle bedreig in hulle vryheid en geskok in hulle rus. So dreig die moontlikheid van 'n kloof tussen sentrale leiding en kerkvolk, tussen „Den Haag" en die gemeentes.

Hierdie spanning is nie sonder meer die teenstelling tussen progressiewes en konserwatiewes nie. Binne die Kerk kan nooit sonder meer die reg uitsluitlik aan één van beide kante wees nie. Dit gaan om iets anders. Dit gaan daarom, dat die Synode die leiding, omdat sy haar geestelik gegryp weet deur die opdrag van die Kerk, tog telkens moet vooruitloop in haar spreke, en handelinge op besluite, wat eers later, onder die nuwe Kerkorde, geneem kan word. Die nood dwing die Kerk wel om méér sentrale leiding te gee dan wat in 'n suiwer presbiteriale Kerkorde verwag word. Maar die gemeentes sien die nood dikwels nie duidelik genoeg nie.

2. *Politieke verskeidenheid en kerklike eenheid.*

Besondere spannings kom in hierdie jare voor omdat in die gemeente baie verskillende politieke insigte gehandhaaf word, en baie gemeentelede en predikante tot verskillende politieke partye behoort. Hierdie staan skerp teenoor mekaar, met name ten opsigte van die brandende Indonesiese vraagstuk.

Tog meng die Kerk haar nie in die politieke stryd nie. Maar die Kerk spreek so af en toe tog 'n kerklike woord, 'n getuienis of 'n waarskuwing. Die Kerk moet haar ongerustheid uitspreek oor die feit dat lede van dieselfde Kerk mekaar soms die naam van Christen ontsê, of mekaar se Christen-wees beoordeel na die politieke beslissings wat andere neem.

Dit behoort tot die besondere spanninge van hierdie jare dat die gemeentelede leer om die verskeidenheid van politieke insigte te erken en om tóg die geloofseenheid te bewaar. Die Christelike gloof is nie verbonde aan één party nie. Die Avondmaalstafel verenig almal, wat Christus bely, al is hulle ook politiek mekaar se teëstanders.

3. *Apostolaat en antithese.*

Die Kerk het in hierdie jare opnuut weer haar apostoliese roeping ontdek. Die Kerk wil in die middel van die wêreld staan en in eenheid en gemeenskap met die hele volkslewe wil die Kerk dien en help. Maar die gemeentes is nog grootliks onder die invloed van die gedagte van die antithese wat in ons volk ingedryf is deur dr. A. Kuyper; nl. die noodsaaklike, sigbare afsonderlike organisering van die gelowiges op alle

terreine van die lewe. Apostolaat en antithese bots en stry 'n hewige stryd met mekaar. Van beide kante word besef dat dit 'n stryd om lewe of dood is. Die bekende boek van dr. C. J. Dippel, „Kerk en Wereld in de Crisis" (met 'n inleiding van prof. dr. K. H. Miskotte) is 'n magtige, skerpgestelde en goeddeurdagte getuienis teen die antithese op sosiale en politieke gebied. Dit open die oë om te sien hoe juis hier beslissinge sal moet val en hoeveel stryd hier gestry sal moet word.

4. *Profetiese en Priesterlike Prediking.*

Eintlik is daar in die gemeentes dikwels onrus oor die hedendaagse kerklike prediking.

Baie predikers het weer met vreugde ontdek dat die Bybel getuig van 'n sendingsopdrag in die wêreld, van gebooie m.b.t. ons naaste, van verantwoordelikheid en roeping. Maar hulle is blootgestel aan die gevaar om eensydig te word. Hulle vergeet dat daar nog baie meer in die Bybel staan. Die gemeentes moet dan kla dat hulle so min hoor van die enigste troos, van krag en vrede en die persoonlike geloofslewe, van lig en uitsig in die ewige lewe. Profetiese prediking word dan 'n teenstelling teenoor priesterlike prediking. Wat God saamgevoeg het word dan deur mense geskei.

Tallose predikante worstel met hierdie vraagstukke, en baie gemeentes verstaan hierdie sorge. Hulle stry teen die versoeking van eensydige wêreldvlug, maar ook teen die moralistiese wetsprediking. Hulle probeer om trou te wees aan hulle opdrag om profeties én priesterlik te preek — die beloftes in die gebooie van God, vir tyd en ewigheid, die heerlikheid van Christus én die aardse roeping.

Só soek Synodes, predikers en gemeente-lede, tastend hulle weg, om trou te wees aan die Heilige Skrif en om ons te dien. Ondanks alle probleme en alle gevare probeer die Kerk om gehoorsaam te wees aan haar Heer.

* * *

Die *teologiese* lewe in Nederland is nie so maklik om te beskryf nie. Dit is minder grypbaar en minder oorsigtelik. Tog is dit uitermate belangrik in watter rigting die teologie hier ontwikkel. Die teologie van vandag bepaal dikwels die gang van

die gemeente van môre. Inderdaad vind daar merkwaardige wysigings en koersveranderings plaas in die teologiese denke van hierdie jare binne die Hervormde Kerk in Nederland.

Die sterk invloed van Barth se teologie het, sover mens kan sien, nog lank nie in krag afgeneem nie. Aan al die universiteite word die dogmatiek deur Hervormde kerklike hoogleerare in sy gees gedoseer: in Groningen deur prof. dr. Th. G. Haitjema, in Utrecht deur prof. dr. S. F. H. J. Berkelbach van der Sprenkel, in Leiden deur prof. dr. K. H. Miskotte en in Amsterdam deur prof. dr. G. C. van Niftrik. Barth se boeke word baie gelees en daar verskyn voortdurend geskrifte van of oor hom. Ook in die breëre geesteslewe, ja tot in die politieke lewe toe, is sy invloed werksaam; al word hy ook nog hewig bestry met name deur die neo-Calvinistiese teologie. Naas sy vroeëre bestryders het in die vorige jaar die Gereformeerde prof. dr. S. V. Zuidema as vinnige en fel bestryder van Barth na vore getree, maar sy polemiek maak oor die algemeen geen indruk nie. Mens het eerder die indruk dat die betekenis en die konsekwensies van Barth se teologie só groot is, dat daar maar min is wat dit geheel kan oorsien en volg; en dit is ook nog nie te voorsien waarnatoe hierdie bevryding van alle skolastiek op die lang duur sal lei nie.

Daarnaas trek twee ander teologieë veral die aandag. Daar is die *Sakraments-teologie*, veral bepleit deur prof. dr. G. van der Leeuw (Groningen), wat geesdriftige aanhang vind by 'n aantal jongere teoloë, wat die sakrament, met name die Heilige Avondmaal sentraal stel en vandaar uit die teologiese en kerklike lewe wil opbou.[1]) In 'n heeltemal ander rigting ontwikkel prof. dr. A. A. van Ruler (Utrecht) 'n eie tipe van teologiese denke. Hoewel hy aanvanklik by Barth aangesluit het, het Van Ruler tog 'n heeltemal eie kyk en stel hy heeltemal ander probleme aan die orde: die Heilige Gees en die getuienis, Koninkryk Gods en Kultuur, theokrasie en kerstening van die openbare lewe. Hierdie *theokratiese teologie* sluit ten nouste aan by bepaalde Nederlandse teologiese tradisies, met name by die lyn wat Hoedemaker getrek het, maar dit verbind ook daaraan heeltemal nuwe kultuurinsigte wat ook politieke gestalte aan-

---

[1]) Dr. G. van der Leeuw, Sacramentstheologie 1949; dr. W. Aalders, Cultuur en Sakrament, 1948.

neem. Hoewel hierdie teologie nog baie bestryding ondervind is dit uitermate boeiend en stel dit heeltemal nuwe probleme aan die orde.[2])

Van 'n eie vrysinnige teologie is nouliks meer sprake. Figure soos prof. W. Banning (Leiden), prof. G. Sevenster (Leiden), prof. J. N. Sevenster en prof. H. de Vos (Groningen), almal van vrysinnige afkoms, nader steeds meer en meer die kerklike belydenis. In sommige historiese en eksegetiese teologiese werke werk die modern-kritiese denkbeelde van die vorige eeu nog deur (prof. P. A. H. de Boer, Leiden; prof. C. Bleeker, Amsterdam; prof. J. Lindeboom, Groningen), maar nuwe weë wys dit nie aan nie.

Daar is uiteraard baie ander belangrike teologiese arbeid wat nou aansluit by historiese insigte, en daarop voortbou en nie op sulke, daarvan afwykende weë, gaan nie [op die gebied van Ou Testament: Vriezen (Groningen); Edelkoort (Utrecht); van Godsdiensfilosofie en Etiek: Severijn (Utrecht) en Van Oyen (nou in Bazel).]

Tog is met hierdie aanduiding die teologiese lewe nog nie genoeg gekarakteriseer nie. Die kenmerkende is veeleer dat die teologie self in 'n krisis is. Nuwe probleme dring hulle op. Daar word meer rondgetas na nuwe weë as wat daarop gegaan word. 'n Paar van hierdie probleme kan tenslotte nog aangedui word.

Allereers is daar alle rede dat die probleem: *Rome en die Reformasie* opnuut bondig en veelsydig deurdink word. Deur nuwe R.K. teoloë word baie sentrale vrae opnuut krities deurdink en geformuleer: natuur en genade, genade en geloof, openbaring en woord, die sakramente, Maria, die toleransie. Rome vra telkens of die Reformasie op die lang duur tog nie 'n vergissing gaan blyk te wees nie. Daarby kom, dat die nuwere, moderne protestantisme dikwels van Rome 'n karikatuur-tekening gegee het. Rome stel nie alleen die magsvraag maar ook die waarheidsvraag. So is daar alle rede om die godsdienstige gesprek met Rome opnuut te hervat. In 'n klein kring is daar op verskillende plekke verskillende Hervormde

[2]) Dr. A. A. van Ruler, Religie en Politiek, 1945; id., Visie en Vaart, 1947; id., Droom en Gestalte, 1947; id., De Vervulling der Wet, 1947.

teoloë by hierdie gesprek oor die dilemma Rome-Reformasie betrokke. 'n Groot stryd word hervat. 'n Geweldige agterstand moet ingehaal word.[1])

Hiermee hang saam 'n nuwe besinning op die vraag van *sakrament*, liturgie, ampte en bediening, kerkbou. Die Reformasie is ook hier in die krisis. Het die Reformatore hier die laaste woord gespreek? Wat behoort tot 'n Gereformeerde liturgie? Moet ons hier van ander Kerke leen? Die restorasie of weeropbou van soveel, in die oorlog verwoeste kerke stel ons voor die vraag: Hoe moet ons kerke ingerig word? (Wat is die plek van Preekstoel, Doopvont, Avondmaalstafel, Kniebanke?) Sowel Rome as die oecumeniese beweging dwing die teologie om grondige antwoorde op hierdie en dergelike vrae te gee. Ook hieroor is die gesprek in volle gang.[1])

Van 'n heeltemal ander aard is die vrae wat saamhang met die *prediking*. Hoe moet die Christelike boodskap gebring en in nuwe woorde gesê word vir die mense van ons tyd? Sommige bepleit 'n so radikale omsetting in nuwe woorde, dat gevra moet word of dan nie 'n ander boodskap gebring word, in plaas van 'n omsetting in nuwe woorde van die ou, ewige boodskap nie. Maar die probleem van Evangelisasie en verstaanbare prediking in hierdie, van die Evangelie vervreemde wêreld, verontrus baie mense en dit beheers telkens weer baie gesprekke.

Daar is nog ander probleme waarteenoor die teologie gestel is. Teologiese besinning oor die volk en die staat *Israel* word telkens gevra en hou 'n aantal teoloë baie besig.[2]) Die vrae wat die jong kerke in *Indonesië* aan die orde stel, word deur ander werkers in diens van Kerk en Sending, teologies deurdink.[3])

[1]) Dr. H. van der Linde, Rome en de Una Sancta 1947; Dr. G. C. Berkhouwer, Conflict met Rome, 1948; Dr. O. Noordmans, Natuur en Genade by Rome, 1949; Rooms-Katholisisme-uitgawe van „Wending". 1948.

[1]) Dr. A. F. N. Lekkerkerker, De Reformatie in de Crisis, 1949; Het Avondmaal (spesiale uitgawe Vox Theologica) 1949.

[2]) Israel-uitgawe van „Wending", Julie 1949; maandblad „Kerk en Israel".

[3]) Prof. Dr. J. M. J. Schepper, Vryheid van Godsdienst en de Verhouding Kerk en Staat, 1948; Dr. J. Verkuyl, Enkele aspecten van het probleem der Godsdiensvryheid in Azië, 1948; Dr. J. C. Hoekendyk, Kerk en Volk in de Duitsche Zendingswetenschap, 1948.

Enkele is intens besig met die vraag na die goeie reg van 'n Christelike wysbegeerte, en hulle deurdink die vrae van filosofie en teologie.[1]) Die *oecumeniese* verbondenheid met ander Kerke stel weer ander vrae, van groot draagwydte, aan die orde wat nog maar nouliks te stel is maar wat in die toekoms seker steeds meer aan die orde sal kom.

Baie meer kan hier nog genoem word. Maar ek vrees, dat hierdie opsomming eerder te veel as te min name en sake noem. Mag die indruk gewek of verwek word dat die Kerk en teologie in Nederland telkens voor nuwe beslissinge gestel word, om getuie te wees van die Evangelie van Jesus Christus. Kerk en teologie is waarlik in die krisis van die vernuwing deur die Heilige Gees — òf die terugval in ouere of nuwere menslike gebondenhede.

Want die eintlike vernuwing van die Kerk lê nie in die menslike hand nie. Die Kerk sal bo alles moet bid oor die regte vernuwing en sy vra aan haar Susterkerk om haar ook op te neem in haar voorbede. Daarom sal die Kerk dit alleen as genade mag sien en uit Gods Hand mag aanneem, as aan haar 'n verdere vernuwing sou geskenk word, en sy daarmee haar diens aan die wêreld sou kan bewys.

H. C. TOUW.

Utrecht, Nederland,

Julie 1949.

---

[1]) Dr. A. E. Loen, De vaste grond, 1946; id. Inleiding tot de wysbegeerte, 1947; Dr. J. J. Louet Feisser, Prof. Dr. Ph. Kohnstamm, e.a. De Christen-akademikus en de Wetenschap, 1949.



Hendrik Vermooten

HERVORMDE KERKE VAN HENDRIK VERMOOTEN

In die laaste vyftig jaar was daar 'n hele paar lede van die Ned. Hervormde Kerk wat as argitekte uitgemunt het, en verskeie sierlike kerkgeboue ontwerp het, nie alleen Hervormde kerkgeboue nie, maar ook van ander kerklike gemeenskappe. Maar waar ons daardie argitekte hier noem, bepaal ons ons



Brixton

alleen by die Hervormde Kerke wat hulle gebou het.

In die eerste plek dink ons aan die here Kraan en Weyers wat die kerkgebou van Pretoria wat op 25 Februarie 1905 ingewy is, ontwerp het. Die heer Kraan is reeds verskeie jare oorlede; die heer Weyers wat eenkeer ook diaken was, is nog in lewe, en is reeds hoog bejaard.



Lydenburg

Dan was daar ook die heer Westmaas. Hy het die kerkgeboue op Bronkhorstspruit en Nylstroom ontwerp. Die kerk op Bronkhorstspruit is een van die grootste, miskien die allergrootste plattelandse kerk in Transvaal, en ook een van die mooistes. Die kerk op Nylstroom is ook baie sierlik, en as die



Noordwestelike Pretoria

toring eenmaal gebou is, en ons wil hoop dat dit spoedig sal gebeur, sal dit ook 'n sieraad wees.

'n Ander argitek van naam was wyle die heer G. M. J. Geers, oor wie ons na sy oorlyde 'n artikel in die Kerkalmanak van 1946 geplaas het met portrette van veertien verskillende deur hom ontworpe kerkgeboue. Sy werk word deur die firma



Alberton

Geers en Geers onder leiding van sy vader, L. Geers, voortgesit, wat die kerke van Standerton en van Pretoria-Wes ontwerp het.

In hierdie uitgawe van die Almanak plaas ons kerke van die argitek Hendrik Vermooten, en van Johannes Neethling van die firma Bosman en Neethling.

Die heer Vermooten is nog jonk, soos sy portret ook laat



Brits

sien. Sy kerke kom ooreen wat boustyl aanbetref, met die van wyle die heer Geers met wie hy 'n tyd lank verbonde was. Die volgende Hervormde kerkgeboue is deur hom as argitek gebou: Brits, Brixton, Lydenburg, Noordwestelike Pretoria, Alberton, terwyl die kerk wat Rustenburg met die eeufees bou, ook van hom is.

S.P.E.

TOELIGTING BY DIE KERKLIKE JAARKRING EN ANDER GEDENKDAE.

Die belang van die opvolging van die kerklike jaar mag nie onderskat word nie. In die eerste plek gee dit aan die prediking 'n vaste lyn. Vir die predikant beteken dit, dat hom 'n helpende hand gebied word by die keuse van sy preekstof; ook, dat hy gedwing word om onderwerpe te behandel, waar hy miskien uit sigself nie dikwels oor sou preek nie. Maar dit het ook vir die gemeente groot waarde. Dit maak dit makliker vir die gewone gemeentelid om mee te lewe met die kerklike gedagtegang. As ons kerktoe gaan, weet ons tevore watter heilsdaad van God die besondere onderwerp van hierdie Sondag is, en ons kan ons deur ons Bybellektuur gedurende die week daar reeds op voorberei. In die derde plek word ons Kerk as 'n geheel deur die kerklike jaar nouer verbind aan die Susterkerke orals op die wêreld. Dis 'n verheffende gedagte, dat waar die gemeente van Christus bv. op 4 Junie 1950 bymekaar mag kom, altyd die eerbiedige en dankbare oordenking van die misterie van die Heilige Drieëenheid die hoofde en harte tot God sal verhef.

Dit mag dan ook verwag word, dat die leiers van die godsdiensoefeninge hulle getrou aan die gang van die kerklike jaar sal hou. Dit mag nie voorkom nie — soos in die verlede wel eens plaasgevind het — dat 'n gemeente op Pinksterdag niks oor die Heilige Gees verneem nie. Al kan die predikant nie deur sy kerkraad gedwing word om 'n bepaalde onderwerp te behandel nie, dit neem nie weg dat hierdie dinge tog deur predikant en ouderlinge onderling bespreek kan word; die prediker behoort van tyd tot tyd die woord van die Apostel ter harte te neem: Alles is my geoorloof, maar nie alles stig nie.

Ons wil nou die lys van kerklike en ander gedenkdae volg en 'n paar opmerkings oor die prediking in verband daarmee maak.

1 JAN. Teenswoordig word meer op Oujaarsaand kerktoe gegaan as op Nuwejaarsmôre. Vroeër was dit anders. Mens kan dit nog sien in die ou gesangboeke, waarin drie die opskrif

het „Op het nieuwe jaar", en geen „Op het oude jaar" voorkom nie. Selfs die „Ure, dae, maande, jare" wat nou „Oujaarsaand" betitel is, was oorspronklik op die nuwe jaar gedig. Nog ouer is die gebruik, om op hierdie dag te preek oor Luk. 2:21. Inderdaad is 1 Jan. die agste dag (volgens Bybelse rekening) na die Kersfees. En waar wil mens die nuwe jaar liewer mee begin as met die naam Jesus, Saligmaker?

1 JAN.— 19 FEBR. In hierdie tyd sal die prediking dade en woorde van die Here Christus volgens die Evangelies behandel. 'n Groot deel van die Christenheid vier op 6 Januarie die Epiphanië-fees, waarop die doop van die Here deur Johannes herdink word. Miskien lê daar vir die prediker 'n aanwysing in om op die daarop aansluitende Sondag, 8 Januarie, sy uitgangspunt in Matt. 3:13-17 en ooreenkomstige plase te neem. Vir die daarop volgende Sondae sal ons geen vaste reël gee nie, maar volstaan met die raad, om tevore die stof vir die vyf Sondae vas te stel. Anders kan dit gemaklik gebeur dat die gemeente die 22ste Januarie na 'n vroeër punt in die Evangeliese geskiedenis gevoer word as wat die 15de behandel was. Dit werk verwarrend en maak dit noodsaaklik om elke afsonderlike preek met 'n historiese uiteensetting te begin; die gemeente hou daar nie van nie.

19 FEBRUARIE. Die lydenstyd begin. Die een sal hierdie Sondag 'n aanvang maak met die behandeling van die lydensaankondiginge van die Here; die ander sal miskien sy uitgangspunt neem by die woorde „Kyk, ons gaan op na Jerusalem" (Mark. 10:33). Dis 'n daad van eenvoudige gehoorsaamheid aan die woorde van die Here self (Matt. 26:13), om die salwing deur Maria te Betanië as onderwerp van die oordenking te kies. Maar in ieder geval, hier is dit meer as ooit noodsaaklik, om 'n lys van onderwerpe vir die prediking van die volgende sewe weke vas te stel. Die lydenstyd is die enigste periode in die lewe van die Here wat ons van dag tot dag en amper van uur tot uur kan volg; hier mag ons in die volgorde geen verandering aanbring nie.

7 APRIL. Die naam „Goeie Vrydag", wat uit die middeleeue stam, laat ons onthou, dat hierdie dag, hoeseer ook stemmend tot inkeer en boete, nie tot 'n dag van weemoed en medelye gemaak mag word nie. Die dood van onse Heiland is nie

'n tragiese lot nie, maar 'n heilsdaad. Ons mag ons prediking dus nie in die toonaard van die slotkoor van Bach se Mattheuspassion set nie. Dit is Goeie Vrydag: dag van skuldbelydenis en blye dankbaarheid, want die werk van Gods genade is ook vir ons volbring.

9 APRIL. Hierdie jaar val die eerste Paasdag saam met die biddag vir die oes. Dit spreek natuurlik vanself dat die heilsgebeure op die Paasdag vir die Kerk belangriker is as die bede om seën in die lewe van die natuur. As daar dus 'n botsing tussen die twee onderwerpe sal kom, behoort die biddag vir die oes die veld oor te laat aan die Paasviering. Maar miskien is die saamtref van hierdie twee onderwerpe wel 'n aanleiding om te handel oor natuur en genade, in hul ooreenkoms en verskil.

18 MEI. Dit is 'n dag waarvoor die prediker hom ekstra moete moet gee. Want op die Hemelvaartsdag is die kerkgang gewoonlik uitermate gering, sodat die paar mense, wat hul trou laat blyk, reg het op 'n besonder bemoedigende woord. Die Kategismus is nogal uitvoerig oor hierdie onderwerp en gee stof tot nuwe gedagtes. Die Sondag wat hierop volg, 21 Mei, behoort tot die heel moeilike. Mens kan nie altyd weer oor Hand. 1:15-26 preek nie. Outyds het die mense gepraat oor die „Wees-Sondag", in aansluiting by Joh. 14:18; dit kan 'n hulp vir die prediker wees.

28 MEI. Die twee data wat aan weerskante van Pinksterdag vermeld is, Ryksdag en Uniedag, het natuurlik geen besondere kerklike betekenis nie. Tog kan dit hierdie jaar sy betekenis hê, om hierdie dae met die Pinksterdag, wat midde daartussen gestel is, te laat kontrasteer. Dan kan dit aan die gemeente duidelik voor oë gestel word, dat hoeseer ook die Kerk God dankbaar is vir orde binnekant die staat en samewerking tussen die state, die ryk wat op die Pinksterdag gestig is so wel in verskeidenheid en omvang as in duur en belang ver bo alle andere formasies uitgaan.

4 JUNIE. Die Drieëenheidssondag is in Afrika nog amper onbekend, altans by die Hollandse Kerke. Elders op die wêreld word die ou middeleeuse gebruik gehandhaaf of opnuut ingevoer, om op hierdie dag die gemeente te bepaal by die verbor-

genheid van die Drievuldigheid Gods. Dit stel hoë eise aan spreker en hoorders; maar die plek self van hierdie Sondag, naamlik aan die eind van die halfjaar waarin die heilsdade van Christus' geboorte tot die uitstorting van die Heilige Gees herdink word, gee 'n belangrike aanwysing, hoe mens op hierdie dag moet predik: die triniteitsleer is die samevatting van ons heil.

1 AUGUSTUS EN 2 OKTOBER. Hierdie dae sal selde die gemeente in die huis van aanbidding byeen vind.

8 OKTOBER. Die dankdag vir die oes dra natuurlik dieselfde karakter as die biddag daarvoor. Van altwee geld die woord van dr. Noordmans, dat hulle aan die grens van die Christelike verkondiging staan. Want hulle behoort tot die ryk van die natuur, en die kerklike prediking tot die ryk van die genade. Maar daarom kan hulle tog wel in die Kerk ingebring word, so goed as die huwelik en die jong-gebore kind. Maar die predikant moet daarteen waak, dat die stoflike nie te veel op die voorgrond kom nie; ook nie in die sin, dat die kollekte omtrent die belangrikste deel van hierdie diens sou gaan word nie.

10 OKTOBER. In die Transvaal bring hierdie dag dieselfde gevare saam as in ander lande die nasionale feesdag: die gevaar van selfverheffing of van blindelingse verheerliking van die verlede. Die prediker moet hom bewus wees dat hy op hierdie dag langs die rand van 'n afgrond gaan. As hy hom dit bewus is, dan kan sy prediking op hierdie dag homself en sy volk tot seën wees. 'n Kritieklose keuse van 'n teks uit die O.T. kan gevaarlik blyk. Laat ons die verlede wy deur dank, die hede deur boete, die toekoms deur gebed.

31 OKTOBER. Die erfenis van die Reformasie word van al kante bedreig. Al wat totalitêr is, of dit nou 'n kerk of 'n staat of 'n maatskappyvorm of wat dan ook is, is in stryd met die diepste beginsels wat ons vaders, Geus of Hugenoot of Luteraan, gehuldig het. Die Hervormingsdag is daarom 'n uitermate aktuele dag: ons hoef nie voortdurend agteruit te sien op hierdie dag nie, ons mag ook om ons heen, en ons moet voor alles omhoog sien.

3 DESEMBER. Advent is die tyd van voorbereiding vir die Kersfees. In die middeleeue is die vier Adventsondae as volg

verdeel: die eerste word gewy aan die koms van Christus in die wêreld, te Betlehem; die tweede aan die komende verskyning van Christus as regter; die derde aan die opstanding uit die dode; die vierde aan die besondere voorbereiding van die Kersfees. Sinds die Reformasie sien ons in die Adventsweke veral die tyd van die Messiaanse profesieë. Die gemeente beleef as 't ware self in hierdie maand die oorgang van die Ou na die Nuwe Verbond.

16 DESEMBER. In navolging van ons gesangboek spreek ons hier van Voortrekkerdag, en nie van Dingaansdag nie. Die groot moeilikheid van die prediker op hierdie dag is van dieselfde aard as dié wat ons in verband met 10 Oktober aangedui het. Maar hier ontvang die dienaar van die Kerk hulp van die kant van die kerklike jaar. Dit is die Adventstyd, ook op die 16de Desember; terwyl die predikant dit aan ander sprekers oorlaat om die histories-nasionale aspek van hierdie dag te skets, het hy die voorreg om die volk en sy geskiedenis in die groter en hoër verband te set van die koms van Christus en Sy Koninkryk. As die preek op hierdie dag geen Adventspreek is nie, word die prediker sy hoogste roeping ontrou.

25 DESEMBER. Oor die prediking op die Kersdag hoef ons geen aanwysings te gee nie.

31 DESEMBER. Hierdie jaar is Oujaarsdag 'n gewone Sondag. Die môrediens kan dus ook die gewone karakter dra. In die aanddiens sal die gemeente 'n besondere woord in verband met die einde van die jaar verwag. Feitlik is dit verkeerd, want die kerklike jaar eindig al 'n maand eerder, die Sondag voor die eerste Adventsweek. Die Kerk is die maatskappy 'n maand vooruit. Maar kerkgangers is nou eenmaal tegelyk mense wat in die maatskappy lewe, en het dus ook wel hierdie dag behoefte aan 'n woord van afsluiting en uitsig. Die prediker moet oppas dat hy die verband met die kerklike jaar nie verloor nie. Die beste onderwerpe is dus dié wat in verband staan met die geboortegeskiedenis van Christus. Die gestaltes van die ou Simeon en Anna bied seker stof vir hierdie dag.

A. VAN SELMS.



RING VAN SUIDWES-AFRIKA.

Sittende, v. l. n. r.: Adm. J. H. Janson, ds. P. A. van Wyk (vise-voors.), ds. C. S. v. H. Steenekamp (voors.), Ds. W. P. v. d. Merwe (scriba), oudl. P. P. H. Alberts (vise-scriba), oudl. B. C. Spies.

Staande: Diak. D. v. R. Coetzee, oudl. P. J. Labuschagne, diak. J. M. Venter, oudl. J. C. v. d. Merwe, oudl. G. J. van Staden, diak. J. J. Oosthuizen.

Vaalhartz.

HERVORMDE KERKE VAN JOHANNES NEETHLING.

(NEETHLING EN BOSMAN)

Johannes Neethling, van die firma Bosman en Neethling, is 'n ander van die jong argitekte op wie die kerk trots kan



Marikana.

wees. Hy is 'n kleinseun van wyle ds. Jac. van Belkum. Waar ds. Van Belkum in die geestelike sin van die woord 'n kerkbouer was, daar munt sy kleinseun in die letterlike sin van die woord uit as kerkbouer. Die kerke van Bosman en Neethling verteenwoordig 'n eie tipe, 'n boustyl wat nuut is in Suid-Afrika.



Florida.

Ons plaas hier afbeeldings van die volgende Hervormde kerkgeboue wat deur hulle ontwerp is, en waarvan sommige reeds voltooi is en ander nog in aanbou is, naamlik die kerkgeboue van Greylingstad, Noordelike Pretoria, Florida, Marikana Vaalhartz, en die studentekerk te Pretoria.



Noordelike Pretoria.

Daar is inderdaad veel rede tot dankbaarheid dat in die laaste kwarteeu soveel sierlike bedehuise verrys het. Dit getuig van liefde en opoffering vir die Kerk. Maar waar ons bly, ja, innig bly is met al die mooi kerke, moet ons tog ook



Studentekerk, Pretoria.

oppas om nie alleen by die uitwendige stil te staan nie, want dit help niks om soos die mense in die dae van Jeremia op woorde te vertrou wat sê „die Here se tempel, die Here se tempel, die Here se tempel is dit!" terwyl Hy 'n vreemdeling in daardie tempel is.



Greylingstad.

Waar ons bly is met die sierlike bedehuise, wil ons ons waardering teenoor al die argitekte daarvan uitspreek, en tewens ons hoop, dat hulle hierin van krag tot krag mag gaan.

S.P.E.

Johannes Neethling.



Jacobus Abraham Marais en eggenote. Hy is oorlede in die konsentrasiekamp te Irene op 25 Julie 1901, in die ouderdom van 77 jaar en 10 maande.

DIE GELOFTEKERK.

In die afgelope paar jaar was daar heelwat beroering in die land omdat beweer is dat die gelofte wat die Voortrekkers in Desember 1838 aan God gedoen het om na 'n eventuele oorwinning 'n kerk te bou tot eer van Sy naam en uit dankbaarheid dat Hy hulle gebede verhoor het, nooit uitgevoer is nie, en dat die kerk wat gebou is en wat tans as die Voortrekkermuseum bekend staan, nie die regte gelofte kerk is nie. Die Natalse Provinsiale Raad het selfs 'n ordinansie gepasseer waarin die Stadsraad van Pietermaritzburg die reg gegee word om 'n seker stuk grond wat die Voortrekkers vir die bou van die geloftekerk sou gereserveer het, aan die kerkraad van die Ned. Geref. Gemeente aldaar te skenk, sodat die geloftekerk nou eindelik gebou kan word. Dit het heelwat beroering gebring, want dit sou skokkend wees as dit sou blyk dat die Voortrekkers ontrou was en die gedane belofte nie uitgevoer nie.

Die Sentrale Volksmonumentekomitee het dit dan ook nodig geag om die saak grondig te laat ondersoek en dit aan professor H. B. Thom van Stellenbosch en aan myself opgedra om 'n historiese ondersoek in te stel. Hierdie ondersoek is onafhanklik van mekaar gedoen, en die bevindings was dieselfde: *die huidige Voortrekkermuseum was deur die Voortrekkers as die geloftekerk bedoel.* Op die jongste vergadering van die Volksmonumentekomitee is besluit dat die rapporte gepubliseer kan word, en daarom word my rapport hier afgedruk.

RAPPORT OOR DIE GELOFTEKERK DEUR PROF. DR. S. P. ENGELBRECHT.

As die belangrikste gegewens oor die totstandkoming van die Voortrekkergelofte kan die volgende geld:

1. Die joernaal van Bantjies[1]):

Des Zondags morgens, voordat de Godsdienst begon, liet de Hoofd-Kommandant degenen die de Godsdienst

[1]) G. S. Preller: Hoe ons aan Dingaansdag kom (herdruk uit De Zuid Afrikaan) bls. 12: John Bird: The Annals of Natal, Vol. I, pr. 445.

zouden verrigten, by malkander komen, en verzocht hen, met de gemeente te spreken, dat zij allen volyverig in geest en in waarheid, tot God mogt bidden, om zijne hulp en bijstand in het slaan tegen den vyand; dat hij aan den Almagtigen een gelofte doen wilde, (indien allen wel willen), — „om zoo de Heere ons de overwinning geven mogt, een Huis tot zijns grooten Naams gedagtenis te stichten alwaar het Hem zal behagen," — en dat zij ook moesten afsmeken, de hulp en bijstand van God, om deze gelofte zeker te kunnen volbrengen, en dat wij den dag der overwinning, in een boek zullen aanteekenen, om dezelve bekend te maken, zelfs aan onze laatste nageslachten, opdat het ter Eere van God gevierd mag worden.

2. Die brief Generaal A. W. J. Pretorius van die Hoofstad van Dingaan op 23 Desember 1838[2]):

Verder moet ik u melden, dat wij besloten hebben om den dag onzer overwinning, zijnde *Zondag den* 16 *December,* onder ons gansche nageslacht te doen bekend worden, en dat wij het aan den Heer willen toewyden en vieren met dankzeggingen, zoo als wij, voor dat wij tegen den vijand streden, *in het openbaar beloofd hebben,* zoo ook, dat zoo wij de overwinning verkregen mogen, wij den Heere tot zijns naams gedachtenis een huis stichten zullen alwaar Hij ons zulks aanwijzen zal; welke geloften wij nu hopen te betalen met de hulp des Heeren, nu Hij ons gezegend en onze gebeden verhoord heeft.

3. Die opstel van Dewald Pretorius in Maart 1862, wat die volgende oor die gelofte meedeel[3]):

En het herinnert mij alsof het vandaag gebeurde, hetgeen daar toen plaats vond, dat vóór het begin van de godsdienst, de Kommandant-Generaal, die het bestuur van het kommando had, A. W. J. Pretorius, aan den Heer

[2]) De Zuid Afrikaan 16 Feb. 1839, Het Nederduitsch Zuid-Afrikaansch Tijdschrift 1839, bls. 155.

[3]) Herinnering aan de merkwaardige verlossing der Afrikaansche Immigranten op Zondag, 16 December 1838 by Bloedrivier. Gedrukt by P. Davis, Zn. P.M. Burg 1865. Hierdie vandag baie seldsame brosjure is in 1865 deur ds. P. Huet die Scriba van die Natalse Ring uitgegee na aanleiding van die besluit van die Ring op 20 Okt. 1864 om 16 Desember as 'n dankdag te vier.

Celliers vraagt om eene belofte aan den Heer onzen God te doen, dat, als de Heer de overwinning aan onzen kant geeft, die dag als een bededag alle jaren gevierd zal worden, en dat in het land, dat nu eene woestyn en een moordenaarskuil is, kerken en scholen gebouwd zullen worden tot Gods eer. En dat de Heer Celliers tot den kommandant zeide: Oude Broeder, ik ben bevreesd, God is een jaloersch God. Wij zullen den dag verwaarloozen en wij zullen met dubbele slagen geslagen worden. Hij begint daarop met zijne godsdienst en onder het houden van de dienst, wordt hij zoo gesterkt dat hij het waagt te doen en het bovenstaande belooft en vraagt dat de Heere het hart van onzen vyand als water make en dat zij in zeven en meer dan zeven deelen van ons mogen aftrekken.

4. Die joernaal van Sarel Cilliers wat hy in 1870 opgestel het en waarin die volgende voorkom[4]):

De heer Andries Pretorius was onze gekozene Generaal, op deze commando, hij sprak met mij ook ik met hem, over de belofte die die Bijbel heilige heb gedaan, dat ook wij de Heere een belofte moeten doen, als de Heere ons de Overwinning, tegen onze Vijand zoude geven, dat wij dan die dag als een „sabbath elk jaar zoude heiligen, maar ik stelde voor wat David zegt, doet belofte maar betaald zijde Heer, het is beter dat wij niet beloof, als dat wij beloofd en niet betaal, het was dan zijne begeerte, dat wij tezamen Hem een belofte zoude doen, daar was noch een deel menschen, ook een Commandant die niet bij ons was. Ik zeide aan hem dat het uitstel moeten hebben totdat Cobus Wys, tegenwoordig was, hij kwam aan Tugela bij ons, en wij sprak toen met hem, en het was toe ook zijne begeerte, dat het gedaan moet worden, ook de Veldcornetten, toen kwamen wij tot de besluit, dat wij de Heere, onze God eene belofte pligtig zoude doen, as de Heere met ons zal gaan, en dat Hij onzen Vijand in onzen handen zoude geven, dat wij de dag in elk jaar de Heer zoude „heiligen" en zoo door brengen als een Sabbathdag.

[4]) H. J. Hofstede: Geschiedenis van den Oranje Vrijstaat, 1876, bls. 57.

As ons hierdie vier stukke met mekaar vergelyk dan val dit op dat al vier ooreenstem dat beloof is om die dag van die oorwinning jaarliks op godsdienstige wyse as dankdag te vier. Verder, dat alleen Bantjies en A. W. J. Pretorius melding maak dat beloof is dat hulle as die oorwinning behaal is tot gedagtenis vir God 'n „huis" sal stig, maar dat hulle nog nie weet waar hulle dit sou doen nie. Dat Dewald Pretorius vermeld dat beloof is „kerken en scholen" tot Gods eer te bou. Dat Sarel Cilliers die bou van 'n kerk of kerke glad nie vermeld nie.

Ons neem aan dat beloof is om vir God 'n huis te bou, soos Bantjies en A. W. J. Pretorius vermeld. Die eerste Voortrekkers het reeds in 1836 die Oranjerivier oorgetrek, maar nêrens was daar 'n kerkgebou nie. Nou word beloof dat 'n kerk gebou sal word, m.a.w. as die mag van die swart barbare gebreek word, sal gesorg word dat van die land 'n Christenland gemaak sal word, soos dan ook geïnterpreteer deur Dewald Pretorius, toe hy in 1862 geskryf het dat beloof is om in die woesternye „kerken en scholen" te bou. Ook val dit op dat én Bantjies én A. W. J. Pretorius duidelik sê dat hul nog nie weet *waar* die huis gebou sal word nie. Soiets as „geloftegrond" het dan ook *nooit* bestaan nie.

Een ding staan ook vas: met die gelofte het die Voortrekkers nimmer bedoel om 'n monumentele kerkgebou, 'n soort monument, te bou nie. Die bedehuise wat hulle in die Kaapkolonie geken het, was alger nederige geboue met grasdakke sonder torings, en die meeste het nie eers banke in gehad nie. Die enigste sierlike kerkgebou in die Kaapkolonie wat 'n toring gehad het, was die kerk in Kaapstad, en hoeveel van hulle het die kerk van Kaapstad wat in 1836 afgebreek is en eers in 1841 deur die teenswoordige gebou vervang is, gesien? Sierlike en grandieuse kerkgeboue in die hedendaagse sin van die woord, het hulle nie geken nie. Selfs in 1866 toe die hedendaagse kerkgebou van Potchefstroom ingewy is, het dit met sy grasdak en ontbreking van alle sierlikheid tog as die mooiste gebou in Transvaal gegeld.

Op 8 Februarie 1837 is die eerste kerkraadslede gekies, en hulle het reeds by Vetrivier (Winburg) op 19 Mei 1837 'n oproep gedoen om 'n kerk te bou, maar deur die trek na Natal het daar niks van gekom nie. Aan die einde van 1838 was

daar 'n groot laer aan die Boesmansrand, en na die oorwinning op 16 Desember is hier 'n dorp aangelê met die naam van Pieter Maritzburg, en reeds op 21 Maart het Generaal Pretorius hiervan geskryf[5]):

Op 13 Mei 1838 het J. J. Burger en J. S. Maritz 'n brief aan 'n viertal Kaapse predikante geskryf en om 'n predikant gevra, en o a. daarin gesê dat dit altyd hul voorneme was om wanneer hulle rus gevind het[6])

Aan den God onzen vaderen een huis te willen bouwen.

Op 20 Mei 1839 word uit Natal berig dat die mense nog in laers staan[7])

> van alle kanten met palen omringd welke tot eene verschansing dienen . . . Het gansche volk verlangt eenen Leeraar, en is voornemens aan de Boschesmans Rand, de plaats waar de kolonie gesticht zal worden, eene kerk te bouwen. Men heeft reeds, terwijl wij ons aldaar bevonden, eene inteekingslijst geopend, en binnen den tijd van een half uur was er over de £300 ingeteekend.

In hierdie brief word ook vermeld dat Erasmus Smit Sondae godsdiens hou.

In 'n brief van J. S. Maritz aan Generaal Pretorius op 29 Mei 1839 maak hy melding van die[8])

> Schoone voornemens van eerlang een schoone kerk te zien bouwen.

En op 13 Junie 1839 skryf Adv. C. J. Brand uit Kaapstad aan Pretorius dat hy daar 'n intekenlys geopen het[9])

> tot bijdragen van den opbouwen des tempels, welke gij den Heere hebt beloofd.

Op 7 September 1839 het die kerkraad 'n versoekskrif oor die bou van die kerk aan die Volksraad gestuur, waarop die Raad vier persone as „gecommiteerdes" benoem het, d.w.s.

---

[5]) Ned. Zuid Afr. Tijdschrift 1839, bls. 239.
[6]) A. Dreyer: Die Kaapse Kerk en die Groot Trek, bls. 15
[7]) Ned. Zuid. Afri. Tijdschrift 1839, bls. 320.
[8]) Voortrekker-Argiefstukke, bls. 70.
[9]) Voortrekker-Argiefstukke, bls. 84.

persone wat die saak moes aanpak. Ons kan met sekerheid aanneem dat daar intussen 'n voorlopige kerk daargestel is, 'n „rietkerk" soos die vrou van Erasmus Smit dit in haar dagboek noem, en wat deur Landdros J. P. Zietsman in 'n brief aan die Volksraad op 31 Januarie 1840 'n „kerkhuis" genoem word. Sulke rietkerke het mens nog in 1852 in Transvaal gevind.[10])

Daar is in 1839 verskillende kollektelyste uitgestuur, en die eerste daarvan het gelui[11]):

> Daar des Raad des Volks besloten heeft eene Kerk op de plaats genaamd Pieter Maritz Burg, te stichten, zoo is het dan dezelve by deze een iegelijk goedgunstiglijk uitnoodigt daartoe te wille bijdragen.

Die boukommissie het bestaan uit A. W. J. Pretorius, H. P. N. Pretorius, J. S. Maritz, L. J. Meyer, J. du Plessis, J. J. Burger en J. Moolman. Op 29 Oktober 1839 skryf Sarel Cilliers vanaf Rietrivier dat die mense in Natal[12]):

> alreeds een aanvang maak tot een Kerk een bereiding van Hout en Steen.

Dus hulle bou nog nie, maar kap nog hout en maak nog stene, en daarom het die boukommissie in 'n oproep wat hulle uit Pietermaritzburg gedoen het, gepraat van die kerk wat hulle „voornemens" is om te bou.

Daar was van die begin af 'n aanmerklike deel van die Voortrekkers wat teen Erasmus Smit gekant was, om redes wat hier nie ter sake is nie. In Desember 1836 wou sommige selfs die Wesleyaanse sendeling J. Archbell in pleks van hom kies, en in Natal was daar verskillende mense wat niks met hom te doen wou hê nie, en daarom het die Volksraad op 3 Januarie 1840 besluit om die Amerikaanse Sendeling Lindley as predikant aan te stel mits sy dokumente in orde was, terwyl Smit wie se salaris Rks. 600 was, kon aanbly vir sy volgelinge, en op 6 Maart 1840 het hulle sy salaris tot op Rks. 800 verhoog d.w.s. van £45 tot £60.

---

[10]) J. Stuart: De Hollandsche Afrikanen, bls. 374.
[11]) 'n Faksimilee-afdruk hiervan by A. F. Hattersley: Pietermaritzburg Panorama p. 22.
[12]) G. B. A. Gerdener: Sarel Cilliers, bls. 56.

Op 7 Maart 1840 het die Volksraad egter 'n beroep uitgebring op ds. P. K. Albertyn, 'n Afrikaander wat in die jaar 1833-1839 in Holland in die teologie gestudeer het, en teen die einde van 1839 in die Kaap terug was, waar hy op 9 Januarie 1840 as predikant gelegitimeer is. Die salaris waarvoor ds. Albertyn beroep was, was „voor de eerste jaar 100 pond sterling op zijn minst," met vrye woning en 'n pensioen van Rkds. 600 (=£45) per jaar as hy sou aftree, terwyl daar uitdruklik bepaal is dat Erasmus Smit „zal als ee rustend leeraar verblijfen." Die verlange na 'n predikant was so sterk dat die mense kinderlik optimisties was dat ds. Albertyn die beroep ook sou aanneem en dadelik sou kom. Maar nou was die groot vraag, waar moet die dominee woon? 'n Pastorie was daar nie, die meeste wonings was hartbeeshuisies. Erasmus Smit het in 'n eie huis „in de lager' gewoon, d.w.s. 'n huisie wat binne die deel geleë was wat in 1839 „van alle kanten met palen omringd" was om „tot eene verschansing" te dien. Wat moes hulle nou aanvang as ds. Albertyn kom? Daarom het landdros J. P. Zietsman op 28 Maart 1840 aan die Volksraad as volg geskryf[13]):

> WelEdele Heeren,
>
> Een Leeraar voor deze plaatse ontboden zijnde, en welke men na alle waarschijnlikheid met de eerste vaartuige verwagten kan. Is het ook nodig dat er voorziening voor woning en godsdienstige gestig zal worden gemaakt, omdat de tegenswoordigen niet voldoende is voor een vierde getal der gemeente te bevatten.
>
> Heb ik goed gedagt een plan aan de Edele Raad voor te stellen welke na mijn op de voordeligste voor Kerk en gemeente op dit korte ogenblik zal komen te staan.

Uit hierdie brief van landdros Zietsman blyk dat hulle verwag het dat Albertyn die beroep sou aanneem en met die eerste skip sou kom; dat die tydelike kerkgebou, soos vroeër gesê was dit waarskynlik 'n rietkerk, gans en al te klein; dat hy 'n plan het om aan die hand te doen waardeur die kerk en gemeente op hierdie oomblik wanneer daar nie tyd was om te verloor nie, die beste gehelp kon word, m.a.w. daar was haas by die saak. Maar ongelukkig weet ons nie presies wat die

---

[13]) Natalse Argief, Landdros stukke 1840, No. 155.

plan was wat Zietsman aan die hand gedoen het nie, want in die notule van die Volksraad kom daar niks van voor nie. In elke geval weet ons dit dat daar in Aprilmaand 1840 'n publieke byeenkoms gehou is waar besluit is:

> Op het Pastories grond alhier ter Plaatse een godsdienstig gestig te vervaardiegen, met welke zij eene aanvang willen neemen op Maandag den 28sten dezer — voor den verwagte leeraar den Wel Eerwaarde Heer P. Albertyn welke door den Volks Raad is beroepen voor deeze plaats — welke gebouw na dat de kerk zal voltooid zijn, tot een Pastorie of wooning voor den leeraar zal moeten veranderd worden.

So lui die eerste kollektelys, uitgegee op 15 April 1840, en onderteken deur J. J. Burger. Die ander lyste wat bewaar gebly het, kom daarmee, wat die inhoud aanbetref, ooreen. Uit hierdie lys blyk die volgende: die publiek het besluit om op die pastorie-grond 'n godsdienstige gestig op te rig waarin ds. Albertyn moes woon en waarin ook gepreek moes word. Dit moes dus vir kerk sowel as vir pastorie diens doen, maar as die kerk klaar sou wees dan moes die geheel as pastorie vir ds. Albertyn gebruik word, en moes daar nie meer in gepreek word nie. Die benaming „godsdienstig gestig" is in die ou tyd in die Kaapkolonie sowel as deur die Voortrekkers vir 'n gebou gebruik wat kerklik van aard was, 'n kerkgebou, 'n predikantswoning of 'n plek vir kerklike samekomste. Die naam „Pastories grond" beteken gewoonweg „kerkgrond"; die ou Hollandse benaming vir kerklike vaste eiendomme was „pastoriegoederen". Die kerkgebou en die pastorie het gewoonlik bymekaar gelê, soms op dieselfde stuk grond, en ook aanmekaar, soos dit bv. in Wakkerstroom nog die geval was toe ds. D. P. Ackerman in 1875 daar predikant geword het, en wel so dat die eetkamer tegelykertyd ook die voordeur en die gang was waardeur die gemeente in die kerk moes kom. Sien „Die Ned. Herv. Gemeente Volksrust (Wakkerstroom) 1861-1941" deur myself, bls. 11. Hoe dit verder met hierdie planne geloop het weet ons nie, alleen dit is *vas en seker*: dit is *nooit* uitgevoer nie. Dit skyn of daar teenkanting teen hierdie planne was, want op 7 April 1840, dus 'n week voor die kollektelyste uitgestuur is, het landdros Zietsman die volgende aan J. J. Burger geskryf, en

wel aan Burger en nie aan die Volksraad nie omdat hierdie liggaam reeds op 4 April verdaag het tot 3 Junie[14]):

> Ik erken den ontvangst Uwer twede brief gedateerd 7 dezer, aandringende om eene byeenkomst op Dinsdag te mogen houden om over kerk zaken te mogen handelen. Niets kan mijn aangenamer zijn dan bijeenkomsten van dien aard mijn hoogste goedkeuring te doen weg draegen, doch ben verplicht UwEd. na de mijne van gistere te refiteeren, de reeds verleende toestemming kan, nog wensch ik terug te roepen. En een twede byeenkomst over een en de zelfde onderwerp vermag ik met een gerust geweeten niet permitteeren, voor en aleer men schadelijkheid daarin heb gezien, dan zoude een tweede niet kan worden geweigerd om de eerste te wederleggen — Echter vertrou ik nog UwEd. in vereeniging met de reeds gevraagde en toegestemde byeenkomst te zien, alwaar een elk het recht behoud zijn tegenwerp en de voor hem nadelige plannen te kunnen tegenspreken. — Een algemene vereenigen die ons Maatschappij in liefde band versterken zullen, is de eenigste hoop op voorspoed, geluk en welvaard onzen nieuwe volksplanting.

Ds. Albertyn het die mense aan 'n lyntjie gehou en voorlopig geen besluit geneem nie, maar hulle het maar bly hoop dat hy tog nog sou kom. Op 18 Augustus 1840 het die weduwee F. Preller vanuit Kaapstad aan General Pretorius geskryf dat sy 'n gerug gehoor het dat hy die beroep sou aanneem.[15]) Maar, ds. Albertyn het bedank en die mense moes nou ander planne maak. Hulle het hul weer tot Daniel Lindley gewend en hom gevra om as hul predikant op te tree, en in die Volksraadsitting van 16 Januarie 1841 het die kommissie wat sy dokumente moes ondersoek, aan die Volksraad gerapporteer dat dit alles in orde was, waarop hy op 'n salaris van £100 per jaar plus vry woning as predikant aangestel is, met ingang van 1 April, terwyl Erasmus Smit hom voorlopig moes onthou van die bediening van die sakramente. Die plan om die kerk voorlopig ook as pastorie te laat diens doen is heeltemal laat vaar, en die gebou is dan ook *nooit* vir so'n doel gebruik nie. Die mense

[14]) Natalse Argief, Landdros stukke 1840, No. 160.
[15]) Voortrekker-Argiefstukke, bls. 110.

het vir Lindley 'n huis of huisie gehuur[16]), en op 5 Julie 1841 het die Kerkraad besluit om die plankdak van die kerk wat gelek het, met 'n grasdak te vervang en dit van 'n paar gewels te voorsien, en binnekant 'n gallerei te bou, wat ook gedoen is. Teen die einde van 1841 het die kerkraad 'n erf tussen Lange Markstraat en Loopstraat van L. de Jager vir die som van 500 ryksdaalders gekoop en dit aan hom op 18 Januarie 1842 betaal, en op hierdie erf is 'n dubbelverdieping pastorie gebou wat in 1844 voltooi is en wat gedurende verskillende jare as die pastorie van die gemeente gedien het. Lindley het toe dit klaar was daarin gaan woon[17]). Dit is dan ook een van die beste bewyse dat die kerkgebou vir 'n kerk bedoel was en nie vir 'n pastorie nie, want anders sou die mense nooit in die jare 1843-1844 'n dubbelverdieping pastorie gebou het nie. Daar bestaan dan ook nie die minste bewyse om te kan beweer dat die ou kerkie wat vandag die Voortrekker-museum is, nie deur die Voortrekkers as die geloftekerk beskou is nie, maar wel as 'n tydelike gebou wat later deur 'n behoorlike geloftekerk vervang moes word. Wel is daar bewyse van die teenoorgestelde. So skryf Sendeling James Archbell[18]) wat baie met die Voortrekkers in aanraking was en met name met Sarel Cilliers wat hom selfs predikant van die Voortrekkers wou gehad het en wat in Hollands gepreek het[19]), in September 1841 uit Natal die volgende:

> The farmers and their families are decently dressed, and, though articles of clothing at Natal are enormously expensive, they have not degenerated in their costume. Nor are they inattentive to religion. Some, it is well known, possessed more than a nominal Christianity before they left the Cape Colony; and their disasterous removel has not caused their zeal to abate. They have built a large temporary church at the Umlazi, and a more permanent one at

[16]) A short account of Mr. and Mrs. Lindley's work in South Africa. Natalse Argief.

[17]) Mevr. M. de Vooght Wed. Stucki verhaal hoe sy by haar aankoms in Pietermaritzburg in Januarie 1847 by Lindley in die pastorie tuis gegaan het. Sien Reis en verblijf aan de Kaap en Natal, bls. 95 en 98.

[18]) John Bird: The Annals of Natal, I, p. 654.

[19]) The Diary of Dr. Andrew Smith 1834-1836 (V.R.S. 20), bls. 149, waar die skrywer verhaal hoe hy op 30 Nov. 1834 'n preek van Archbell bygewoon het wat in Hollands gehou is.

> Bushmansrands, where the Rev. Mr. Lindley is now officiating; and there, at least, the exterior of religion will be perpetuated.

Langsamerhand het daar 'n skerper skeiding gekom tussen die kerkadministrasie en die staatsadministrasie. Die kerkeiendomme is nie meer as staatseiendom beskou nie, en met die begin van 1841 het die kerkraad sy eie kasboek vir ontvangste en uitgawes aangelê. Op 7 Januarie 1842 het die Volksraad die erf waar die kerk op gestaan het, aan die kerkraad oorgemaak[20]). Maar dit was alleen die erf waar die kerk op gestaan het, en nie die erf van die markplein langsaan wat volgens die Zietsman-verklaring van 1855 sou aangewys gewees het om daarop later 'n ander kerk te bou nie.

Op 6 April 1852 is die tweede eeufees van die landing van Jan van Riebeeck aan die Kaap plegtig en op godsdienstige wyse in die geloftekerk in Pietermaritzburg gevier. Die preek is deur ds. H. L. Döhne gehou, en verder is toesprake gehou deur J. D. Marquart, J. N. Boshof en Eerw. W. Campbell[21]). In die toespraak van J. N. Boshof, die latere Vrystaatse Staatspresident, en in 1852 ouderling van Maritzburg, kom o.a. die volgende voor:

> Veertien jare geleden, toen ik mij voor het eerst op reis begaf, om het land van Natal te bezien, zag ik dit geheele land woest, onbebouwd en onbevolkt, behalwe eenige legerplaatsen van de toen pas aangekomen Emigranten. Drie jaren daarna, toen ik mij met mijn huisgezin hier te woon kwam vestigen, werd dit Godshuis reeds opgerigt, en thans mogen wij er verscheiden andere onder tellen door Protestanten uit onze Engelsche en Schotsche medebroeders gebouwd, behalwe die door de Hollandsche Emigranten, zoo in de Souvereiniteit als over de Vaal Rivier, op verscheidene plaatsen reeds voltooid.

Let wel, met geen woord word deur Boshof, wat tog op hoogte van sake was, daarvan gerep dat hulle nog by God in

[20]) Volksraadsnotule, Voortrekkerwetgewing, bls. 173-174.

[21]) „Verrigtingen te Pietermaritzburg, Port Natal, op den 6den April 1852 ter Gedachtenis-Viering van het Tweehonderd-jarig bestaan der Volkplanting De Kaap de Goede Hoop," in handskrif van 63 bladsye, in my besit.

die skuld gestaan het deurdat die geloftekerk nog gebou moes word.

Op 23 Julie 1853 is Generaal Andries Pretorius aan die Magaliesberg oorlede. Tien dae voor sy dood toe hy gesien het dat die einde daar was, het hy sterwende die bekende aangrypende skrywe aan die krygsraad gerig, waaronder verskeie manne was wat aanwesig was toe die gelofte afgelê is en wat aan die slag van Bloedrivier deelgeneem het. In daardie brief het hy die mense verskillende ernstige vermanings op die hart gedruk, maar 'n vermaning om die gelofte uit te voer deur die geloftekerk nou eindelik te bou, kom daar nie in voor nie. In Maart 1862 het Dewald Pretorius wat toe in die distrik Umvoti (Greytown) gewoon het, die opstel geskryf waarvan ons aan die begin melding gemaak het. Hierin sê hy die volgende oor Gelofte-dag[22]):

> Dit is de dag der belofte, die verwaarloosd is. En hoe getrouw heeft de Heere niet het gebed van de bidders verhoord en de redding op het oogenblik beschikt!

In hierdie opstel kla hy dat 16 Desember nie behoorlik gevier word nie, maar met geen enkel woord kla hy dat die belofte om 'n kerk te bou, nog nie uitgevoer is nie.

Op die Derde Natalse Ringsvergadering van Oktober 1864 wat in Pietermaritzburg gehou is, het die Kerkraad van Pietermaritzburg die volgende beskrywingspunt ingedien:

> De 16de December worde in de gemeenten Godsdienstig als een dankdag herdacht.

Die predikant van Pietermaritzburg, Ds. P. Huet, en die afgevaardigde ouderling J. N. Boshof, het die beskrywingspunt voorgestel en toegelig, en dit is met algemene stemme aangeneem. Hulle het op die gelofte gewys en op die nalatigheid om 16 Desember godsdienstig te vier, maar met geen enkel woord het hulle daarop selfs maar gesinspeel as sou die ander deel van die gelofte, namelik om 'n geloftekerk te bou, nog nie uitgevoer wees nie.[23]).

---

[22]) Die genoemde brosjure „Herinnering aan de Merkwaardige Verlossing . . ." bls. 10.

[23]) Notulen van de Derde Natalsche Ringsvergadering gehouden te Pietermaritzburg 1864, bls. 10.

In 1854 het die gedagte in die kerkraad van Maritzburg opgekom om die ou Voortrekkerkerk deur 'n ander gebou te vervang, en op 2 Oktober het diaken J. C. Boshof, 'n broer van J. N. Boshof, voorgestel „een nieuw kerkgebouw in Pietermaritzburg te stichten." Die kerkraad het besluit om eers die gemeente hieroor te raadpleeg, waarop daar op 9 April 1855 'n vergadering van manslidmate gehou is. Die volgende is die notule van hierdie vergadering soos dit in die kerkraadsnotuleboek voorkom:—

> Deze vergadering werd te zamen geroepen door den Kerkeraad ten einde in overweging te nemen „of er een nieuwe kerk zal worden gebouwd?" Nadat de vergadering met het gebed is geopend door den Leraar stelt hij deze vraag voor en allen er bij tegenwoordig geven een toestemmend antwoord.
>
> Vervolgens gaat men over tot het beraadslagen over het verkrijgen van fondsen voor den opbouw en na eenige woordenwisseling besluit de vergadering om aan den Leraar op te dragen eene collecte in Holland te gaan ondernemen mits er een plaatsvervanger worde bezorgd, wanneer den Leeraar slechts zijn salaris zal worden gewaarborgd en geen verdere reisonkosten.
>
> De Heeren A. de Kock, C. Kestell en Thom Martens verklaren zich tegen dit besluit.
>
> De Heer A. de Kock stelt voor dat er eene Commissie van zeven leden zal worden benoemd om het opzicht te hebben over het bouwen der kerk; dit wordt met algemeene stemmen goedgekeurd. — Vervolgens gaat men over tot het benoemen der leden van de commissie, bij besloten stem briefjes; de Heeren T. S. Berning en P. Ferreira benoemd zijnde om die te openen zoo blijkt het dat met meerderheid van stemmen gekozen zijn de Heeren P. Ferreira, J. C. Boshof, J. P. Zietsman, A. J. de Kock, G. J. Naude, F. S. Berning en S. v. Breda.
>
> Men besluit dat vyf een quorum zullen uitmaken om eenig wettig besluit te kunnen nemen.

Daar word wel besluit om 'n nuwe kerk te bou, maar met geen woord word melding gemaak dat daar nog altyd 'n gelofte-

kerk volgens belofte aan God gebou moes word. Niemand het dan ook daar getwyfel dat die bestaande kerkgebou die geloftekerk was.

Van die opdrag aan die Predikant dr. H. E. Faure om in Holland te gaan insamel vir die bou van die kerk, het niks gekom nie, waarskynlik omdat die gemeente nie sy reisgeld daarheen en terug wou betaal nie. Omdat daar geen fondse voorhande was nie en die gemeente ook nie al te sterk was nie, moes planne beraam word hoe om aan die geld vir die nuwe kerk te kom. Op 2 Julie 1855 het die kerkraad die volgende besluit geneem.

> Het wordt den Leeraar opgedragen een verzoekschrift in te dienen bij het goevernement om een gedeelte van de markt ten einde eene nieuwe kerk te bouwen.

Die voorsitter van die kerkraad, dr. H. E. Faure, het hierop op 18 Julie die volgende versoekskrif tot die Koloniale Sekretaris gerig[24]):

> In accordance with a resolution passed at the last meeting of Consistory of the Dutch Reformed Church I have the honour too acquaint you, for the information of His Honor the Acting Lieutenant Governor, that the members of our Church have it in contemplation to erect a suitable and neat place of worship in this city, as the one at present in use is altogether in a state of dilapidation; the Consistory therefore prays that His Honor will kindly grant them a portion of the North East end of the Market place to be appropriated for the said purpose.
>
> The Consistory flatters itself that His Honor will be inclined favourably to entertain this request, as similar grants have been made by the Government to other Dominations of Christians.

In hierdie memorie word alleen gesê dat die kerkraad 'n nuwe kerk wil bou omdat die ou gebou aan die verval was, en daar word gevra om 'n stuk van die Markplein om die nuwe kerk daarop te bou. Nòg in die kerkraadsbesluit nòg in die versoek aan die Goewerneur word ook maar met een enkel woord ge-

[24]) Natalse Argief C.S.O. 2244, D. 140.

meld dat dit die grond is wat vir 'n geloftekerk opsy sou gesit gewees het, wat nou gevra word om die geloftekerk wat nog nooit sou gebou gewees het nie, op te bou. Nogmaals, van dit alles kom daar geen enkel woord van voor nie.

Die Koloniale Sekretaris het op 23 Julie die Kerkraad geantwoord dat die Markplein die eiendom van die dorpsgemeenskap is en aan die dorp oorgedra word, sodat die waarnemende Lt. Goewerneur nie by magte is om die versoek toe te staan nie.

Dr. Faure het hom hierop na die stadsraad gewend, en op 25 Augustus 1855 die volgende versoek aan hierdie liggaam gedoen:

> I herewith enclose the reply of the Local Government to a memorial of the consistory of the Dutch Reformed Church, praying for a portion of the Market Square, near the present church, as a site for a new church, and humbly request you to lay the same before the Corporation of Pietermaritzburg at its next meeting, at the same time petitioning the Corporation in the name of the Consistory of the Dutch Reformed Church, to grant them the said plot of ground for the above purposes.

Let wel, van die bou van 'n geloftekerk word niks gesê nie, netsomin as van enige aanspraak wat die kerk op die gedeelte van die markplein sou hê, deurdat die Volksraad dit in 1840 vir die bou van 'n kerk daarop sou bestem het!

Op 24 September het vier persone die volgende beëdigde verklaring gemaak[25]):

> Wij onderteekenden verklaren mitz deze, ons duidelijk en goed bewust te zijn, dat het Erf naast de Kerk zijnde een gedeelte van de markt door den Volksraad is uitgehouden voor een Kerk Gebouw voor de Nederduitsche Gemeente.
>
> Wij houden ons overtuigd dat door de verwarring ontstaan bij de overgave des Lands men verzuimt heeft, om

[25]) Natalse Argief C.S.O. 2244, D. 268.

zulks by Haare Majesteits Commissaris te laten registreeren, — de bestemming van het tegenwoordig Kerk Gebouw was oorspronkelijk voor eene Pastorie.

F. C. Scheepers
Lid van den Volksraad destyds.
P. H. van Rooyen.
G. Maritz.
P. A. R. Otto.

Declared before me the 24th September, 1855
Geo. Macleroy, J.P.

En 4 Oktober het J. P. Zietsman die volgende verklaring gemaak wat 'n dag later beëindig is[26]):

I, John Philip Zietsman do hereby declare that in 1840 being then the Landdrost at this place under the Volks Raad was requested by a building committee to join them to select a place for the erection of a temporary place of worship, which was fixed where the present Dutch Reformed Church now stand. The present building was erected to be used as a temporary church, and to be altered afterwards when more funds in hand to build a proper Church for a parsonage, with the extend of a full Erf. On my request then where they was intended to build the proper Church they spoke of to build thereafter. The next ground on the present Market Square was pointed out to me, to which I gave my consent and was afterwards approved of by the Volks Raad in their first sitting.

The reason why that piece of land for the intended Church was not registered with Her Majesty's Commissioner I cannot say other than on account of confusion then existed under the Volks Raad as well as under the public.

Pietermaritzburg,
October 4th 1855. J. P. Zietsman.

Declared before me this 5th day of October 1855.
John Bird, J.P.

[26]) Natalse Argief C.S.O. 2244, D. 268.

In verband met hierdie twee verklarings moet die volgende opgemerk word:—

1e. In Zietsman se verklaring moet onder die „first sitting" van die Volksraad nie verstaan word die eerste sitting wat hierdie liggaam op Maritzburg gehou het nie, maar die eerste sitting nadat die Volksraad die versoek sou „approved" het.[27]).

2e. Die vergadering van die boukommissie was die vergadering wat in April 1840 plaasgevind het toe daar, soos ons gesien het, onenigheid oor die saak was tussen Burger en Zietsman.

3e. In geen van hierdie verklarings word ook maar met een enkele woord gesê dat die Volksraad in 1840 die betrokke stuk grond spesiaal vir die geloftekerk as 'n soort van „geloftegrond" afgesonder het nie.

4e. In die bestaande volksraadsnotule kom geen enkele woord oor die saak voor nie.

5e. In die verklaring van Zietsman word gesê dat die deel van die Markplein wat in 1840 deur die Volksraad bestem sou gewees het om 'n kerk daarop te bou, nie op naam van die Kerk geregistreer is nie, omdat daar deur die koms van die Engelse kommissaris H. Cloete 'n verwarring onder die Volksraad sowel as onder die publiek ontstaan het. Maar Cloete het eers in 1843 in Natal aangekom, terwyl die Volksraad reeds op 7 Januarie 1842, soos ons gesien het, die kerkerf aan die kerk oorgemaak het; en die vraag kom by mens op, waarom dan ook nie op 7 Januarie 1842, meer as 'n jaar voor die koms van Cloete, die erf van die Markplein wat vir die bou van 'n kerk bestem sou gewees het?

6e. Een van die persone wat die verklaring gemaak het, nl. P. H. van Rooyen, was ook lid van die kerkraad, en hy was aanwesig op die vergadering van 2 Julie 1855 toe besluit

[27]) Die eerste sitting van die Volksraad op Pietermaritzburg was in elk geval voor 19 Mei 1839, sien die Volksraadsnotule, „Voortrekker Wetgewing" bls. 1, terwyl Zietsman eers op 3 Januarie 1840 landdros geword het, Voortrekker Wetgewing bls. 29. Verder het C. F. Scheepers, wat verklaar het dat hy destyds volksraadslid was en hom die saak goed onthou, eers op 4 Maart 1840 volksraadslid geword en volgens 'n verklaring wat hy in 1852 gedoen het, het hy eers op 1 Julie 1839 in Natal aangekom, sien Proceedings of the Commission appointed to enquire into the past and the present state of the Kafirs in the District of Natal Part I (1852), p. 46.

is om aansoek te doen om 'n deel van die Markplein, maar toe is met geen woord gerep van enige aanspraak wat die kerkraad op daardie grond sou hê nie. Waarom het hy die kerkraad toe nie van die aanspraak verwittig nie?

En as die twee verklarings korrek is, dan kom die volgende vrae onwillekeurig by mens op:

1e. As dit in 1840 die bedoeling was om die kerk op die erf wat gedeelte van die markplein is, te bou, en die pastorie op die grond waar die ou kerk op staan, waarom het die Kerkraad dan in hulle armoede in 1841 'n ander erf van 50 Ryksdaalders gekoop om die pastorie *daar* te bou?

2e. Waarom het die Volksraad dan op 7 Januarie 1842 alleen die erf waar die kerkgebou op gestaan het, aan die kerk afgestaan, en ook nie die erf wat volgens die Zietsman-verklaring aan die kerk sou beloof gewees het?

3e. Is die huidige kerkgebou wat die gemeente in 1855 besluit het om te bou, en wat op 7 April 1861 ingewy is, dan nie die regte geloftekerk nie? Want dit het dan tog die „temporary church" vervang en is in daardie dae as 'n baie waardige en sierlike gebou beskou.[28])

Die versoek van dr. Faure namens die kerkraad het op 5 September 1855 voor die stadsraad gekom.[29]) En toe eers het J. C. Boshof daarvan melding gemaak dat die Volksraad in 1840 die betrokke deel van die Markplein vir die bou van 'n kerk sou bestem het. Boshof was ook diaken, en was aanwesig in die kerkraadsvergadering van 2 Julie 1855 toe besluit is om appli-

[28]) In die Kerkbode van 18 Mei 1861, bls. 158-160, kom 'n verslag van die inwydingsplegtigheid voor, en daarin word die volgende beskrywing van die nuwe kerk gegee: „Het is een hoogst bevallig gebouw, dat aan het einde van de groote markt geplaatst, met zijn gothiese ramen en spitsen toren tegen de omringende groene heuvels een sierlijke vertooning maakt. Ook het inwendig, zoowel wat predikstoel, galerij, banken betreft, laat niets te wenschen over. Wij hebben den Heer te danken, die ons zulk eene lieflijke plaats der zamenkomst heeft geschonken. (Ps. CXXVII:2)". By die inwyding was o.a. die Goewerneur en die Hoofregter ook aanwesig. In daardie dae was daar nêrens in Transvaal of Vrystaat so 'n mooi kerkgebou, en in die Kaapkolonie was maar 'n paar kerke wat mooier was. As die mense sou gedink het dat die ou kerk nie waardig of sierlik genoeg vir 'n geloftekerk was nie, dan sou hulle dit van hierdie nuwe kerk seer seker nie kon gedink het nie.

[29]) The Natal Witness, 7 Sept. 1855.

kasie te maak vir 'n deel van die Markplein om 'n kerk daar te bou, maar *toe* het hy *niks* van die vermeende Volksraadsbesluit gesê nie. Die Stadsraad het nog 'n keer hieroor vergader, en op 15 Desember 1855 het die stadsklerk die volgende antwoord aan dr. Faure gestuur:

> I have the honour to acknowledge the receipt of your Memorial dated August 28th 1855, on behalf of the Consistory of the Dutch Reformed Church applying for the grant of a plot of ground on the Market Square for the purpose of erecting a Church, and to inform you in reply, that by a resolution passed by the Town Council at a Special Meeting held on the 18th instant, it was decided "that the Council is of opinion, that the Dutch Reformed Church is equitably entitled to the Erf applied for, but that owing to legal impediments arising through the latches of the applicants, it is found impossible for the Council to entertain their Memorial."

Hierop het dr. Faure op 17 Desember die volgende skrywe aan die Koloniale Sekretaris gerig[30]):

> I herewith beg to transmit to you the answer of the Town Council of Pietermaritzburg to a memorial of the Dutch Reformed Church praying for a site on the Market Square to build a church upon and I humbly request you, in the name of our Consistory, to lay the same before His Honor the Acting Lieutenant Governor together with the accompanying documents on which the opinion of the Council of Pietermaritzburg is based. The Consistory willingly admits that through the mismanagement and neglect of its former office-bearers who omitted the proper registration of the erf with Her Majesty's Commissioner for the time being, all legal claim to the ground has been lost to the Dutch Reformed Church, but as the Government has frequently overlooked such neglect on the part of private individuals and notwitstanding their omission restored to them their land they laid claim to, the Consistory of the Dutch Reformed Church humbly trusts and prays

[30]) Die korrespondensie is te vinde in die Natalse Argief C.S.O. 224, D. 268, 275 en S.G.O. 11/5/15.

that His Honor will be disposed to use the same clemency to a public body and restore to the Dutch Church such a portion of the said erf adjoining the present Church as will be sufficient to build a Church upon.

The Consistory feels sure that, with the affidavits of gentlemen so highly esteemed as those who have affixed their signatures, who moreover had the very best opportunity of knowing all the merits of the case, His Honor will be perfectly satisfied, as were the members of the Town Council "that the Dutch Church is equally entitled to the erf" and the Consistory therefore prays that His Honor will be pleased to have such a portion of the same registered in the name of the Consistory as His Honor will be pleased to restore to the Dutch Church.

Op 19 Desember 1855 antwoord die Koloniale Sekretaris as volg:—

The land prayed for has been alienated by the Crown in favour of the Corporation of Pietermaritzburg in trust for the inhabitants of the Borough. The power of the local Govt. to deal with the land in question having consequently ceased, Memt. is informed that the Acting Lt. Governor is unable to interfere in this matter.

Dr. Faure het op 26 Desember aan die Koloniale Sekretaris teruggeskryf:—

In reply to your letter of the 19th inst, I have to request you to state to His Honor the Acting Lieutenant Governor, that the Consistory of the Dutch Reformed Church sincerely regrets that His Honor considers himself unable to interfere in this matter, as the land prayed for has been alienated by the Crown in favour of the Corporation of Pietermaritz Burg, though from these very words the Consistory feels assured that Her Majesty's Representative is perfectly prepared to interfere in behalf of our Church, when such is within His power, — the Consistory therefore prays, that His Honor will be pleased to grant a site to the Dutch Reformed Church in the centre of the land reserved by the Government on the Commercial Road opposite the Market Square, either as a compensation for

the erf to which the Dutch Church is equitably entitled to the opinion of the present holders thereof, or as a Government Grant to the Dutch Church. In case His Honor cannot give the land applied for as a compensation, the Consistory humbly trusts that His Honor will not scruple to transfer it to the same as a grant, seeing that portions of the same land have already been granted by the Government to two denominations of Christians for a similar purpose.

Die aanmerking van die Goewerneur hierop was as volg:—

The Lieut. Governor is unable to grant the request; His Honor is however quite prepared to grant 2000 acres of land in the country as an endowment for the Church in question provided the Consistory are able to provide for themselves by purchase or otherwise the necessary site: the land to be selected as soon as possible must be free from local objection.

En die Koloniale Sekretaris se antwoord aan dr. Faure, gedateer 17 Januarie 1856:

It is out of the Act. Lt 's power to comply with the prayer of Memt. His Honor is prepared however to grant as an endowment to the Dutch Reformed Church an extent of 2000 acres of land in the country, to the grant of which no local objection may exist, provided the Consistory are able to obtain, by purchase or otherwise, the requisite site for their Church in this Town.

Op 18 Julie het dr. Faure weer aan die Koloniale Sekretaris geskryf:

With reference to your letter dated 17th January, 1856, informing me that "His Honor is prepared to grant as an endowment to the Dutch Reformed Church an extent of 2000 acres of land in the Country," I beg you will apply to His Honor the Acting Lieutenant Governor, on behalf of the Consistory of the Dutch Reformed Church of Pietermaritzburg, that His Honor may be pleased to grant to them Lot No. 50 on the Government Map of this Country and cause the same to be issued to the Consistory of the Dutch Reformed Church of Pietermaritzburg.

Hierop het die Koloniale Sekretaris op 23 Julie 1856 die volgende aan die Kerkraad geskryf:

> The Acting Lieut. Govr. has been pleased to comply with the prayer of Memt., and has instructed the Surveyor Genl. to prepare a Title to the land prayed for in favour of the Consistory of the D.R. Church.

Die kerkraad het in sy vergadering van 4 Augustus 1856 waar behalwe dr. Faure ook nog G. J. Naude, T. J. Nel, P. Ferreira, P. H. van Rooyen, J. P. Zietsman en J. N. Boshof aanwesig was, die saak behandel. In die notule kom die volgende voor:

> De leeraar deelt mede dat het Gouvernement er toe is overgegaan om aan de Nederduitsch Gereformeerde Kerk van Pietermaritzburg een stuk grond achter den Zwartkop ter groote van 1885 akkers te geven ter vergoeding van het erf op de openbare markt naast de Kerk oorspronkelijk voor het bouwen eener kerk door den Volksraad ingehouden; dit wordt met blijdschap en dankbaarheid vernomen.

BEVINDINGS.

1. In 1839 is 'n voorlopige rietkerk gebou.
2. In 1840 is aanstalte gemaak met die bou van die permanente kerk, en hoewel daar met die beroep van ds. Albertyn sprake was om die kerk so te bou dat dit uiteindelik as pastorie gebruik kan word en die eintlike kerk op 'n ander plek te bou, is hierdie gedagte *nooit* uitgevoer nie, maar is die gebou as 'n kerk gebou. Die verklaring van Zietsman en Scheepers c s. in 1855 berus waarskynlik hierop dat hulle later gemeen het dat die Volksraad in 1840 die planne om die kerk later in 'n pastorie te verander, goedgekeur het. So 'n vergissing is bes moontlik.
3. Die kerk is van 1841-1861 as kerk gebruik, en eers toe dit begin verval het, deur 'n ander kerk vervang.
4. In 1843-1844 is 'n pastorie gebou, wat jare lank as sodanig gebruik is.

5. Die kerk wat in 1840-41 gebou is, is altyd as die kerk beskou wat gebou is ten gevolge van die gelofte. Nie alleen deur die Afrikaners is dit so beskou nie, maar ook deur die Engelse, en as bewyse hiervoor word na die volgende verwys:—

(a) John Noble: South Africa, Past and Present (1877) maak op bladsy 93 melding van die gelofte, en sê dan:—

> The Dutch Reformed Church was one of the first buildings erected at Pietermaritzburg, in fulfilment of this solemn undertaking.

(b) D. F. C. Moodie: The History of Battles and adventures etc. (1888) Vol. I, p. 436 (Australiese uitgawe p. 166)—

> Chaarl Cilliers was for many years an elder of the Dutch Reformed Church at Pietermaritzburg which he and others of the primitive boers erected as a memorial of the gracious Providence which crowned their arms with victory on the occasion of the battle with Dingaan in 1838.

(c) Robert Russell, Superintendent van Onderwys in Natal, het in 1891 'n boek gepubliseer. „Natal the Land and its story: A Geography and History for the use of Schools," en op bls. 159 sê hy in verband met die gelofte: The vow made before the battle was religiously kept. *The Dutch Reformed Church in Maritzburg* — one of the first buildings in the town — was erected in fulfilment of the pledge; and *Dingaan's Day*, the 16th of December, is still observed by all Dutch people in South Africa as a holy anniversary.

(d) Forseyt Ingram: The Colony of Natal (1895) bls. 174-175:

> At the foot of the Market Square stands an old building, now used as a soda-water factory. This was the first church and one of the first houses erected in Pietermaritzburg,

circumstances connected with it erection are worth narrating.

The Weenen massacre had inspired in the Boer emigrants a deep desire for revenge, and their own safety to great extent depended upon the overthrow of Dingaan and his forces. An expedition was organised for this object, and proceeded against the Zulu chief; but before making any attack upon him, the Boers engaged in prayer, and made a solemn vow that if the Lord would grant them the victory, they would "raise a house to the memory of His great name, wherever it might please Him." Needless to say, decisive victory blessed their arms, and the vow was faithfully kept by the erection of the old Dutch Church above referred to, and every man of this party assisted either with labour or materials. This is the Mother Church of South East Africa.

(e) J. Forsyth Ingram: The Story of an African City (1898) op bls. 22 maak hy melding van die gelofte, en sê op bls. 24:

> The Voortrekkers had kept their covenant, and built a house of worship to the honour and glory of God.

(f) G. McCall Theal: History of the Boers in South Africa (1887) bls. 241:

> The church at Pietermaritzburg stands as a sign that they kept their vow.

6. As die kerkraad van Pietermaritzburg enige regte en aansprake had op 'n deel van die Markplein om daar 'n kerk te bou, dan blyk dit uit niks dat dit vir 'n geloftekerk was nie, en dan het die kerkraad in 1856 hierdie aanspraak verruil vir die stuk grond agter die Zwartkop.

My vaste oortuiging is dat die Voortrekkers die gelofte uitgevoer het en die geloftekerk gebou het, sodat daar geen blaam of klad op hul nagedagtenis rus nie.

S. P. ENGELBRECHT.



Professore en teologiese studente, 1949.

Professore, voorste ry, v. l. n. r.: dr. A. van Selms, dr. H. P. Wolmarans, dr. S. P. Engelbrecht, dr. A. S. Geyser, dr. B. Gemser.

DIE GEBRUIK VAN DIE EED

In die Kategismus-prediking word daar aan die Derde Gebod twee Sondagsafdelings gewy. In die eerste gedeelte word daar gehandel oor die ontheiliging van die naam van God deur vloek en laster, maar waarby ek in hierdie artikel wil stilstaan, is by die tweede gedeelte van hierdie Gebod, wat handel oor die eedswering. In Sondagafdeling 37 van die Heidelbergse Kategismus word daar gevra in Vraag 101: „Maar mag ons ook godsalig by die naam van God 'n eed sweer?" en die ant-antwoord is: „Ja, as die owerheid dit van sy onderdane eis, of anders die nood dit van ons vorder om trou en waarheid daardeur te bevestig, en dit tot eer van God, en tot heil van ons naaste; want om so 'n eed te sweer is in die Woord van God gegrond, en daarom ook deur die heiliges in die Ou en Nuwe Testament reg gebruik." En Vraag 102, ook van Sondagsafdeling 37 vra verder: „Mag 'n mens ook by die heiliges of by enige ander skepsel 'n eed sweer?" Die antwoord hierop is: „Nee, want as ons 'n regte eed sweer, dan beteken dit dat ons God aanroep om as die enigste Kenner van die hart, getuienis te gee, en my te straf as ek vals sweer — 'n eer wat aan geen skepsel toekom nie."

Oor die neem van die eed, deur die persoon wat sweer, en die afneem van die eed, is daar nog maar min gesê, altans so weinig, dat 'n artikel oor hierdie onderwerp geregverdig is.

In kort gesê, is die eed die aanroep van God, sodat God as die enigste Kenner van die menslike hart, teenwoordig moet wees, en kan oordeel of die waarheid gespreek word, of nie. Die persoon wat die eed neem stel hom voor God, en vra dus om sy handeling te bevestig, of om sy handeling te veroordeel.

Ons kan in hoofsaak twee soorte van eedswerings onderskei: die eed wat vooraf geneem word, soos die belofte-eed, wanneer iemand 'n belofte maak, en dit dan met 'n eed bevestig, soos dit die geval was met die Rigter Jefta. Die ander eed word daarna geneem, wanneer die handelende persoon sy verklaring of daad wil bevestig.

Die gebruik van die eedswering bestaan al vir baie eeue in

al die lande waar godsdiens en staat met mekaar verband hou. Tog was daar nog altyd strominge en indiwiduele persone wat teen die eed gekant was. Hulle beroep hulle dan op die uitspraak van Jesus in Math. 5 vanaf vers 33 waar geskrywe staan: „Maar Ek sê vir julle: Sweer hoegenaamd nie — nie by die hemel nie, omdat dit die troon van God is" . . . ens. Dit sal nodig wees om hierdie perikoop te verduidelik. In die dae van Jesus het die Jode die eed misbruik. Die Fariseërs was van mening dat 'n eed wat by die naam van God gesweer is, gehou moet word, maar dat 'n eed wat by die hemel of by die aarde of by Jerusalem of by ons hoof gesweer is, die persoon wat die eed neem, minder bind. Jesus verbied dit, omdat die hemel die troon van God is, en die aarde Sy voetbank, en Jerusalem Sy stad, en omdat ons hoof in Sy hand is. Hierdie onderskeid wat hulle gemaak het, is dus vals.

Die eed word dikwels geneem vir eie belang, dan is dit sonde. Maar as die eed geneem word terwille van God, dan is dit geoorloof en pligmatig. Die Jode het in hulle privaat lewe die eed gedurig misbruik vir eie belang, en op die wyse probeer om die heilige karakter van die eed te ontneem, deur nie die naam van God te noem nie, maar om te sweer by die tempel, of Jerusalem, of by die hemel, of by die aarde. Hulle het op hierdie wyse probeer om dan nie te sondig nie. Hiervan sê Jesus: „Sweer hoegenaamd nie, maar laat julle woord wees: Ja, ja, en nee, nee." Om vir eie belang te sweer is altyd verkeerd, en dis sonde.

In hierdie verklaarde perikoop wil Jesus die menigvuldige gebruik van die eed teëgaan. Hy stel dit so voor, dat die gelowige in alles wat hy sê, en doen, altyd betroubaar moet wees, en dat die gebruik van die eed daarvoor nie hoef nodig te wees nie. Deur die sin vir waarheid en opregtheid, moet die gelowige die afskaffing van die eed bevorder. Eenmaal as die Godsryk gekom het, sal die gebruik van die eed tog sekerlik verval. Maar solank as wat dit nog nie tot daartoe gekom het nie, hoef die gelowige nie juis beswaar te maak teen die neem van 'n regte eed nie, hoewel hy dit altyd sal beskou as 'n vernedering wat hom aangedoen word, vanweë die sonde. Jesus het self voor Kajafas, m.a.w. voor die owerheid, die eed afgelê, en die gelowige moet dit ook doen, as die owerheid dit van hom

eis, maar altyd is die noodsaaklikheid van die eed 'n getuienis van die onwaarheid wat daar in die wêreld gevind word. Die eed dra dus eintlik die karakter van 'n geneesmiddel of 'n soort van medisyne wat teen die kwaad en sonde aangewend word. Graag wil ek hier die besondere treffende opmerking van Luther oor die gebruik van die eed aanhaal, naamlik dat die eed gebruik moet word soos die swaard gebruik word. Uit verveling moet die swaard nie uit die skede getrek word, en daarmee gespeel word, soos kinders speel met 'n mes nie. Nee, die swaard word alleen gebruik as die owerheid dit beveel, en netso word die eed ook net gebruik as die owerheid dit van sy onderdane eis. Die owerheid tree op as die dienares van God, en mag dus die eed van haar onderdane eis. Waar die eed dus beteken dat God as getuie aangeroep word, daar word dus aangeneem dat alle persone in diens van die owerheid, wie se taak dit mag wees om die eed van 'n medeburger af te neem, dus sal verstaan wat hy doen, en dit is, dat God as getuie aangeroep word. In 'n godsdienslose staat, m a.w. 'n staat waarvan die regering nie aan God glo nie, is die gebruik van die eed 'n ongerymdheid. So 'n staat sondig in sy geheel, teen die derde Gebod.

Om 'n eed te sweer is in die Woord van God gegrond, maar die gelowige sal altyd trag om deur sy gedrag soveel sin vir waarheid aan die dag te lê, dat hy daarmee toon dat die eed oorbodig is. Die woord van die gelowige moet net so bindend wees as die eed. As hy 'n belofte gedoen het, moet dit net so goed wees, as 'n eed wat hy afgelê het. En hier kom ek nou tot 'n sekere aspek wat ek graag wil verduidelik. In die kerk word daar nooit van die gelowige 'n eed verwag nie, omdat ons in die kerk tog sekerlik altyd spreek in die teenwoordigheid van God. In die kerk word van die gelowige 'n belofte gevra, en hierdie belofte is net so bindend as wat die eed is, wat buite die kerk van die mens verwag word. Hier geld beloftes soos wat ons aflê by aflegging van Geloofsbelydenis, by die bediening van die Heilige Doop aan ons kindertjies, by die kerklike inseëning van die huwelik en by die bevestiging tot dienaar in een van die kerklike ampte. Dit is dus seker verkeerd as ons dan in die kerk net met ons hoof knik, as antwoord op 'n belofte wat van ons gevra word. Soos by die aflê van die eed ons hele liggaam in aksie opgeneem word, moet ons dan

ook die vrae in die kerk wat aan ons gestel word, met 'n duidelike „Ja" beantwoord.

Die sweer van die regte eed is dus geregverdig in die Bybel, maar die valse gebruik daarvan ten strengste verbied. Reeds Abraham het gesweer in Genesis 24, gepaard gaande met die eienaardige seremonie dat Eliëser sy hand moet plaas onder die heup van Abraham, soos in Genesis 47 vers 29 verduidelik word.

Die vroegste Christene was teen die eed gekant, en verskeie van die Kerkvaders het hulle ook daarteen uitgespreek. En so was Athanasius I dan die eerste Christen-keiser wat 'n koningseed afgelê het. In 535 het Keiser Justinianus 'n meer uitgebreide eedsformule voorgestel waar dan gesweer is by die Drieeenheid en by moeder Maria en by die engel Michaël en Gabriël en die vier Evangelies. Tydens die Hervorming word die invloed daarvan ook op die eedswering merkbaar. Toe is die Roomse formule vervang, en nie meer langer is daar gesweer by Moeder Maria en ander heiliges nie.

Een feit omtrent die eed staan vas, en dit is, dat die geskiedenis van die eed tegelyk ook die geskiedenis van die onbetroubaarheid van die mense van alle tye is, en tewens ook die bewys is, hoe daardie poging, om kerk en maatskappy teen die onbetroubaarheid van die mense te beveilig, gefaal het. En in hierdie sondige wêreld sal die eed nooit die volle waarborg vir waarheid en betroubaarheid gee nie.

SAMUEL E. YOUNG.



DIE GRAF VAN DS. P. VAN DRIMMELEN.

Op hierdie afdeling sien ons die graf van wyle ds. P. van Drimmelen op Jomba, nie ver van Humpatadorp, op die vroeëre plaas van die heer Michiel van der Merwe.

PINKSTERDIENSTE OF BIDURE

Die vraag word dikwels gestel: Waarom hou net een van die Afrikaanse Kerke Pinkster-dienste of -bidure gedurende die tien dae tussen Hemelvaart en Pinkster, terwyl die ander twee Kerke hulle dienste tot Sondae beperk?

As ons op hierdie vraag antwoord gee, dan is dit geensins die bedoeling om ander te kritiseer nie of om oor ander 'n oordeel uit te spreek nie. Ons woon in 'n land waar godsdiensvryheid geëerbiedig word; elkeen is vry om sy godsdienstige sake in te rig soos hy verkies en elkeen kan kies aan welke Kerk hy wil behoort.

Maar met die oog op die nuwe dinge wat gesien word op die terrein van die godsdiens, met die oog op die groei van die sektewese, is dit nodig om onsself rekenskap te gee of ons nog op skriftuurlike grondslag staan en of ons nog getrou is aan ons geloofs-belydenis.

Die Metodisme waarvan Wesley die vader is, en nou veral in Amerika welig tier, het oorgewaai en die wortel geskiet by 'n groot deel van ons volk. Volgens die Metodiste moet die godsdienstige lewe 'n bepaalde vorm of patroon aanneem; op die metode word die nadruk gelê. Die bekering van die mens moet volgens 'n bepaalde plan bewerk en bevorder word.

By die Metodiste is die mens en nie Christus nie, hoofsaak, en daarom stel hulle die Bekering voor die Wedergeboorte — die een mens moet die ander mens tot bekering beweeg en dan volg die wedergeboorte vanself. En om die mense te bekeer, word spesiale opwekkingsdienste gehou, waarvoor dikwels spesiale predikers gebruik word. En in hierdie spesiale dienste word deur die spesiale predikers die gevoelens van die hoorders opgesweep totdat hulle selfs in ekstase kom. Op die gevoel word gespeel sonder om daarmee rekening te hou dat die mens ook 'n verstand en 'n wil het. En op die gebied van die geloof mag die wil en verstand nie buite rekening gelaat word nie, want ons is redelik-sedelike wesens. Jesus self lê daar nadruk op dat ons die Here onse God moet liefhê met ons hele hart, met ons

hele siel en met ons hele verstand. Met die hele persoonlikheid van die mense moet rekening gehou word.

En omdat in Metodistiese kringe soveel op die gevoel van die mense gespeel word, omdat hulle so bang vir die hel gemaak word, daarom het ons hier met so baie skynbekerings te doen. Daar word by die mense aangedring om bepaalde sondige gewoontes en gebruike af te skaf. En onder die indruk van die oomblik besluit baie dan ook om nie meer te rook, te vloek, te drink en te dans nie. Die uitwendige lewe word verander en na die uiterlike geoordeel het hulle beter mense geword.

Maar 'n voorbeeldige lewe is nog gladnie 'n bewys dat ons waaragtig tot bekering gekom het nie. Ons vroomheid kan so maklik niks anders wees as 'n godsdiens van raak nie, smaak nie en roer nie aan nie. Ons sien hierdie soort godsdiens by die Fariseërs. Na die uiterlike geoordeel, was hulle die vroom mense by uitnemendheid — hulle godsdienstige gewoontes was hulle uitstaande kenmerk; hulle het vroom gepraat en vroom gedoen. Hulle het selfs op die hoeke van die strate gestaan en bid — ja ook aan hulle klere is hulle uitgeken as godsdienstige mense — ander is deur hulle geoordeel en veroordeel. Maar niemand is deur Jesus self strenger veroordeel as hierdie Fariseërs wat in hulle eie oë die godsdienstige mense by uitstek was nie. Jesus vergelyk die Fariseërs by gewitte graftes wat van buite wel fraai lyk, maar van binne is dit vol doodsbene en allerhande onreinheid — van buite lyk hulle regverdig, maar van binne is hulle vol geveinsheid en bedrog — self gaan hulle nie die Koninkryk van God in nie en verhinder bowendien ander om in te gaan.

Jesus het nooit nadruk gelê op uiterlike godsdienstigheid nie. Hy lê nadruk op die gesindheid van die hart. Op die berg van saligsprekinge sê Hy nie vir Sy dissipels, julle moet nie dit en julle moet nie dat doen nie. Nee, op die toestand van hulle hart kom dit aan — salig is die reines van hart, salig is dié wat treur oor hulle sonde, salig is die sagmoediges en barmhartiges, salig is die vredemakers en die wat arm van gees is.

Die grootste gebod wat Jesus gegee het, is die gebod van die liefde — as ons God liefhet, dan sal ons ook aan al die ander gebooie gehoorsaam wees. Op godsdienstig gebied is

die gevaar van skynheiligheid besonder groot — die moontlikheid bestaan dat ons in die Metodistiese opwekkingsdienste op aandrang van opswepende gevoelsprediking ons kan bekeer van die goddelose wêreld na die vroom wêreld, maar in werklikheid bly ons wêreldlinge — ons hart het geen vernuwing ondergaan nie — ons is nie deur die Heilige Gees wedergebore tot 'n lewende hoop nie.

Baie van hierdie uitwendige bekerings, wat bestaan in die afskaffing van bepaalde slegte gewoontes, is dan ook gewoonlik kort van duur. Hierdie mense hou net vir 'n tydjie vol. Skaars is die spesiale dienste verby en die spesiale prediker weg, of hulle verval maar weer in die ou groef — hulle begin maar weer om te rook, te dans en te vloek. Wat nie uit God is nie kan nie standhou nie. Sonder die genade van God is ons nie instaat om ons beloftes na te kom nie en by ons goeie voornemens te bly nie.

Solank die opwekkingsdienste aan die gang is, is die kerkgeboue te klein, maar as die sensasie verby is, dan is die opkomste nog slegter as ooit tevore. Baie mense woon hierdie dienste uit nuuskierigheid by, maar die waaragtige bekering ontbreek by hulle.

Die groot fout wat deur die Metodiste gemaak word, is dat hulle die bekering voor die wedergeboorte stel. Hulle wil hê die mens moet hom eers bekeer, voordat hy deur God 'n nuwe mens gemaak kan word, d.w.s. voordat hy wedergebore kan word.

Hierdie leer is egter lynreg in stryd met Gods Woord. Die stem van die Here beveel twee dinge: ontwaak en opstaan — klop en oopmaak.

Paulus vergelyk die onwedergebore sondaar met „'n diep slaap, 'n slaap wat gelyk staan met die dood — 'n doodslaap." Daarom word hierdie slapendes met klemmende erns toegeroep: ontwaak julle wat slaap en staan op uit die dode. En uit hierdie doodslaap kan die een mens die ander nie opwek nie. Die mens is magteloos om die nuwe lewe te wek. Alleen die Heilige Gees is instaat om die mens wat dood is in sy sonde en misdade opnuut te laat gebore word.

Die Gees maak wakker en om ons wakker te maak, maak

Hy van middels gebruik — die prediking van die Evangelie gebruik Hy om ons wakker te skud. Deur die Woord van God oortuig Hy ons van sonde, geregtigheid, en oordeel.

En as ons wakker gemaak is, dan volg die opstaan, die bekering. Ons kan tog nie loop voor ons gebore is nie — net so min kan ons ons bekeer voordat ons wedergebore is.

Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand My stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom — hier vind ons 'n ander beeld waardeur dieselfde waarheid benadruk word.

Die Heilige Gees klop aan die geslote deur van ons hart, hierdie deur wat deur die sonde wat ons dien en liefhet, toegemaak is. Selfs sal ons nooit daaraan dink om die deur oop te maak nie — daarvoor het ons die sonde te lief. Maar die Heilige Gees klop om ons daaraan te herinner dat ons in 'n slawehuis woon — sy geklop laat ons insien dat ons in die gevangenis van die satan is.

Die Heilige Gees klop — Hy klop deur middel van Gods Woord — dit is die wedergeboorte — ons moet oopmaak, dit is die bekering — die slot van die deur van ons hart sit aan die binnekant.

Wedergeboorte en bekering moet gesien word as 'n proses met 'n goddelike en menslike kant. Gods werk, die wedergeboorte loop oor in die bekering van die mens.

Gods werk, die wedergeboorte van die mens, is 'n wonderwerk, 'n werk wat aan sy vrugte die bekering geken word.

Die wind waai waar hy wil, en jy hoor sy geluid, maar jy weet nie waarvandaan hy kom en waarnatoe hy gaan nie. So is elkeen wat uit die Gees gebore word. Ook die wind word geken in wat hy doen — die bome wat hy laat skud, aan die krag wat hy instaat is om te openbaar. Ons mense is magteloos — dit is die Almagtige se werk. — Dit is Hy wat in ons werk die wil en die werk om Sy wil te doen.

Die Heilige Gees werk in stilte maar met krag en daarom gebeur dit dat die mense nie eers weet dat hy wedergebore is nie. Langsaam ontwaak hy uit die diep slaap van die sonde — stadig maak hy die deur van sy hart oop.

Die Here werk nie volgens 'n vaste plan nie. Sy leiding is miskien in die geval van elke mens anders — Paulus het plotseling tot inkeer gekom, alhoewl dit nie moet vergeet word nie dat hy altyd 'n soeker na die waarheid was.

Timotheus, Titus en soveel ander het almal ongemerk gelowig geword. Daarom is dit dwaasheid om te beweer dat elke bekeerling die dag en datum, uur en minuut van sy bekering moet weet. Miskien nergens anders word daar soveel leuens vertel, as wanneer mense hulle bekeringsgeskiedenis begin vertel nie. Bekering is ook nie een gebeurtenis nie, maar 'n reeks van gebeurtenisse of liewer — bekering is 'n proses — elke dag moet ons ons bekeer of soos Paulus dit uitdruk: Ek sterf elke dag — die ou mens van die sonde moet aanhoudend in ons sterwe. Die Heilige Gees is eenmaal uitgestort en gaan onafgebroke voort met sy heilryk werk in die harte van die mense. In die werk van die Heilige Gees is daar geen verposing en stilstand. Elke Sondag inspireer Hy die geroepe diensknegte van Christus om die Evangelie te verkondig — Hy maak wakker — Hy klop aan die deure van ons hart. Ons mense is soms lui om te werk, maar die Heilige Gees hou aan, tydig en ontydig, vroeg en laat, om wakker te maak en te klop.

Daarom bestaan daar geen rede voor om die tien dae tussen Hemelvaart en Pinkster, meer en vuriger as die res van die jaar die Here te bid om die Heilige Gees. Die Heilige Gees is mos eenmaal uitgestort en bly by ons volgens die belofte van Christus, al die dae tot die voleinding van die wêreld.

Vir die gelowige is dit altyd Pinksterfees, dwarsdeur die jaar, vanaf die 1ste Januarie tot die 31ste Desember. Die Heilige Gees werk tog nie 10 dae van die jaar kragtiger as die orige van die jaar nie. Of wil die mense van die Pinksterbidure die Heilige Gees dwing met hulle gebede om yweriger te werk. God kan tog nie deur ons nietige mensies gedwing word nie. Hierdie Pinkster-kampanje wat 10 dae duur, word nie eers in Amerika aangetref nie, maar is beperk tot ons land.

Nergens lees ons in die Bybel van 'n opdrag dat die mense 10 dae voor Pinkster, ekstra baie en ernstig om die Heilige Gees moet bid nie — en volgens die geskiedenis het die eerste Christene dit ook nie gedoen nie. Opwekkingsdienste in Pinkstertyd is 'n menslike instelling wat net in Suid-Afrika in swang is.

Waarom dit so is, is 'n raaisel. Elke preek, dwarsdeur die jaar moet 'n opwekkingspreek wees en dan is daar geen behoefte aan spesiale opwekkingsdienste nie.

Ons Godsdiens moet dwarsdeur die jaar hoofsaak wees, nie slegs 10 dae van die jaar moet ons ekstra bid, en ekstra preek en vromer wees as anders nie. Vir die Hervormde Christen is dit altyd Pinkster, dwarsdeur die jaar.

En waarom bidure? Waarom moet al die mense by dieselfde geleentheid vir dieselfde dinge bid? Waarom soveel herhaling van dieselfde gebed? Elkeen moet 'n binnekamer van die gebed hê. Jesus self leer ons: Maar jy wanneer jy bid, gaan in jou binnekamer, sluit jou deur en bid jou Vader wat in die verborge is, en jou Vader wat in die verborge sien, sal jou in die openbaar vergeld.

Maar as die gemeente saamkom, dan is die voorganger die mondstuk. Hy bid voor en die gemeente bid in hulle harte saam met hom. As die Israeliete iets van die Here verlang, dan nader hulle Moses met die versoek om vir hulle by God in te tree.

Later is dit die priester wat vir die volk offer en vir hulle voorbidding doen — dink maar aan Sagarias in die tempel by die aankondiging van die geboorte van Johannes die Doper.

As Jesus die hoëpriesterlike gebed van Joh. 17 bid, dan bid Hy alleen namens en vir Sy disipels. Die heiligheid van die gebed moet deur ons geëerbiedig word. Die gevaar is groot om heilige dinge met onreine hande aan te raak. Niks ontaard so maklik in 'n gewoonte en vormhandeling as die gebed nie.

As ons op godsdienstige gebied oordryf en dweep, dan skep ons gunstige voorwaardes vir die sektes om te groei en te bloei.

Die ou paaie is die goeie weg — laat ons daarin wandel om rus te vind vir ons siel.

J. J. PRINSLOO.

Brakpan.

DE ZUID-AFRIKAANSE KERKEN EN DE NEDERLANDSE HERVORMDE KERK VAN AUSTIN FRIARS TE LONDEN.

24 Juli 1950 sal een feestdag zijn voor de Nederlandse Gemeente te Londen. Op die dag hoopt zij het feit te herdenken, dat 400 jaar te voren bij Koninklijk Charter van Eduard VI Austin Friars aan haar geschonken werd als bedehuis, wat het gebleven is tot op 16 October 1940, toen een Duitse bom dit fraaie 13-eeuwse kerkgebouw volkomen verwoestte.

Het spreekt vanzelf, dat de Kerkeraad een nieuwe kerk wil gaan bouwen op deze historische plaats, waar zovele Nederlanders hun geloof beleden hebben, en waar ook zovelen hun laatste rustplaats vonden. Wij hopen dat het mogelijk zal zijn met deze bouw een aanvang te maken tijdens de Herdenking van het 400-jarig bestaan, en de plannen hiertoe zijn reeds in een vergevorderd stadium. Het ligt in de bedoeling van de Kerkeraad om in deze nieuwe kerk de band met het verleden te bewaren, niet door een copie te bouwen van de oude kerk, doch door in het interieur iets van de verbondenheid met de historie tot uitdrukking te brengen. In verband daarmede heeft hij contact opgenomen met de Protestantse Kerken in Nederland, alsook met die van Zuid-Afrika. Wat de eerstgenoemde betreft behoeft dit natuurlijk geen nader betoog, immers Austin Friars gold in de 16de eeuw als de Moederkerk van het Nederlandse Protestantisme. Wij kunnen wel niet hetzelfde zeggen wat Zuid-Afrika aangaat, of het zou moeten zijn, dat wij de Zuid-Afrikaanse Kerken zien als een regelrechte voortzetting van de Kerk der Hervorming in Nederland, en als zodanig teruggaande op Austin Friars. Afgezien daarvan heeft er tussen onze kerken toch ook een regelrecht contact bestaan. Ik herinner in dit verband aan wat professor dr. S. P. Engelbrecht schreef in de „Almanak van 1941":—

> „In 1813 het die Londense Gemeente die gesangeboek daar laat herdruk en toe was dit moontlik om dit in die Hervormde Gemeentes buite Holland in te voer. Ons druk

die titelblad van die bundel hier af asook die bladsy waar Gesang 160 op voorkom. Waar ons voor in onse gesangeboek die waarborg van die Alg. Synode van die Ned. Hervormde Kerk vind, daar staan die volgende in hierdie Londense uitgawe gedruk: ‚Dit Evangelisch Gezangboek is gedrukt en uitgegeven onder opzigt van J. Werninck, S. S. Theol. Doctor, Predikant bij de Nederd. Hervormde Gemeente te Londen, en Lid van het Zeeuwsch Genootschap der wetenschappen te Middelburg.' Hierdie Londense bundel is op die tweede Sondag in Januarie 1814 in Suid-Afrika ingevoer."

Daarnaast zien wij dat in 1813, in hetzelfde jaar dus, een briefwisseling gevoerd is tussen de Kaapse Synode en de Londense Gemeente: —

„Aan den Eerw. Kerkeraad der Nederduitsche Hervormde Gemeente te Londen. WelEerw. Heeren en Broeders! De Kerkeraad der Nederduitsche Hervormde Gemeente alhier, altyd gewoon geweest zynde briefwisseling te houden, zoo met de Eerw. Klassis van Amsterdam, als met den Eerw. Kerkeraad op Batavia, en door dezen met de andere Gemeenten in de Oost-Indien — doch door den overgang dezer Landen onder het gebied van Zijne Groot-Brittannische Majesteit, in de eerste gestremd zijnde, nemen de vryheid U WelEerw. door dezen uittenoodigen, om ons, in derzelver plaats, met uwe correspondentie en nadere verbintenis wel te willen vereeren, en door den tyd zoodanige berigten van ons te ontvangen, als wy dan zoo vrij zullen zijn Uw Eerw. bij vervolg te doen toekomen, zoo nopens den staat onzer Gemeente hier aan de Hoofdplaats, als dien der Buiten-Kerken; zullende het ons wederkerig byzonder aangenaam en verpligtend zijn, indien wij van tijd tot tijd eenige informatiën mogen erlangen zoo van Uwe kerk als die van het Oude Moederland, waar van UwEd. als zooveel nader bij dezelve gelegen, altyd in de gelegenheid zyn, ons het een en ander te kunnen mededeelen. Door dezen weg ook zouden wy, indien UwEd. met eenig Kerkelijk Departement in Holland in correspondentie mogt zyn, altoos nog eenige connexie met de oude Moederkerk kunnen behouden, hetgeen ons bijzonder aangenaam zou zijn, als hebbende wij te veel blijken van hare zucht voor onzen bloei, dan dat zij daarin geen genoegen zou

nemen. Ook zou daar door wel eens de gelegenheid kunnen geboren worden, dat men ten Uwent meer bekend met den waren staat der Kerke alhier, er te gereeder toe zou kunnen besluiten, om die eens op dien voet te helpen brengen, waarop zij naar kerkenorde en gebruik, by onze gezindte bestaande, met handhaving van hare voorregten behoort te komen, waar toe wij vertrouwen dat UwEd. dan ook in zulke gevallen ons uwe medewerking niet zult onttrekken, om welke wij derhalve nu bij voorbaat zeer instantelijk verzoeken. Wij twijfelen geenszins, of men zal er zich in Holland zeer over verblijden, zoo men daar mag hooren, dat wij zoodanigen steun in UwEd. mogten vinden, en — wie weet? — of UwEd. van dien kant zelven, daar toe niet wel zullen worden aangemoedigd! Hoe het zij, Broeders! zulk een band zal door den tijd volstrekt noodig zijn, en daar toe te arbeiden is onze pligt. Met heilbede over U . . . noemen wij ons UEd. Dw. Dienaren en Broeders, de Leden des Kerkeraads voornoemd, en uit derzelver naam J. C. Berrange, V.D.M. Syn. p t. Praeses. Uit onze Kerkelijke vergadering binnen de Kaapstad den 3en Augustus 1818."

„Aan den Eerw. Kerkeraad der Ned. Herv. Gemeente aan de Kaap de Goede Hoop. WelEerw. Heeren, Geachte Broeders! UEerw. missive van den 3 Aug. des voorgaanden jaars . . . is my door den Heer Serrurier ter hand gesteld, dadelijk door my aan de respective leden ter lezing toegezonden, en gisteren in onze gewone maandelijkssche byeenkomst in overweging genomen. De Leden waren eenparig van gevoelen, dat men die uitnodiging niet wel kon aannemen, om dat onze Gemeente geheel op zich zelve staande, derzelver Kerkeraad nimmer korrespondentie heeft gehouden met eenige andere Nederduitsche Kerken, dan die zich in dit Koninkrijk bevonden. Sedert de oprigting onzer Gemeente in den jare 1550 is men nooit in eenige verbintenis geweest met de Kerken in Holland, of in de Hollandsche Bezittingen in andere landen. De Kerkelijke zaken, die er in dit Koninkryk gedurende den laatsten oorlog ten behoeve der Nederduitsche Gemeenten op Java, in Zuid Afrika en de West Indië verrigt zijn geworden, zijn nimmer door den Kerkeraad, maar alleen door mij in mijn privé waargenomen; en zoo ik verder geoordeeld mogt worden in staat te zijn iets ten behoeve van UEerw. Vergadering of Gemeente in dit rijk of in Holland te kunnen verrigten, zoo bied ik mijnen

dienst daar toe by deze gelegenheid opregt en blijmoedig aan. De Leden des Nederduitschen Kerkeraads te Londen hebben mij verzocht Uwe missive te beantwoorden, en UEerw. hun gevoelen omtrent uwen voorslag mede te deelen, het welk ik thans de eer heb te doen, terwyl ik onder afbidding van des Hemels beste zegeningen over uwe personen en werkzaamheden, mij met de meeste hoogachting en ware toegenegenheid noem, WelEerw. Heeren, Geachte Broeders! UEerw. Dw. Dienaar en Broeder J. Werninck, Predikant. Camberwell den 7 January 1819."

Werd dus niet ingegaan op deze vorm van bemiddeling, in elk ander opzicht zou de toekomst een nauwere samenwerking tussen deze beide kerken te zien geven, en vooral in de laatste jaren was het de Zuid-Afrikaanse Gemeenschap in Londen welke als schakel komt optreden. Beperkt het zich oorspronkelijk hiertoe, dat velen van hen de diensten op Zondagmorgen in de Nederlandse Kerk kwamen bijwonen, in 1938 zien wij voor het eerst een gemeenschappelijke kerkdienst ter gelegenheid van het Voortrekkers Eeuwfeest. Vanaf dat ogenblik zou het blijken dat de Zuid-Afrikaners Austin Friars als hun eigen kerk mochten beschouwen. Velen zijn in deze kerk in het huwelijk getreden, en hebben er hun kinderen laten dopen, en hebben zich gedurende hun verblijf in Londen goede leden van de Gemeente getoond.

Teneinde te overleggen wat in de toekomst gedaan kon worden om al deze contacten te bestendigen, besloot de Kerkeraad zijn predikant naar Zuid Afrika af te vaardigen, om daar met de Zuid-Afrikaanse Kerken besprekingen te voeren. Het eerste resultaat van deze besprekingen is geweest, dat in Londen het plan is opgevat voortaan geregeld Zuid-Afrikaanse predikanten uit Nederland uit te nodigen enige dagen onder de Zuid-Afrikaners, die in deze wereldstad verblijf houden, te komen werken. Tevens wordt gehoopt, dat de samenwerking in de nieuwe kerk symbolisch tot uiting zal

komen, doordat de banken daarin een blijk van herinnering zullen vormen aan de gemeenschappelijke arbeid van beide Kerken.

Het zal de Kerkeraad een grote vreugde zijn om tijdens de Herdenking van het 400-jarig bestaan vertegenwoordigers van de Zuid-Afrikaanse Kerken te mogen begroeten.

R. H. VAN APPELDOORN.

Zeg niet, o stervling! zeg niet meer:
„Mijn weg is donker voor den Heer,
„Mijn regt is voor Gods oogen
„Met duisterheid omtogen."
O, weet het nu, erken het luid:
Gods arm wordt door geen magt gestuit,
Wordt nimmer mat of moede.
Hij schenkt de sterkte, Hij de kracht,
En neemt, tot alles is volbragt,
U in zijn Vaderhoede!

Komt, heffen wij tot God omhoog
Het zuchtend hart, het biddend oog:
Zijn almagt zal ons schragen,
Wat nooden ons belagen.
De moed kan jeugdigen ontgaan,
De jongling struiklen op zijn baen;
Maar die den Heer verwachten,
Verheffen zich met aadlaars vlugt
Al hooger op naar reiner lucht,
Met steeds verjongde krachten!

LEWEND EN TOG DOOD?

Jy het die naam dat jy leef en jy is dood.

Hierdie waarskuwende woorde vind ons in een van die sewe briewe wat die apostel Johannes geskryf het aan die sewe gemeentes van Klein-Asië. Die vermaning staan in die brief wat gerig is aan die gemeente Sardes.

Van Sardes is ons weinig bekend. Wel weet ons dat dit in vroeër dae 'n magtige en aansienlike stad was. Maar in die tyd dat hierdie brief geskryf is, was die grootste opbloei verby. In hierdie stad vind ons in die begin van ons jaartelling 'n Christelike gemeente. Van hierdie gemeente is net dit ons bekend wat die brief ons vertel. En dit is ook genoeg. Die brief is 'n ernstige skrywe vol vermaninge en waarskuwings. Dit wek verbasing, want uiterlik lyk alles in orde. Daar is 'n goeie organisasie, gereeld word dienste gehou, ook die sakramente word bedien, ja, in ons oë is dit nie 'n slegte gemeente nie. Maar Jesus sien dieper, Hy sien die hart aan. Hy spreek vir Sardes die harde woorde: „Jy het die naam dat jy leef, maar jy is dood".

Skynbaar is alles in orde, skynbaar is daar beweging en lewe. Maar dit is 'n dooie meganisme. Dis met die lewe in daardie gemeente soos met 'n grammofoonplaat, waarop ons 'n sanger hoor sing wat reeds jare dood is. Skynbaar lewe, maar in werklikheid is daar niks. Die egte lewe ontbreek. Jy het die naam dat jy leef, maar jy is dood.

Hierdie waarskuwing is gerig aan die gemeente van Sardes en in hierdie gemeente ook aan die Christelike Kerk van vandag. Hoe dikwels vind ons in ons gemeentes ook maar net die uiterlike meganisme en geen waaragtige, egte lewe nie. Die kindertjies word nog wel gedoop want dit is tog die gebruik en die vaste gewoonte. Ook word die kinders oor die algemeen nog Sondagskool toe gestuur. En voordat die kind die ouerlike huis verlaat, moet dit tog lidmaat van 'n kerk wees. Die huwelik word in die kerk ingeseën en by die begrafnis moet daar 'n predikant wees, van wie verwag word dat hy by die blomme en kranse deur treffende woorde nog 'n geestelike kransie vleg.

Die kerk word nog 'n enkele keer besoek, meestal op kerklike feesdae of met Nagmaal, omdat mens nou eenmaal tot die kerk behoort. Dit alles kan net 'n dooie meganisme wees en nie egte lewe nie. In die kerklike lewe is daar soveel Christelike vrome skyn. Dis net uiterlike glans en skittering. Dis soos mooie glansende verf wat bouvallige, gebarste mure bedek.

Laat hierdie woord wat Jesus gespreek het vir die gemeente van Sardes ons tot inkeer bring en tot nadenke. Want ook vir ons word gesê: „Jy het die naam dat jy leef, maar jy is dood."

Hoe weinig egte belangstelling is daar onder ons Christene vir die geestelike dinge. Kenmerkend vir die toestand waarin ons verkeer, is dat dikwels gepraat word van 'n puik gemeente, waarmee 'n ryk gemeente bedoel word, nie 'n lewende gemeente nie. Beangstigend is dit wanneer op vergaderinge van die kerkraad, die geestelike leiers van die gemeente, so 'n groot aandag geskenk word aan die stoflike belange.

Die geestelike belange raak daardeur op die agtergrond. Ja, ook vir ons sê Jesus: Jy het die naam dat jy leef, dat jy goed georganiseer is, dat jy finansieel sterk is, maar geestelik is jy dood.

Jesus laat hom deur die uiterlike skyn nie bedrieg nie, Hy sien die hart aan. Hoe droewig is dit dat daar so min begeerte en verlange is om op te gaan na die huis van die Here. Het ons nie meer behoefte aan die lewende water van die Woord nie? Is daar so weinig hunkering om as gemeente God te aanbid, Hom te prys en te loof met ons gesange? Voel ons nie meer die verpligting wat ons as gedoopte Christene het om aan die godsdiensoefeninge deel te neem nie?

God sal een stem in die lofsang wat op Sondag na Hom opstyg mis, wanneer Hy u stem nie hoor nie. En weet ook die ouers nie meer dat hulle ook deur Jesus verantwoordelik gehou word vir die geestelike opvoeding van hul kinders nie? Hoeveel ouers verbreek nie die belofte wat hulle voor God en Sy gemeente afgelê het nie.

Waarskuwend klink die stem van Jesus: maar jy is dood. Dis egter nie die bedoeling van Christus om die gemeente van Sardes deur Sy vermaninge moedeloos te maak nie. Nee, Hy

wil die gemeente oproep tot bekering. Word wakker, „ontwaak jy wat slaap en staan op uit die dode." En dit roep Hy sy gemeente van vandag ook toe. Waak en bid.

Dis my innige bede dat die woord van God ons almal weer kragtig mag aangryp, dat God self ons uit die doodslaap mag wakker skud, dat Hy ons weer terug mag roep tot die egte waaragtige lewe. Laat Christus tog weer die middelpunt word van u huisgesin, van u gemeente, van u kerk. Uit krag sal ons die egte lewe nie verkry nie. Stel u vertroue op Hom wat vir die wêreld sê: Ek is die lewe. Hy wat dit gesê het is Jesus Christus. Hy het nie die lewe nie, maar Hy is die lewe. Waar Hy is daar is lewe, waar Hy nie is nie, daar is ook nie lewe nie. Waar Hy werk, daar word die mees dooie meganisme omgeskep in 'n lewendige organisme. Waar Hy die middelpunt is van die gemeente, daar skenk Hy vir die gemeente die Lewe, egte waaragtige lewe. Ontwaak dan, so roep Christus u toe. Hy het ook u nodig as 'n lewende lidmaat van Sy Kerk. Hy wil u gebruik as 'n lewende werktuig om andere tot kennis van saligheid te bring. Wees waaksaam en werk in Sy Koninkryk solang dit dag is. „Want die nag sal kom, dat niemand sal kan werk nie."

Die dood kan plotseling onverwags aan ons deur klop. Wee, hulle wat Christus slapende sal vind. Onvoorbereid om te verskyn voor hul hemelse Heer. Wee, wanneer hy u lou of koud vind. Want volgens Sy opdrag moet u waak en bid en stry, moet u u naaste bring na Jesus. U word deur Hom ook verantwoordelik gestel vir u ongelowige broeder of suster. Of hulle Jesus sal vind, die Bron van die Lewe. Wees dan altyd waaksaam „want as jy nie wakker word nie, sal ek op jou afkom soos 'n dief en jy sal nie weet in watter uur ek op jou afkom nie. Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees vir die gemeente sê."

F. VAN OOSTEN.

VOLLENHOVE SE KRUISTRIOMF, DIE LYDINGSGANG VAN 'N GEDIG.

Die digter Horatius, wat kort voor die begin van ons jaartelling in Rome en omgewing geleef het, hou in een van sy werke 'n merkwaardige betoog. Neem, so sê hy, 'n stuk werklike poësie; verander die volgorde van die woorde — met behoud natuurlik van die betekenis — sodat daar geen maat of ander uiterlike kenmerk van die verskuns in oorbly nie . . . tog sal elkeen onmiddelik besef dat hy met poësie te doen het, en „die ledemate van die digter, ook al is hy in stukke gehak, as sodanig herken."

Aan hierdie opmerking het ek dikwels gedink, as my oog by die blaai in die ou Gesangboek, soos by ons tot 29 Oktober 1944 in gebruik, op die 125ste gesang geval het. Ook toe ek van die digter van daardie lied nog niks geweet het nie, het dit my dikwels opgeval, dat dit 'n ander karakter gedra het as die meeste verse uit die Kerk se Gesangboek. Aan die een kant spreek in die lied 'n sekere mate van verstandelike redeneertrant, wat die een keer komies, die ander keer ergerlik aandoen; maar aan die ander kant kom daar ook reëls in voor wat in digterlike verbeeldingskrag ver uitgaan bo die gewoonlik nogal laagbydiegrondse uitdrukkings wys van ons kerkboek.

Wil mens voorbeelde?

Aan die een kant is daar die alte verstandelike element. Daar word bv. gesê dat mens by die kruis van die Here Jesus „zoveel nuts en godlijks" leer. Dit is natuurlik wel waar, maar as mens in sy gedagte op Golgota vertoef, sal jy tog nie in die eerste plek oor die „nut" van daardie oordenking praat nie. Die hele woord „nut" behoort feitlik nie tuis in die sfeer van die godsdiens en in die taal van die poësie nie.

Maar aan die ander kant is daar die hoë digterlike vlug. Die digter spreek oor die Skepper as van Hom

„die 't vee met huiden,
De mens met kleren, 't veld met kruiden,
De lucht met starren dekt."

Veral in die laaste woorde tref ons 'n beeldspraak wat in stoutmoedigheid nêrens in ons bundel geëwenaar word.

En vir wie 'n oor vir die klank en melodie van 'n vers het, is dit merkwaardig om te sien, of liewer om te hoor, hoe die gesang telkens vaart kry: dit stu herhaaldelik op Vondeliaanse wyse oor die ende van die versreëls heen. In die meeste gesange val die sinsnede en die rymwoord saam: wat vir die verstaanbaarheid 'n voordeel is, maar geen kenmerk van goeie digkuns mag genoem word nie: die resultaat daarvan is gewoonlik 'n sekere eenvormigheid en eentonigheid. Maar in Ges. 125 hoor jy herhaaldelik 'n stroom oor sy oewers bruis.

Aan die ander kant is daar tog ook weer stukke in, waar die ritme duidelik verslap. Dit lyk of die melodieuse lyn van die gesang op eenmaal 'n insinking het. Een voorbeeld sal genoeg wees: Die vier keer „wij" in een reël is uit digterlik oogpunt onaanvaardbaar:

„Wij, zondaars, wij, wijzelf, wij schonken
U, Heer! dien kelk, zo wrang, vol gal . . ."

Daar is dus iets besonders aan hierdie gesang. En inderdaad, by 'n ondersoek na digter en oorsprong het dit spoedig duidelik geword, dat ons hier mag praat van „die ledemate van die in stukke gehakte digter."

* * *

Die sanger van hierdie kruislied is Johannes Vollenhove. Van sy lewe is vry veel bekend. Sy familie het tot die regente-kringe behoort, sonder om egter daardie vyandskap teen die huis van Oranje te koester wat dikwels wel met die burger-aristokrasie gepaard gegaan het. Sy vader, Arnoldus, was burgemeester van die stadjie Vollenhoven in die N.W. punt van Overijsel. Al geniet daardie dorpie teenswoordig die eer om in oppervlakte die kleinste van Nederland te wees ('n vierkant van amper 600 tree in lengte en breedte), en al het Vollenhoven ook in vroeër eeue nooit meer as omtrent 1,500 inwoners getel nie, tog was die jonge Johannes, wat 2 Junie 1632 daar gebore is, 'n aristokraat, iemand met die aanleg van 'n grand seigneur. Ons sien dan ook dat hy, as hy na studie aan die universiteite van Utrecht en Groningen predikant te

Vledder in Drente word, van die begin af weet wat hy wêrd is en met die grotes in sy omgewing as 'n gelyke omgaan. Hy vertoon die tipe, wat so waardevol vir 'n Kerk kan wees, van 'n aristokratiese predikant, een wat sowel deur geboorte as deur lewenshouding sy plek onder die eerstes in die maatskappy inneem en handhaaf.

Die Drentse dorpie kon nog geen drie jaar van sy predikgawes geniet. In 1656 vertrek ds. Vollenhove na Zwolle, die hoofstad van Overijsel. Daar het hoë roem as kanselredenaar hom gewag, en ook, wat vir hom persoonlik amper net so gewigtig mag genoem word, sy lewensgesellin, die dogter van een van die Zwolse burgemeesters. In Zwolle het hy ook vir die eerste keer as digter openlik opgetree, deur die uitgawe van sy „Kruistriomf", 'n uitvoerige gedig, waar ons netnou nog meer oor moet sê. Dit was 'n vrug van die stille dae in die pastorie van Vledder, maar is deur hom kort na sy intree in Zwolle met 'n opdrag aan „de edele, achtbare Heren Burgemeesters, schepenen en raden der stadt Zwol en derzelver sekretarissen" in druk gegee. Hierdie opdrag word begryplik as ons bedenk dat in daardie tyd die predikante gewoonlik met medewerking van die stadsregering aangestel is.

Die roem van Vollenhove het deur die land gevlieg. Vondel, ou domineeshater as hy was, het van die Kruistriomf na eerste lektuur gesê: „Ha, dit is skoon! Jammer, dat die digter 'n predikant is!" Dit het nie belet dat later 'n hartlike korrespondensie tussen die ou Roomse digter en die jong predikant ontwikkel het nie. Sinspelende op sy naam noem Vondel hom „Volle vruchthoren" — ons sou sê: horing van oorvloed, die bekende barok-motief op skilderye en in beeldhouwerk, ook aan kansels. En eenmaal skrywe die grootste Nederlandse digter vir ons predikant: „Ik kenne niemand, zonder pluimstrijken gesproken, die u in dit renperk voorbij streeft."

Na tien jaar diens in Zwolle word Vollenhove na 's Gravenhage beroep. Hier beleef hy die verheffing van Willem III tot stadhouder; van hier uit begelei hy die Nederlandse afvaardiging ter vredesonderhandeling in 1674 na Engeland. As Haags predikant verkeer hy met die Prins van Oranje en sy vrou, ook nadat hulle koning en koningin van Engeland geword het. Op hom het ook die droewe las geval om oor die koningin

eers, daarna oor die koning die lykpredikasie te hou. Groot was sy roem as kanselredenaar. Sy preke is herhaaldelik herdruk en het selfs vir die oog en oor van ons tyd nog wel 'n mate van letterkundige verdienste. Deur digters is hy geroem as

„den 's Gravenhaagsen Guldemond,
die winst deed met zijns Meesters pond!"

Opmerklik is daarby die groot verdraagsaamheid, wat in sy preke en optrede telkens aan die dag gekom het. Dit was by hom seker geen onverskilligheid nie: hy het self 'n seer vaste oortuiging gehad, en dit ook gedurig duidelik geopenbaar. Maar hy het nie, soos so baie innerlik onsekere geeste, sy krag gesoek in verdagmaking van ander predikers nie. Hy het altyd vir eendrag en liefde in die Kerk gepleit, en dit in 'n tyd toe dit gevaarlik was, om sagmoedig te wees. Dit is in hierdie verband die vermelding werd, dat ds. M. J. Goddefroy sy bekende geskrif „De Kerkkwestie niet een Leer- maar een Levenskwestie", 1889, beëindig met die woorde: „Zodoende zullen we dan ook gaarne ter harte nemen, tegenover iedere Kerk, en tegenover alles wat van Christus is, het aandoenlijk woord van Van Vollenhoven (1670):

„ ‚Och, broeders! staak dit twistgedruisch,
Bouwt Salems muur en daken;
En smoort dien huistwist in Gods huis;
Leert hier uzelf verzaken'."

Ook dit is niet een Leer- maar een Levenskwestie!"

Ds Vollenhove was dus wel 'n man na die hart van Prins Willem III, wat 'n oortuigde lid van ons Kerk was, en juis op grond daarvan tot die Rooms Katolieke Franse gesant eendag gesê het: „U hou u godsdiens vir die ware, ek die myne; daarom kan ons tog wel goeie vriende wees."

As ons nou nog vermeld dat die digter, nadat hy sy eerste vrou, wat hom vyftien kinders geskenk het, deur die dood verloor het, 'n tweede hom waardige lewensgesellin gevind het en in hoë ouderdom geestelik en liggaamlik sterk gebly het, totdat op 14 Maart 1708, die dood hom weggeneem het — dan weet ons nou genoeg van sy persoon om tot sy werk te kan terugkeer.

* * *

Vir sy tydgenote en vir die nageslag het Vollenhove altyd in die eerste plek die digter van die „Kruistriomf" gebly. Behalwe 'n groot aantal geleentheidsgedigte en vertalings het Vollenhove nogal wat lyriek geskrywe — selfs 'n klein aantal minnedigte uit die tyd dat die een-en-vyftigjarige predikant na die hand van die weduwee Goedhals geding het — en 'n ander van sy gedigte het ook, met 'n aantal wysigings, as Ges. 133 (nie in die Afrikaans vertaal nie) 'n plek in die sangbundel van die kerk gevind. Maar hoe verdienstlik dit alles mag wees, hy is en bly vir die enkeles wat sy naam nog ken in die eerste plek die digter van sy eerste gedrukte stuk: die Kruistriomf.

Dis 'n uitvoerige gedig van ruim 600 reëls, in die uitgawe van 1686 op 19 Bladsye gedruk. Soos die titel reeds aandui lê die digter nie so seer die nadruk op die smartlike van die lyding op sigself nie, as wel op die vrug van die lyding van Christus: die verlossing van die synes. Die gedig probeer dus nie, soos so baie uit later tyd, om op 'n onbybelse manier die gevoelens van deernis en medelye met die lydende Jesus op te wek nie, maar getuig van die oorwinning wat die Here deur sy lyding en sterwe op die dood en die duiwel behaal het. Uit teologies oogpunt is dit natuurlik ook verreweg die mees juiste. As dit by 'n Calvinis soos Vollenhove nie ongepas is nie, sou mens graag 'n vergelyking wil trek met die kruisbeelde uit die Middeleeue. Die oueres, uit die Romaanse tyd, toon ons die Here in sy majesteit, in 'n koninklik onbuigsame houding, selfs aan die kruis; hulle is die uitbeelding van die beroemde reël uit 'n ou-Latynse himne: Regnavit a ligno deus: „God regeer vanaf die hout." In die loop van die ontwikkeling van die Gotiek neem 'n sentimentele verdieping in die pyn en smart die plek in van die ouere eerbied en dankbaarheid: dan kry ons daardie kruisbeelde wat — met meesterlike vormbeheersing — in die verwrongenheid van die ledemate die duldelose pyn tot uitdrukking bring. Vollenhove was 'n geesverwant van die Romaanse beeldsnyers, meer as van die Gotiek. Dit lyk of ons in ons kunswaardering van die kritieklose Gotiek-verheerliking van die laaste eeu terugkom; in die teologie weet ons lank al, dat teenoor 'n weekheid, soos later ook in die slotkoor van die Matteus-passion van Bach voor die dag kom, die woord van die Here self van toepassing bly: „Dogters van Jerusalem, moenie oor My ween nie, maar ween oor julleself en oor julle kinders."

Maar dreig ons op hierdie manier nie 'n waardevolle element van innige gevoelslewe uit die lydingsoordenking weg te neem nie? As mens Vollenhove se Kruistriomf lees, kom daardie vraag nie op nie. Selde het iemand so innig gespreek oor die gemeenskap van Christus met sy Kerk as ons digter dit in die tweede gedeelte van sy werk doen. Die dankbare geloof verenig die siel sterker met sy Heiland as die magtelose meewarigheid. Die gevoelsindividualisme ken die blye rus nie van die volk van God, wat sy heil verseker weet deur die magtige dade van die Verlosser en ewige Koning:

„Zijn volk, zijn erfdeel, hem geschonken
En van den Vader toegezeid,
Eer 's werelds grond was vast geleid,
Eer zon of zilvre starren blonken."

* * *

Die gedig was natuurlik veel te uitvoerig om geskik te wees vir die kerklike gesang. En tog het die versamelaars van die Evangeliese gesange, wat omtrent honderd jaar na Vollenhove se dood hul arbeid voltooi het, die werk nie geheel wil mis nie. In hierdie omstandighede het hulle 'n barbaarse hulpmiddel toegepas. Hulle het 'n paar van dié gedeeltes, wat na hulle oordeel die mees treffende was, uit die geheel losgesny. Dat dit nie sonder geweldadigheid en kwetsure kon plaasvind nie, is duidelik. Die vers van Vollenhove ontleen 'n deel van sy bekoring daaraan, dat dit nie in strofes afgeperk is nie, maar soos 'n kragtige stroom voortstu, oor die grense van reël en strofe heen.

Daarby kom dan nog dat die versamelaars die gedeeltes, wat hulle nie sonder moeite en beskadiginge uit die geheel losgeskeur het, vervolgens nog gaan verander het, sodat dit meer in ooreenstemming kon wees met die teologiese en estetiese eise van hulle tyd. Arme Vollenhove! Sodoende vertoon die Nederlandse gesang 125 inderdaad niks anders meer as die deerlik verminkte, in stukke gesnede ledemate van die digter. Dit verklaar nou ook die eienaardighede wat ons aan die begin van hierdie opstel aangedui het: die digterlike vlug — van Vollenhove — en die redenerende element — van die brawe maar nie besonder verhewe versamelaars; die voortgolwende

ritme — van Vondels leerling — en die plotselinge verslapping van die melodie — te wyte aan die middelmatige geesverwante van Rhynvis Feith en consorte.

Die gestorwe digter kon homself nie verweer nie; hierdie digterlike skennis het ongestraf gebly. Maar die resultaat is natuurlik uitermate onbevredigend. Mens kan ook niks anders verwag nie as 'n groot gedig in klein stukkies gehak en dan na die smaak van 'n eeu later „verbeter" word.

Dit het die versamelaars van die nuwe kerkbundel, wat sedert die jaar 1938 in die Nederlandse Hervormde Kerk gebruik word, ook wel besef. Hulle het die gesang heeltemal weggelaat. Miskien is hulle tot daardie besluit egter meer gelei omdat 'n paar reëls uit die gesang al sinds jaar en dag 'n teologiese ergernis gevorm het. Ons dink aan die berugte passasie:

„Rechtvaardigheid hield aan om straf,
Genade dong om vrijgeleide;
Hier trad Gods wijsheid tussen beide,
Die z'allebei' voldoening gaf."

Teologies is hierdie reëls — wat toevallig netso in die oorspronklike gedig van Vollenhove voor kom — natuurlik onhoudbaar. Dis nie die wysheid, maar die liefde Gods, wat die oorsprong is van die verlossingswerk. En dis onmoontlik om op daardie manier die eienskappe van God as afsonderlik optredende groothede te skilder. Hier merk ons iets van die nadele van Vollenhove's digterskap: hy was by die digters van die oudheid en van sy eie tyd daaraan gewoon, om allerlei abstraksies as godlike gestaltes uitgebeeld te sien. Blykbaar het dit hom daartoe gebring om op dieselfde manier met die skildering van die eienskappe van God te werk te gaan; maar in die Christelike teologie is die eienskappe van God geen abstraksies nie en die gehele werkwyse is verwerplik.

Dit sal inderdaad wel in hoofsaak hierdie beswaar wees wat die saamstellers van die nuwe Nederlandse bundel beweeg het, om hierdie gesang weg te laat. Want hoewel dit na die slegte ervaringe met Vollenhove se werk amper ongelooflik klink, het hulle tog 'n ander digter, en wel niemand minder as Vondel self, aan dieselfde barbaarse verminking blootgestel. Die pragtige rei uit die „Lucifer", die ongeëwenaarde „Wie

is het die zo hoog gezeten . . ." is natuurlik nie vir gemeentesang geskik nie. Tog het die kommissie dit wel in die een of andere vorm wil opneem, en so verskyn in die nuwe bundel 'n gesang wat die nommer 133 draag, en wat ons opnuut die woorde van Horatius oor die ledemate van die in stukke gehakte digter te binne bring. Die mense word blykbaar nooit wyser nie.

* * *

In die Afrikaanse gesangbundel het die ander gesang van Vollenhove geen plek gevind nie, dog die verminkte werk, Ges. 125 uit die ou bundel, is wel 'n vertaling in die Afrikaans waardig gekeur. Maar ons bewerkers het tog wel gevoel, dat dit ongewens sou wees om dit in sy geheel en letterlik in die Afrikaans oor te set. Amper die helfte van die gesang het verdwyn: in plaas van die sewe strofes uit die Nederlandse bundel bied die Afrikaanse maar net vier. Dit is nie van belang ontbloot nie om na te gaan, watter gedeeltes weggelaat is.

In die eerste plek het Afrikaans Ges. 123 nie die inleidende vers van Nederlands Ges. 125 nie. Dit is in verskillende opsigte 'n voordeel; daardeur verdwyn die woorde, wat ons as aanstootlik aan die begin van hierdie opstel reeds gebrandmerk het, oor die „nut" wat die oordenking van die lyding van Christus ons kan bring. Die tweede koeplet daarenteen, met sy skildering van die Here aan die kruis, op die oomblik dat die dood naby is, het die Afrikaanse eerste vers geword, en is vry, maar sonder groot afwykings, in ons taal oorgebring. Die derde vers uit die ou teks egter is nie in ons bundel oorgeneem nie. Dit is juis die beste, uit suiwer digterlike oogpunt, van die ou Gesang. Daarin kom die fraaie beeldspraak voor oor die sterre as die kleed van die lug. Al te persoonlike beeldspraak is egter, hoewel dit uit poëtiese oorwegings 'n aanbeveling van 'n digstuk is, in kerklike liedere nie besonder gewens nie. In die gemeentesang moet die persoon nie te veel op die voorgrond kom nie. En so kan mens verstaan dat die Afrikaanse gesangvertolkers hierdie koeplet maar eenkant laat staan het.

Minder begryplik egter is die bewerking van die vierde vers; die Hollandse teks, nie al te ver van Vollenhove se oorspronklike werk nie, spreek hier oor Fariseërs, priesters en Pilatus, op wie ons nie ons eie skuld aan die dood van Christus

mag afskuif nie. Dis konkrete en Bybelse taal. In plaas daarvan het nou in ons bundel 'n paar retoriese vrae gekom:

Waarom word Hy daar so gesmaad,
Die Seun van God so diep verneder,
Ten toon gestel as wetsoortreder —
Waarom word Hy van God verlaat?

Skrywer van hierdie opstel was nie by die bespreking van hierdie gesang op die werk van die Vertalingskommissie aanwesig nie; anders sou hy seker geprotesteer het teen hierdie vae en lendelamme surrogaat.

En as ons nou oorgaan na die vyfde vers, soos ons gesien het die teologiese aanstoot, dan sien ons daar tot ons verbasing 'n bykans letterlike vertaling:

Die Reg het aangedring op straf,
Genade weer op vrygeleide;
Maar aan die volle eis van beide
Het God voldoening vry verskaf.

Hierdie reëls is amper net so bedenklik as die oorspronklike. Dis ternouwernood 'n verbetering dat in plaas van „Gods wysheid" hier die Allerhoogste self genoem is. Want so word tog weer 'n verskil gemaak tussen God en sy genade, en 'n teenstelling tussen genade en reg, wat volgens die Bybelse getuienis een is.

Die Afrikaanse Gesang het dan nog een strofe meer, 'n nogal getroue weergawe van die teks van Vollenhove; maar die laaste vers uit die Nederlandse Gesangboek, wat handel oor die navolging van Christus, vind geen teenhanger in ons uitgawe nie. Na die redes van die weglating kan mens maar net gis.

So sien ons, dat die digstuk van Vollenhove, wat meer as 600 reëls bevat, en in die Nederlandse Kerkboek gereduseer is tot 56 reëls, by ons nog verder vermaer het tot nie meer as 32 reëls nie. Mens kan hier feitlik selfs nie meer van ledemate en stukke spreek nie. Wat het van die digter oorgebly? Nie meer as sy skim nie. Ons het hier werklik alle aanleiding om te spreek van die lydingsgang van 'n gedig!

Maar aan die ander kant moet ons ook erken: Al is dit maar net 'n skim en armsalige res, tog het daar in Afrika nog iets oorgebly van Vollenhove. Dit het met hom gegaan soos met Sluiter, sy tydgenoot en vriend, oor wie in die Almanak van die vorige jaar iets meegedeel is: in hul vaderland het die laaste spore van hul arbeid uit die kerklike liedboek verdwyn, maar hier aan die ander einde van die aarde leef daar nog iets van voort.

Hoe lank nog? Geen mens kan dit sê nie. Maar aangesien kerklike liedere die langs-lewende van die mensheid is, kan ons reken dat Volenhove in sy Afrikaanse vorm die jaar 2000 nog wel sal haal — as tenminste die wêreld teen daardie tyd nie vergaan het nie.

A. VAN SELMS.

O Hoof, bedek met wonde—
Bespot, gesmaad, gehoon!
O Hoof, so wreed geskonde,
Met skerpe doringkroon!
Weleer met strale omgewe
Van bowe-aardse gloed,
Nou bleek en sonder lewe —
O Dier'bre Hoof, gegroet!

Skei ek uit hierdie lewe,
O wyk dan nie van my;
As alles my begewe,
Staan in die dood my by;
En word die stryd die bangste,
Laat dan in pyn en vrees
U deurgestane angste
My tot vertroosting wees!

Ges. 121:1 *en* 6.

Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika

Die Algemene Kerkvergadering.

Die Algemene Vergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika kom minstens eenkeer in die drie jaar byeen (art. 14 van die Kerkwet), en is saamgestel uit alle diensdoende predikante, en hoogstens twee ouderlinge en een diaken uit elke gemeente, asook die professore in die teologie vanweë die Ned. Hervormde Kerk, en die emeriti-predikante, beide met adviserende stem. Die laaste Algemene Kerkvergadering het in Mei 1948 saamgekom.

Die Kommissie van die Alg. Kerkvergadering.

Ds. A. Oosthuizen (Voorsitter); Ds. T. F. J. Dreyer (Scriba); Ds. J. J Prinsloo (J. sn.) (Vise Voorsitter); Ds. E. S. Mulder (Vise-Scriba); en die volgende ouderlinglede: P. W. du Preez, Ring van Potchefstroom; G. F. J. v. Rensburg, Ring van Rustenburg; H. A. Visage, Ring van Pretoria; C. P. Engelbrecht, Ring van Heidelberg; H. M. P. Visser, Ring van Zeerust; N. J. Grobler, Ring van Trichardtsfontein.

Kuratore van die Pensioenfonds.

Prof. B. de Loor (Voorsitter), di. J. J. Prinsloo (J. sn.), A. Oosthuizen, G. P. J. Grobler, en die BB. J. Hoogland, J. H. Janson (Sekr.).

Finansiële Kommissie.

Prof. B. de Loor (Voorsitter), di. Joh. Dreyer, J. J. Prinsloo (J. sn.), A. Ras, A. Oosthuizen, die Administrateur (Scriba).

Kuratorium.

Prof. J. H. Greyvenstein, Prof. B. de Loor, di. J. J. Prinsloo (J. sn.), Joh. Dreyer, S. Vermooten, D. F. Erasmus, E. S. Mulder.

Kommissie van Evangelisasie.

Di. Joh. Dreyer (Oproeper), A. Oosthuizen, S. Vermooten, J. J. Prinsloo (J. sn.), L. M. le Roux, F. J. van Zyl, W. van Bergen, C. S. v. H. Steenekamp, J. P. Labuschagne, J. J. Engelbrecht.

Regskommissie.

Ds. Joh. Dreyer (Voorsitter), proff. D. Pont, S. P. Engelbrecht, L. Ign. Coertze, ds. J. J. Prinsloo (J. sn.).

Drukperskommissie.

Di. W. F. H. Huyzers (Oproeper), A. J. Nolte, J. C. du Plessis, Prof. A. S. Geyser, die Administrateur, Mnr. Herbst (Adm. Weeshuis).

Kommissie vir Belydenis- en Liturgiese Geskrifte en Formuliere.

Proff. B. Gemser (Oproeper), S. P. Engelbrecht, A. van Selms, A. S. Geyser, H. P. Wolmarans, di. Joh. Dreyer, M. M. Grobler, D. F. Erasmus.

Kommissie vir Opvoeding en Onderwys.

Prof. H. P. Wolmarans (Oproeper), dr. C. K. Oberholzer, di. Joh. Dreyer, S. Vermooten, W. J. Kemp, T. F. Dreyer, W. M. Wolmarans.

Kommissie vir Jeugwerk.

Ds. P. W. Venter (Oproeper), ds. D. F. Erasmus, ds. J. G. du Plessis, ds. P. J. L. Bierman, ds. J. J. Prinsloo (G. sn.), oudl. G. C. Coetzee, oudl. M. C. Erasmus. oudl. S. J. Botha, die Ringsuperintendente.

Kommissie vir Hulpbehoewende Gemeentes.

Prof. A. S. Geyser (Oproeper), di. A. Brandt, Ring van Potchefstroom, P. M. Smith, Ring van Heidelberg, C. H. Muller, Ring van Trichardtsfontein, D. B. Snyman, Ring van Rustenburg, H. J. Geyser, Ring van Zeerust, J. D. Storm, Ring van Pretoria, S. J. Strydom, D. J. van Staden, W. P. van der Merwe.

Kommissie van Volksvoorligting en Sektewese.

Di. A. J. Nolte (Oproeper), F. J. Z. Booysen, S. P. J. J. van Rensburg, S. P. Viljoen, P. S. Grobler, P. G. van Staden, J. D. H. Smit, F. van Oosten.

Kerksaalkommissie.

Di. C. S. v. H. Steenekamp (Oproeper), P. J. J. Venter, T. N. H. Janson, G. C. Coetzee, A. J. van Staden, W. Roos, J. H. van Staden, W. J. Engelbrecht, mevr. (ds.) Steenekamp.

Ondersteuningsraad.

Ds. J. C. du Plessis (Oproeper), prof. Abel Coetzee, di. W. H. Grey, S. P. Viljoen, P. J. L. Bierman, G. Roos, J. A. Smit, H. M. E. Dreyer, P. W. Venter, mevr. (ds.) Ras, mevr. (ds.) G. Roos, twee diakens wat gekoöpteer moet word.

Kommissie van „Die Hervormer."

Di. Joh. Dreyer (Oproeper), D. F. Erasmus, F. J. Z. Booysen, S. P. J. J. van Rensburg, F. J. van Zyl.

Kommissie vir die Almanak.

Prof. S. P. Engelbrecht (Oproeper), prof. A. van Selms, ds. J. J. Prinsloo (G. sn.), die Administrateur.

Boekverspreidingskommissie.

Di. A. Ras (Oproeper), H. J. Geyser, P. J. Booysen, W. F. H. Huyzers, P. W. A. Bierman, C. S. v. H. Steenekamp, W. M. Wolmarans, P. A. R. C. van Wyk.

Hulpaksie Protestantse Kerke.

Di. E. S. Mulder (Oproeper), T. F. J. Dreyer, M. M. Grobler, J. C. du Plessis, prof. S. P. Engelbrecht, prof. B. Gemser.

Kommissie vir 'n Studentekerk.

Prof. A. S. Geyser, prof. Bokhorst, ds. A. Oosthuizen (Oproeper), mnr. H. Vermooten, mevr. A. Oosthuizen, mevr. de Friedland, mnr. P. J. L. Grobler.

Kommissie vir Reorganisasie.

Di. J. J. Prinsloo (G. sn.) (Oproeper), W. F. H. Huyzers, A. J Nolte, C. S. v. H. Steenekamp, A. Ras, prof. dr. B. de Loor, die Administrateur, mnr. Herbst (Adm. Weeshuis).

Korrespondent met Buitelandse Kerke.

Ds. T. F. Dreyer.

Die Administrateur.

Mnr. J. H. Janson, Posbus 19, Dullstroom.
Kantoor: Oranje Nassaustraat, Dullstroom.

Argivaris.

Prof. dr. S. P. Engelbrecht, 164 Lisdoganlaan, Pretoria.

Argiefkommissie.

Prof. Dr. S. P. Engelbrecht, ds. Thos. Dreyer en mnr. L. N. Eksteen.

Kerklike Publikasies.

Die Almnaak verskyn jaarliks, prys 1/3 per eksemplaar. „Die Hervormer" verskyn maandeliks. Intekengeld 3/6 per jaar.

KAAPSE PREDIKANTE VOOR 1814.

1665 Johan van Arckel, Kaapstad 1665, oorlede 12 Jan. 1666.
1666 Johannes de Vooght, Kaapstad 1666, na Batavia 1666.
1666 Petrus Wagtendorp, Kaapstad 1666, oorlede 15 Feb. 1667.
1667 Adrianus de Vooght, Kaapstad 1667, na Batavia 1674, oorlede 1674.
1674 Rudolphus Meerlandt, Kaapstad 1674, na Batavia 1676, oorlede 1699.
1676 Petrus Hulsenaar, Kaapstad 1676, oorlede 16 Des. 1677.
1678 Johannes Overnei, Kaapstad 1678, oorlede 4 Mei 1687.
1687 Johannes van Andel, Kaapstad 1687, na Batavia 1689, oorlede 4 Mei 1687.
1687 Johannes van Andel, Kaapstad 1687, na Batavia 1689, oorlede 1690.
1688 Pierre Simond, Drakenstein 1688, na Holland 1702.
1689 Leonardus Terwoldt, Kaapstad 1689, na Batavia 1693.
1694 Hercules van Loon, Kaapstad 1694, na Batavia 1695, Stellenbosch 1700, oorlede 26 Junie 1704.
1695 Petrus Kalden, Kaapstad 1695, na Holland 1708, Ceylon 1722—1737.
1702 Henricus Beck, Drakenstein 1702, Stellenbosch 1707, Kaapstad 1726, emeritus 1731, oorlede 1757.
1707 Engelbertus Franciscus le Boucq, Drakenstein 1707, na Batavia 1708, oorlede 1748.
1708 Johannes Godefridus d'Ailly, Kaapstad 1708, oorlede 1726.
1714 Petrus van Aken, Drakenstein 1714, oorlede 1724.
1723 Lambertus Slicher, Kaapstad 1723, Drakenstein 1725, oorlede 1730.

1729 Franciscus le Sueur, Kaapstad 1729, emeritus 1746, oorlede 1757.
1731 Johannes Wilhelmus Hersogenraad, Drakenstein 1731, oorlede 27 April 1736.
1732 Henricus Cock, Kaapstad 1732, na Holland 1742, oorlede 1777.
1732 Salomon van Echten, Stellenbosch 1732, Drakenstein 1738, na Holland 1753, oorlede 1771.
1738 Wilhelm van Gendt, Stellenbosch 1738, oorlede 14 Oktober 1744.
1743 Arnoldus Mauritius Meyring, Tulbach 1743, oorlede 1757.
1745 Rugter Andreas Weerman, Swartland 1745, na Batavia 1748.
1746 Ruardus Cloppenburg, Kaapstad 1746, na Holland 1748, oorlede 1751.
1746 Petrus van der Spuy, Kaapstad 1746, Drakenstein 1753, emeritus 1781, oorlede 1809.
1747 Eduard Arentz, Stellenbosch 1747, oorlede 1749.
1750 Christiaan Benjamin Voltelen, Swartland 1750, Kaapstad 1755, oorlede 25 Maart 1758.
1752 Henricus Kroonenburg, Kaapstad 1752, emeritus 1778, oorlede 24 April 1779.
1753 Johannes Appeldoorn, Stellenbosch 1753, oorlede 29 Sept., 1772.
1754 Gerhardus Croeser, Kaapstad 1754, Swartland 1755, oorlede 26 Mei 1770.
1752 Remmerus Harders, Tulbach 1757, emeritus 1775, oorlede 1807.
1758 Johannes Fredericus Bode, Kaapstad 1758, oorlede 29 Julie 1784.
1760 Johannes Petrus Serrurier, Kaapstad 1760, emeritus 1804, oorlede 3 Feb. 1819.
1774 Daniel Goldbach, Swartland 1774, oorlede 19 Maart 1783.
1777 Philippus Kuys, Stellenbosch 1777, oorlede 29 Jan. 1785.
1777 Johannes Abraham Kuys, Tulbach 1777, Kaapstad 1794, oorlede Jan. 1799.
1781 Christiaan Fleck, Kaapstad 1781, oorlede 25 Oktober 1820.
1784 Robert Nicolaas Aling, Drakenstein 1784, oorlede 24 April 1800.
1785 Meent Borcherds, Kaapstad 1785, Stellenbosch 1786, emeritus 1830, oorlede 28 Feb. 1832.
1786 Petrus Johannes van der Spuy, Swartland 1786, Drakenstein, 1806, oorlede 2 April 1807.
1786 Helperus Ritzema van Lier, Kaapstad 1786, emeritus 1793, oorlede 21 Maart 1793.
1792 Johann Heinrich von Manger, Graaff-Reinet 1792, Swellendam 1798, Kaapstad 1802, emeritus 1839, oorlede 2 Mei 1842.
1794 Michiel Christian Vos, Tulbach 1794 tot 1802, Swartland 1810, Caledon 1811, emeritus 1818, oorlede 26 Feb. 1825.
1798 Hendrik Willem Ballot, Graaff-Reinet 1798, Swellendam 1802, Tulbach 1803, oorlede 1814.
1803 Johannes Schütz, Swellendam 1803—1813, Graaff-Reinet 1815—1818.
1806 Johannes Jacobus Wicherer, Graaff-Reinet 1806, Tulbach 1815, oorlede 1825.
1810 Johann Wilhelm Ludwig Gebhardt, Drakenstein 1810, emeritus 1823, oorlede 12 Oktober 1825.
1811 Jacobus Scholtz, Swartland 1811, oorlede 9 Nov. 1827.
1813 Tobias Herhold, George 813, Drakenstein 1823, Stellenbosch 1813, oorlede 10 Desember 1857.

VROEËRE PREDIKANTE SEDERT 1853.

(Die eerste predikante onder die Voortrekkers was die Sendelinge Erasmus Smit en Daniël Lindley.)

1853 D. van der Hoff, Potchefstroom 1853, oorlede 1881.
1861 A. J. Begemann, Pretoria 1861, emeritus 1872, oorlede 1925.
1861 G. W. Smits, Rustenburg 1861, emeritus 1886, oorlede 1894.
1864 N. J. van Warmelo, Zoutpansberg 1864, Heidelberg 1868 (verenig 1885, oorlede 1892).
1864 P. A. C. van Heyningen (Lydenburg 1859) onder die Kerkverband van die Ned. Herv. Kerk 1864 (Kroonstad 1866, emeritus 1894, oorlede 1904).
1875 D. P. Ackerman, Wakkerstroom 1875 (verenig 1885, oorlede 1916).
1875 L. G. F. Biccard (Greytown 1861), Zoutpansberg 1875 (verenig 1885, oorlede 1900).
1876 J. C. de Vries (Hulpprediker Sutherland 1870, Du Toitspan 1873), Zeerust 1876 (Laingsburg 1884, emeritus 1894, oorlede 1906).
1876 H. S. Bosman, Pretoria 1876 (verenig 1885, emeritus 1926, oorlede 1933).
1883 C. W. du Toit (Hanover 1869, Pearston 1875, Kruisvallei 1876), Potchefstroom 1883, emeritus 1918, oorlede 1932.
1887 M. J. Goddefroy (Lage Zwaluwe 1887, Yselmonde 1880, Achlum 1882), Pretoria ca. 1887, Middelburg 1905, emeritus 1917, oorlede 1920).
1891 Jac. van Belkum (Varik 1877, Steenwijk 1882, Zierikzee 1889, Rustenburg 1891, Heidelberg 1903, emeritus 1927, oorlede 1933.
1895 A. Lagerwey (Ankeveen 1881, Helenaveen 1884, Hoogeloon 1886, Massluis 1889), Heidelberg c.a. 1895, oorlede 1898.
1896 C. Spoelstra (Zouterswoude 1894), Pretoria c. a. 1896 (Ned. Herv. Kerk verlaat 1897, Heino 1899, eervol ontslaan 1904, oorlede 1918).
1898 J. Beyer (Lemele 1881, IJselmuiden 1883, Hierden 1886, Harderwijk 1888, Emnes Binnen 1890), Zeerust 1898, Standerton 1899 (na Holland terug 1900, Beek 1902, Nuenen 1905, emeritus 1907, oorlede 1929).
1899 A. Murray (Standerton 1876, Jacobsdal, O.V.S., 1880), Ventersdorp 1899, Rustenburg 1904, emeritus 1921, oorlede 1930.
1904 L. E. Brandt (Niezijl 1901), Soutpansberg c.a. 1904, Johannesburg 1908, Vereeniging c. a. 1923, Kensington-Turffontein 1930, oorlede 1939.
1904 Prof. dr. P. J. Muller (Steenwijkerwold 1879, Wolsum 1882, Nijmegen 1884, Rotterdam 1888, Hoogleraar te Amsterdam 1890, Haarlem 1896), Pretoria 1904, emeritus 1909, oorlede 1922.
1905 F. S. du Toit (Nu-Methesda 1886, Hugenote-Gedenkskool 1899), Ventersdorp c.a. 1905, oorlede 1914.
1905 P. W. Ennis (Ermelo 1886), Klerksdorp 1905, emeritus 1928, oorlede 1932.
1907 P. W. van Drimmelen, Zeerust 1907, Pietersburg 1915, oorlede 1919.
1908 C. J. L. Ruysch van Dugteren (Oosterland 1904), Pretoria 1908, bediening neergelê 1911, oorlede 1918.
1908 K. T. van den Heever (Christiana 1899), Makwassie 1908, Ventersdorp 1915 (N.H. of G.K. 1915).
1909 J. J. Kuhn, Krugersdorp 1909, Lichtenburg 1913, Zwartruggens 1916, Germiston 1929, oorlede 1937.

1911 H. C. M. Fourie, Teol. Doct. Erasmus 1911, Johannesburg 1924, Groot Marico 1930, oorlede 1939.
1914 J. H. Greyvenstein, Teol. Dr. (Sutherland 1911), Pretoria 1914, Hoogleraar 1917, emeritus 1946.
1917 H. D. van Broekhuizen, Teol. Dr. (Pretoria 1898, Kuilsrivier 1902, Pretoria 1906), Pretoria 1917, eervol ontslaan 1925.
1918 A. J. Barger (Bovenmilde 1914), Johannesburg 1918, Middelburg 1919, Oos-Londen, oorlede 1940.
1921 G. E. Alers (Haulerwijk 1914, Monnikendam 1917), Germiston 1921, Lichtenburg 1923, Gwelo 1930, terug na Holland 1932.
1922 W. P. Poën (Hulpprediker Durban 1920), Pietersburg 1922, Potchefstroom 1926, oorlede 1937.
1925 A. R. Smit, Pietermaritzburg 1925, eervol ontslaan 1928, Ned. Herv. Kerk verlaat 1932.
1927 C. H. Rautenbach, Ph.D., Erasmus 1927, Pretoria 1930, Noordelike Pretoria 1934, Lektor 1939, afgetree 1946.
1932 J. J. Strydom, Teol. Dr., Zwartruggens 1932, eervol ontslaan 1934.
1930 P. J. Smit, Losberg 1930, Boksburg-Springs 1939, Springs-Benoni 1942, oorlede 1943.
1930 J. P. van den Berg, Waterberg 1930, Makwassie 1943, Bloemfontein 1937. Eervol ontslaan 1948.
1944 P. S. Dreyer, Pretoria (2de Pred. Witbank 1945). eervol ontslaan 1947. (Vir verdere studie na Nederland).
1937 J. J. Engelbrecht, Louis Trichardt 1937, Zwartruggens 1941, Oos-Londen 1946. Eervol ontslaan 1948.

DIENSDOENDE PREDIKANTE OP 31 OKTOBER 1949.

1909 J. J. Prinsloo, Trichardtfontein 1909, Bethal 1915, Standerton 1919, Krugersdorp 1920, Rustenburg 1922, Krugersdorp-Wes 1942, Trichardsfontein 1946.
1914 S. J. Strydom, Krugersdorp 1914, Makwassie 1919, eervol ontslaan 1928, Gwelo c.s. 1940.
1915 S. Vermooten, Zeerust 1915, Potchefstroom 1919, Pretoria 1926, Pretoria-Noord 1949.
1920 D. F. Erasmus (Pietermaritzburg 1918), Ventersdorp 1920.
1921 P. J. J. Venter, Lichtenburg 1921, Delarey 1923, Zeerust 1927, Johannesburg 1929, Klerksdorp 1930, Makwassie 1944, Roodepoort 1949.
1922 P. S. Grobler, B.A., B.D., Krugersdorp 1922, bediening neergelê 1941, Kensington 1943.
1924 A. J. G. Oosthuizen, B.A. B.D., Germiston 1924, Heidelberg 1928, Noordelike Pretoria 1941.
1924 T. F. J. Dreyer, B.A., B.D., Standerton 1924, Heidelberg 1941.
1924 J. G. M. Dreyer. B.A., B.D., Lydenburg c.a. 1924, Emrelo c.a. 1928, Potchefstroom 1938.
1928 M. M. Grobler, B.A., B.D., Brakpan 1928, Eendracht 1944, Wolmaransstad 1949.
1929 P. W. Venter, M.A., B.D., Volksrust 1929, Durban 1935, Brits 1937, Krugersdorp 1941, Klerksdorp 1946.
1930 E. S. Mulder, B.A., B.D., Zwartruggens 1930, Bronkhorstspruit 1931, Springs 1944, Pretoria 1949.
1930 J. J. Prinsloo, G. sn., B.A., B.D., Johannesburg 1930, Brakpan 1944.
1931 W. F. H. Huyzers, B.A., B.D., Vereeniging 1931, eervol ontslaan 1938, Durban 1939, Boksburg 1942, Krugersdorp 1946.

1932 W. J. Kemp, B.A., B.D., Louis Trichardt 1932, Waterberg 1935, Noord-Westelike Pretoria 1946.
1932 F. J. Z. Booysen, B.A., B.D., Trichardtsfontein 1932, Wolmaransstad 1935, Witbank 1937, Roodepoort 1945, Krugersdorp-Wes, 1949.
1932 A. Ras, B.A., B.D., Dullstroom c.a. 1932, Volksrust 1936, Vereeniging 1938.
1933 S. P. J. J. van Rensburg, B.A., B.D., Eendracht 1933, Randpoort 1942, Potchefstroom 1947, Potchefstroom-Noord 1948.
1934 J. D. Storm, B.A., B.D., Zwartruggens 1934, Wolmaransstad 1938, Bronkhorstspruit 1947.
1934 C. S. v. H. Steenekamp, B.A., B.D., Lichtenburg 1934, Zeerust 1936, Johannesburg Noord 1938, Windhoek 1938, N. W. Pretoria 1939, Rustenburg 1942.
1934 G. C. Coetzee, B.A., B.D., Delarey c.a. 1934, Lichtenburg 1936, P.P. Rust 1944.
1935 L. M. le Roux, B.A., B.D., Trichardtsfontein 1935, Ermelo 1938, Turffontein 1943, Witbank 1948.
1936 D. J. van Staden, B.A., B.D., Newlands c.a. 1936, eervol ontslaan 1936, Delarey 1938, Randpoort 1940, Lydenburg c.s. 1941, Oos-Afrika 1948.
1936 G. P. J. Grobler, B.A., B.D., Potgietersrust c.a. 1936, Ermelo 1943, Boksburg 1946.
1936 A. Brandt, B.A., B.D., Oos-Afrika, Memel en Glencoe 1940, Bethal 1941, Kaapstad 1945.
1937 S. P. Viljoen, B.A., B.D., Durban c.a. 1937, Zeerust 1939, Brixton 1944.
1937 P. J. L. Bierman, B.A., B.D., Gwelo c.a. 1937, Dullstroom c.a. 1939, Oos-Londen 1940, Heilbron 1946, Johannesburg 1948.
1937 W. M. Wolmarans, B.A., B.D., Dullstroom 1937, Trichardtsfontein 1939, Brits 1942.
1937 J. C. du Plessis, B.A., B.D., Germiston 1937.
1938 P. W. A. Bierman, B.A., B.D., Makwassie 1938, Losberg 1940 Pietersburg 1945.
1938 C. H. Muller, B.A., B.D., Pietersburg 1938, Groot Marico 1941, Delmas 1945.
1938 A. J. Nolte, B.A., B.D., Middelburg 1938, Johannesburg-Wes 1941.
1938 P. J. Booysen, B.A., B.D., Zwartruggens 1938, Turffontein 1940, Middelburg 1942.
1939 W. van Bergen, Th.C., Volksrust 1939, Bethal 1945, Villieria 1949.
1939 F. J. van Zyl, B.A., B.D., Johannesburg 1939, Standerton 1941, Lydenburg 1948, Springs 1949.
1939 W. H. Grey, B.A., B.D., Newlands 1939.
1941 J. P. Labuschagne, B.A., B.D., Makwassie 1941, Durban 1943.
1941 H. J. Geyser, B.A., B.D., Roodepoort 1941, Lichtenburg 1945.
1942 G. J. J. Roos, B.A., B.D., Pietersburg 1942, Bronkhorstspruit 1944, Primrose 1946, Bloemfontein 1948.
1943 W. J. Roos, B.A., B.D., Nrd. Westel. Pretoria 1943. Johannesburg 1944, Ermelo 1947.
1944 J. A. Smit, B.A., B.D., Trichardtsfontein 1944, Delarey 1945, Turffontein 1948.
1944 P. M. Smith, B.A., B.D., Bloemhof 1944, Dordrecht 1946, Oost-Londen 1949.
1944 A. J. van Staden, B.A., B.D., Pretoria-Noord 1944, Marikana 1948.
1944 S. E. Young, B.A., B.D., Van der Hoff 1944, Zeerust 1947.
1945 D. B. Snyman, B.A., B.D., Dullstroom 1945, Waterberg 1947.

1946 J. D. H. Smit, B.A., B.D., Volksrust 1946, Alberton 1949.
1946 W. P. van der Merwe, B.A., B.D., Parys 1946.
1946 P. A. R. C. van Wyk, B.A., B.D., Vliegepoort, 1946, Belfast 1948.
1947 N. J. van Schalkwyk, B.A., B.D., Benoni 1947, Bloemhof c.a. 1949.
1947 T. F. Dreyer, B.A., B.D., Pretoria-Wes 1947.
1947 T. N. H. Janson, B.A., B.D., Losberg 1947.
1947 F. van Oosten, Th.C., Zwartruggens 1947.
1948 W. J. Engelbrecht, B.A., B.D., Groot Marico 1948.
1948 H. M. E. Dreyer, B.A., B.D., Florida 1948, Standerton 1949.
1948 J. H. van Staden, Zuurfontein 1948.
1949 C. G. Botha, B.A., B.D., Laeveld 1949.
1949 G. J. van Jaarsveld, B.A., B.D., Randpoort 1949.
1949 J. J. Joubert, B.A., B.D., Vliegepoort 1949.
1949 C. van Niekerk, B.A., B.D., Primrose 1949.
1949 D. J. du Toit, B.A., B.D., Heilbron 1949.
1949 J. P. B. Venter, B.A., B.D., Louis Trichardt 1949.
1949 P. G. Geertsema, Benoni 1949.

Ds. P. S. Dreyer en die proponente B. J. Engelbrecht, P. J. Koekemoer en J. A. Stoop is vir verdere studie in Nederland aan die Rijksuniversiteit te Groningen, Utrecht en Leiden.

DIE TEOLOGIESE FAKULTEIT AAN DIE UNIVERSITEIT PRETORIA — AFDELING A. (Nederduits Hervormde Kerk).

Professore en Lektore:

Professor Dr. S. P. Engelbrecht, Hoogleraar 1921.
Professor Dr. B. Gemser (Lutjegast 1917) Hoogleraar 1926.
Professor Dr. H. P. Wolmarans, M.A., Zeerust 1922, Pietersburg 1927, Boksburg 1937, Lektor 1935. Hoogleraar 1938.
Professor Dr. A. S. Geyser, M.A., Heilbron en Parys 1941, Noord Westelike Pretoria 1944, Hoogleraar 1946.
Professor Dr. A. van Selms (Hansweert 1930, Culemborg 1935) Lektor 1938.

STUDENTE 1949

Sesde Jaar:

C. L. v. d. Berg B.A., H. M. J. Kramer, Th.C., J. H. Naude, B.A., A. D. Pont B.A., P. S. van Staden, B.A., J. A. P. van Tonder, B.A.

Vyfde Jaar:

J. I. de Wet, B.A., J. M. Labuschagne, B.A., J. P. Oberholzer, B.A., B. J. van der Merwe, B.A., C. J. van Schalkwyk, B.A., J. A. Viljoen, B.A.

Vierde Jaar:

F. J. Engelbrecht, J. M. Fourie, M. S. Grobler, N. M. S. Heyneke, P. T. Jacobs, J. S. Marais, S. J. Prins, J. J. Smit.

Derde Jaar:

A. D. Botha, R. P. Botha, F. J. H. Buitendag, N. H. Buitenweg, D. J. Dreyer, N. Dreyer, J. A. Jacobs, J. C. Kruger, C. J. Labuschagné, F. du C. Labuschagne, J. C. de Lange, M. J. Louw, C. J. Mans, J. F. Mouton, M. J. J. Redelinghuys, C. J. Smit, S. J. Swanepoel, J. A. Swanepoel, C. P. Taljaard, P. L. van Jaarsveld, J. B. J. van Rensburg, M. J. van Schalkwyk, B. J. van Staden, J. L. van Staden, P. A. Venter, H. R. Visser, M. Zwaan.

STATISTIEK VAN GEMEENTES.
RINGS INDELING.

Daar is 137 Gemeentes verdeel onder agt Ringe, naamlik:—

	Gemeentes	*Lidmate*
Ring van Potchefstroom	22	9,024
Ring van Rustenburg	21	11,849
Ring van Pretoria	19	7,909
Ring van Heidelberg	22	10,694
Ring van Zeerust	18	9,641
Ring van Trichardtsfontein	17	9,631
Ring van Rhodesië (met 7 onderafdelings)	11	767
Ring van Suidwes-Afrika	5	468
Gemeentes buite Ringsverband (met 6 onderafdelings) onder toesig van die Algemene Kerkvergadering	2	378
TOTAAL	137	60,361

RING VAN POTCHEFSTROOM.

Gemeentes: Potchefstroom, Klerksdorp, Venterskroon, Maquassi, Wolmaransstad, Heilbron, Vereeniging, Bloemhof, Losberg, Parys, Bothaville, Christiana, Bloemfontein, Ottosdal, Petrusburg, Vaalhartz, Kaapstad, Wonderfontein, Kroonstad, Ennis, Leeuwdoornsstad, Potchefstroom-Noord.

Ringskommissie:
Voorsitter: Ds. J. G. M. Dreyer.
Vise-Voorsitter: Ds. P. W. Venter.
Scriba: Ds. Abr. Ras.
Vise-Scriba: Ds. S. P. J. J. van Rensburg.
Ouderlinge: P. W. du Preez, L. J. Fouche, C. Swart.
Sekundi: F. P. Smit, C. G. van Vuuren, S. v. d. Merwe.

POTCHEFSTROOM.

Gestig 1842.

Sieletal: 1,841. Ledetal: 1,030. Aangeneem: 72. Gedoop: 70. Pare getroud: 37. Oorgekom met Attestasie: 6. Vertrek met Attestasie: 57. Oorgekom van ander Kerke: 28. Vertrek met bew. Lidmaatskap: 30.

Predikant: Ds. Joh. Dreyer, B.A., B.D., Bergstraat 77, Potchefstroom.
Konsulent (1*ste*): Ds. A. Brandt.
Konsulent (2*de*): Ds. Abr. Ras.
Scriba: G. Fleischack, Bus 64, Potchefstroom.
Scriba vir Registrasie: P. J. Raubenheimer, Posbus 233, Potchefstroom.
Kassier: W. Ockerse, Stadsaal, Potchefstroom.
Superintendent van Sondagskole: A. S. du Toit, Retiefstraat 40, Potchefstroom.
Orrelis: Mevr. S. Foster.
Koster: Oudl. D. Erasmus.
Voorleser: Ouderlinge om die beurt.
Ouderlinge: J. J. Pienaar, P. W. du Preez, W. W. Dreyer, F. H. Bodenstein, J. J. Heyneke, J. N. Grey, W. du Toit, A. J. P. le Roux, P. Liebenberg, D. J. Erasmus, I. M. van Rooyen, Jan du Preez, J. J. Wilken, J. P. L. Grimbeek, J. L. du Preez, P. J. Fourie, J. P. Prinsloo, J. J. Foster, E. Terblanche, J. J. Joubert, D. S. L. de Bruyn, J. N. Steyn, D. A. Viljoen, P. Pienaar.
Diakens: H. J. Klopper, Louw Pretorius, G. P. J. Labuschagne, J. van Rooyen, J. F. du Toit, E. R. Grimbeek, M. Badenhorst, K. N. Grobler, J. A. du Toit, J. L. Pretorius, S. Fourie, B. v. d. Merwe, S. Kuhn, C. v. d. Merwe, J. J. Bezuidenhout, F. P. Smit, W. Kluyts, J. Pienaar, P. Viljoen, L. Nortje, D. van Vuuren, H. M. Muller, P. Pienaar (H./seun) P. C. Steinman.

KLERKSDORP.

(Gestig 1866)

Sieletal: 2,300. Ledetal: 1,225. Aangeneem: 70. Gedoop: 125. Pare getroud: 35. Oorgekom met Attestasie: 18. Vertrek met Attestasie: 26. Oorgekom van ander Kerke: 26. Vertrek met bew. Lidmaatskap: 13.

Predikant: Ds. P. W. Venter, Elandsheuwelstraat 23.
Konsulent (1*ste*): Ds. Joh. Dreyer.
Scriba/Kassier: J. P. Jonker, Joostestraat 19, Klerksdorp.
Scriba vir Registrasie: D. P. Pienaar, Uniestraat, Klerksdorp.
Superintendent van Sondagskole: J. P. Jonker, Joostestraat 19.
Orrelis: Mej. E. Ennis.
Koster: Br. W. J. P. van Tonder.
Ouderlinge: D. J. Terblanche, P. F. Visser, J. D. Nell, J. P. Jonker (P.-Seun), J. P. Jonker (J.-Seun), S. I. J. van Vuuren, A. A. Pienaar, C. F. Swart, H. P. J. van Vuuren, J. F. Greyling, G. J. Niemand, G. N. Pieterse, F. H. Jonker, I. B. Pieterse, G. J. Hattingh, A. J. van Zyl, S. F. Marais, G. Nel, J. J. Hurter, R. M. Esterhuizen, H. J. de la Rey, C. G. J. Delaport, C. J. Coertze.
Diakens: S. C. de Kock, F. J. Nepgen, G. S. Botes, G. N. Hamman, D. G. Jacobsz, C. R. du Plessis, H. C. Marais, N. J. J. Nel, H. N. Jonker, J. A. Jonker, N. J. Botes, Cor. J. Jooste, J. J. Pienaar, C. F. Claassens, J. A. van Vuuren, J. Schoeman, C. S. Jacobs, W. Venter, G. A. Engelbrecht, J. C. Marais, H. N. Pieterse, D. P. Pienaar, P. Meintjes.

VENTERSKROON.

(Gestig 1888)

Sieletal: 290. Ledetal: 153. Aangeneem: 4. Gedoop: 11. Oorgekom met Attestasie: 2. Vertrek met Attestasie: 4. Oorgekom van ander Kerke: 1. Vertrek met bew. Lidmaatskap: 3.

Predikant: W. P. v. d. Merwe, B.A., B.D., Parys, O.V.S.
Konsulent (1*ste*): Ds. S. P. J. J. van Rensburg, Kolbestraat 10a, Potchefstroom.
Konsulent (2*de*): Ds. A. Ras, Vereeniging.
Scriba: W. H. Barnard, Eigenaarsfontein, Pk. Losberg.
Kassier: G. C. J. van Vuuren, Buffelshoek, Pk. Koedoesfontein, oor Parys, O.V.S.
Superintendent van Sondagskole: Die Scriba.
Orrelis: Baba Hattingh.
Koster: P. A. Hattingh.
Voorleser: 'n Ouderling.
Ouderlinge: G. C. J. van Vuuren, J. J. Kruger, L. M. Pretorius, D. F. Kruger, G. C. Koster,, H. C. Barnard.
Diakens: P. A. Hattingh, W. H. Barnard, W. P. Coetzer, L. J. du Plessis, H. M. J. van Vuuren, J. D. J. van Vuuren.

MAKWASSIE.

(Gestig 1889)

Sieletal: 626. Ledetal: 350. Aangeneem: 17. Gedoop: 26. Pare getroud: 11. Vertrek met Attestasie: 21. Oorgekom van ander Kerke: 9. Vertrek met bew. Lidmaatskap: 21.

Konsulent: N. J. van Schalkwyk.

Scriba/Kassier: A. V. Bergh, Pk. Bosmansrust, oor Leeuwdoornsstad.
Scriba vir Registrasie: A. V. Bergh.
Superintendent van Sondagskole: Oudl. M. Smit.
Koster: B. Kroukamp.
Voorleser: 'n Ouderling.
Ouderlinge: W. van Rensburg, J. F. J. van Rensburg, M. Smit, G. du Toit, B. Kroukamp, J. Botes.
Diakens: C. Lindenberg, A. Brits, W. Ruthven, E. de Beer, S. van Rensburg, F. Jonker, M. J. Rossouw.

WOLMARANSSTAD.

(Gestig 1892)

Sieletal: 1,111. Ledetal: 625. Aangeneem: 33. Gedoop: 35. Pare getroud: 20. Oorgekom met Attestasie: 5. Vertrek met Attestasie: 23. Oorgekom van ander Kerke: 4.
Predikant: Ds. M. M. Grobler.
Konsulent: Ds. Joh. Dreyer.
Scriba: L. J. Fouche, Rooibult, Bus 96, Wolmaransstad.
Scriba vir Registrasie: L. J. Fouche, Bus 96, Wolmaransstad.
Kassier: M. J. van Vuuren, Welverdiend, Bus 146, Wolmaransstad.
Superintendent van Sondagskole: Oudl. G. S. Rossouw, Syfergat, Wolmaransstad.
Orrelis: Mevr. Grobler.
Koster: Tobie Nel.
Voorleser: L. J. Fouche.
Ouderlinge: G. S. Rossouw, G. P. Rossouw, J. P. Koekoemoer, B. C. Koekemoer, G. Barnard, D. A. Renke, C. J. van Vuuren, A. J. Kotze, M. J. Cloete, J. J. Peens, Jan Visser, L. J. Fouche.
Diakens: G. A. Nel, G. P. Visser, P. B. van Nieuwenhuizen, A. J. van Eeden, P. J. Rossouw, N. J. Jooste, D. J. v. d. Merwe, H. D. Kotze, M. Wessels, M. J. van Vuuren, B. J. Badenhorst.

HEILBRON.

(Gestig 1911)

Sieletal: 456. Ledetal: 258. Aangeneem: 10. Gedoop: 13. Pare getroud: 1. Oorgekom met Attestasie: 2. Vertrek met Attestasie: 7. Oorgekom van ander Kerke: 10. Vertrek met bew. Lidmaatskap: 3.
Predikant: Ds. D. J. A. G. du Toit.
Konsulent (1*ste*): J. G. M. Dreyer.
Konsulent (2*de*): W. P. v. d. Merwe.
Scriba/Kassier: P. F. Smit, Posbus 86, Heilbron.
Scriba vir Registrasie: P. F. Smit, Posbus 86, Heilbron.
Superintedent van Sondagskole: Mevr. Marie Smit.
Orrelis: Mevr. Marie Smit.
Koster: J. F. Mouton.
Voorleser: Ouderling om die beurt.
Ouderlinge: J. A. Smit, P. F. Smit, J. B. Habig, G. Greyling, J. H. A. Roets, T. Volschenk, J. F. Mouton.
Diakens: J. D. Weilbach, C. W. van Coller, F. Potgieter, F. Oosthuizen, M. C. Strydom, L. N. Strydom, F. du Toit, J. A. v. d. Merwe, C. A. Labuschagne.

VEREENIGING.

(Gestig 1913)

Sieletal: 3,019. Ledetal: 1,547. Aangeneem: 88. Gedoop: 119. Pare getroud: 24. Oorgekom met Attestasie: 38. Vertrek met Attestasie: 22. Oorgekom van ander Kerke: 30. Vertrek met bew. Lidmaatskap: 16.

Predikant: Ds. Abr. Ras, Posbus 210, Vereeniging. Telefoon 325.
Konsulent (1*ste*): Ds. J. G. M. Dreyer.
Konsulent (2*de*): Ds. W. P. v. d. Merwe.
Scriba: J. C. v. d. Merwe, Posbus 68, Vereeniging. Telefoon 460 9 vm. — 5 nm.
Scriba vir Registrasie: J. C. v. d. Merwe, Posbus 68, Vereeniging.
Kassier: Ds. Abr. Ras, Posbus 210, Vereeniging.
Superintendent van Sondagskole: Oudl. H. J. Visser. Telefoon 93 (9 vm.—3 nm.).
Orrelis: W. Mathlener.
Koster: A. Lindeque.
Voorleser: 'n Ouderling.
Ouderlinge: W. G. Bester, S. J. Blignaut, F. N. J. Bloem, P. H. Botha, A. J. Brits, S. W. Burger, F. J. Cronje, J. H. Denyschen, F. J. C. de Bruyn, W. H. K. de Jager, J. M. Fourie, P. D. Jacobs, J. H. Klopper, H. L. Koekemoer, J. E. Kotze, D. J. Kruger, J. P. Pretorius, J. C. Liebenberg, G. J. Lindeque, S. I. W. Marx, J. F. Otto, J. P. Pretorius (P.-Seun), J. W. Steenkamp, W. J. v. d. Merwe, S. I. W. v. d. Merwe, H. J. Visser, L. C. J. van Vuuren, J. G. Zagt.
